



Wes-Kaapse
Regering

Maatskaplike Ontwikkeling

Jaarverslag 2019/20



**Western Cape
Government**

Social Development

BETTER TOGETHER.

**Wes-Kaapse Departement van
Maatskaplike Ontwikkeling
(Begrotingspos 07)
Jaarverslag
2019/2020-boekjaar**

Vrywaring

- Die Engelse weergawe van hierdie Jaarverslag word as die amptelike weergawe beskou. Die Afrikaanse en IsiXhosa-vertalings van hierdie publikasie is op aanvraag beskikbaar.
- Die departement kan nie aanspreeklik gehou word vir enige wanvertolking wat tydens die vertaalproses voorgekom het nie.
- In die geval dat daar foutief vertaal is, sal die Engelse weergawe steeds as die bronteks voorrang geniet.
- Hierdie jaarverslag is saamgestel deur die Hoofdirekoraat: Besigheidsbeplanning en -strategie, Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Inhoud

Deel A: Algemene inligting	5
1. Algemene inligting van die departement.....	5
2. Afkortings en akronieme	6
3. Voorwoord deur die Minister.....	8
4. Verslag van die rekenpligtige beampte.....	10
5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die Jaarverslag.....	23
6. Strategiese oorsig.....	24
6.1 Visie.....	24
6.2 Missie.....	24
6.3 Waardes.....	24
7. Wetgewende en ander mandate.....	Error! Bookmark not defined.
7.1 Grondwetlike mandate	25
7.2 Wetgewende mandate.....	25
7.3 Kernfunksies van die departement.....	28
7.4 Berleidsmandate.....	28
7.5 Tersaaklike hofuitsprake	32
8. Organisoriese struktuur.....	33
9. Instellings wat aan die minister/LUR verslag doen	33
Deel B: Prestasie-inligting	34
1. Verslag van Ouditeur-generaal: Voorafbepaalde doelwitte.....	34
2. Oorsig van departementele prestasie.....	34
2.1 Diensleweringomgewing	34
2.2 Program vir verbetering van dienslewering	37
2.3 Organisoriese omgewing	65
2.4 Sleutel- beleidsontwikkelings- en wetswysigings	66
3. Strategiese uitkoms-gebaseerde doelwitte.....	67
4. Prestasie-inligting per program	71
4.1 Program 1: Administrasie.....	71
4.2 Program 2: Maatskaplike welsynsdienst.....	74
4.3 Program 3: Kinders en gesinne.....	81
4.4 Program 4: Herstellende diens	92
4.5 Program 5: Ontwikkeling en navorsing	99
5. Oordragbetalings	108
5.1 Oordragbetalings aan staatsinstellings.....	108
5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies buiten staatsinstellings.....	108
6. Voorwaardelike toelaes.....	108
6.1 Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse betaal.....	108
6.2 Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse ontvang.....	108
7. Skenkerfondse.....	111
8. Kapitaalbeleggings.....	111
8.1 Kapitaalbeleggings, instandhouding en batebestuursplan	111
Deel C: Staatsbestuur	114
1. Inleiding.....	114

2.	Risikobestuur.....	114
3.	Bedrog en korrupsie.....	116
4.	Vermindering van belangebotsing.....	117
5.	Gedragkode.....	119
6.	Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies.....	119
7.	Portefeuljekomitees	121
8.	Resolusies van Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR)	125
9.	Vorige wysigings aan ouditverslae (2019/20)	126
10.	Interne beheereenheid.....	127
11.	Interne oudit en ouditkomitees.....	128
12.	Verslag van ouditkomitee.....	129
13.	Prestasie-inligting oor voldoening aan BBSEB.....	131
Deel D: Menslikehulpbronbestuur		132
1.	Inleiding.....	132
2.	Stand van mensebestuur in die departement.....	132
2.1	Departementele werkmagbeplanning	132
2.2	Werknemerprestasiebestuur	132
2.3	Werknemerwelstand.....	133
2.4	Monitering van mensebestuur	133
3.	Oorsigstatistiek oor mensebestuur	133
3.1	Personeeverwante besteding.....	133
3.2	Indiensneming en vakatures.....	136
3.3	Posevaluering.....	137
3.4	Veranderinge in indiensneming.....	139
3.5	Diensbillikheid.....	143
3.6	Ondertekening van prestasie-ooreenkomste deur SBD-lede.....	149
3.7	Vul van SBD-poste.....	150
3.8	Werknemersprestasie.....	151
3.9	Buitelandse werkers	155
3.10	Verlofbenutting vir die tydperk 1 Januarie 2019 tot 31 Desember 2019	156
3.11	Programme vir gesondheidsbevordering, insluitend MIV en Vigs.....	159
3.12	Arbeidsbetrekkinge.....	162
3.13	Vaardigheidsontwikkeling.....	164
3.14	Beserings aan diens	Error! Bookmark not defined.
3.15	Benutting van konsultante	167
Deel E: Finansiële inligting		168
14.	Verslag van die Ouditeur-generaal.....	Error! Bookmark not defined.
Bylaes tot die 2019/20-jaarverslag		Error! Bookmark not defined.
Bylae A:	Oordragbetalings van alle organisasies buiten staatsinstellings	169
Bylae B:	Kontakbesonderhede	169

Deel A: Algemene inligting

1. Algemene inligting van die departement

Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

Fisiese adres: Koningin Victoriastraat 14
Kaapstad 8001

Posadres: Privaatsak X9112
Kaapstad 8000

Rig navrae oor hierdie dokument aan:

E-pos: DSDBusinessPlanning@westerncape.gov.za

Tel: (+27)21-483 5121

Tolvry nommer: 0800 220 250

Webtuiste: <http://www.westerncape.gov.za>

PR **259/2020**

ISBN: **978-0-621-48683-4**

Titel van publikasie: Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
(Begrotingspos 07) Jaarverslag 2019/2020

2. Afkortings en akronieme

Akroniem	Verklaring
TKBO	Toegewyde Kinderbeskermingsorganisasie
BBSEB	Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging
BPAI	Bestuursprestasië-assesseringsinstrument
BRS	Basiese Rekeningkundige Stelsel
BVP	Besigheidvoortsettingsplan
DH	Departementshoof
DLA	Diensleweringarea
DSDA	Departement van die Staatsdiens en -Administrasie
DvdP	Departement van die Premier
DvG	Departement van Gesondheid
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
DVOW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
GBG	Geslagsgebaseerde Geweld
GBGBS	Geslagsgebaseerdegewelddbestuursentrum
GBO	Gemeenskap-gebaseerde Organisasie(s)
GGBSMO	Geïntegreerde Gevallebestuurstelsel vir Maatskaplike Ontwikkeling
GVOS	Gemeenskapvoeding en -ontwikkelingsentrum
HD	Hoofdirekteur
IJM	In-jaar Monitering
IKB	Institusionele Kapasiteitsbou
IKT	Inligting- en Kommunikasietegnologie
IT	Inligtingstegnologie
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
KBO	Kinderbeskermingsorganisasie
KBOV	Korporatiewe Bestuursoorsig en -vooruitskouing
KDS	Korporatiewediensentrum
KJSS	Kinder- en Jeugsorgsentrum
KSB	Kindersorg en -beskerming
KVV	Kwartaallikse Vorderingsverslag/-verslae
LUR	Lid van die Uitvoerende Raad
M&E	Monitering en Evaluering
MBT	MIV/Vigs-Berading en Toetsing
MHW	Maatskaplike Hulpwerkers
MTBR	Mediumtermynbestedingsraamwerk
MTSR	Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk

Akroniem	Verklaring
MW	Maatskaplike Werker(s)
NDMO	Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
NIOO	Nie in diens, onderwys en/of opleiding
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NSS	Naskoolsorg
NVG	Nasionale Vervolgingsgesag
OBO	Oordragbetalingsooreenkoms
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBKO	Ondernemingsrisikobestuurskomitee
OSW	Organisasie sonder Winsoogmerk
PBT	Persoonlike Beskermende Toerusting
PKGF	Provinsiale Kinder- en Gesinsforum
PSD	Provinsiale Strategiese Doelwitte
PT	Provinsiale Tesourie
RBS	Rekenpligtigebeampstestelsel
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie diens
SASSA	Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekuriteitsagentskap
SBD	Senior bestuursdiens
SBP	Standaardbedryfsprosedure
SBP	Slagofferbemaagtigingsprogram
Stats SA	Statistieke Suid-Afrika
SVD	Sentrale Verskaffersdatabasis
UOWP	Uitgebreide Openbare werkeprogram
VGP	Visie-gedrewe Prioriteit
VKB	Verskaffingskettingbestuur
VKO	Vroeë kinderontwikkeling
VOIP	Voice Over Internet Protocol (Stem oor Internet Protokol)
VvW	Vergoeding van Werknemers
VWBSD	Vergoedingswerk buite Staatsdiens
WBGV	Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid
WGW	Werknemergesondheid en -welstand
WKDMO	Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
WKR	Wes-Kaapse Regering
WKVD	Wes-Kaapse Verskaffersdatabasis
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur

3. Voorwoord deur die Minister

Me. S.G. Fernandez

Provinsiale Minister: Maatskaplike Ontwikkeling



Dis vir my, as die Wes-Kaapse Minister van Maatskaplike Ontwikkeling, 'n eer om hierdie departement te lei in ons strewe om doeltreffende diens volgens ons grondwetlike, wetgewende en verkiesingsmandate te lewer.

Die werk wat in die afgelope verslagtydperk deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DMO) uitgevoer is, is in lyn met ons visie-gedrewe prioriteite) (VGP's), wat 'n stel diensleweringsdoelwitte vir die tydperk 2019–2025 daargestel het.

VGP 1 en VGP 3 is sleutelfokusareas vir die DMO.

VGP1: Die bou van veiliger en samehorige gemeenskappe vereis dat ons onstabiele gesinne en families regoor die hele provinsie identifiseer en ondersteun. Disfunksionele gesinne verwys na gesinne waar huishoudelike geweld, middelmisbruik, kinderverwaarloosing en –verlating voorkom, wat alles sleuteldeterminante vir hoë vlakke van misdaad is. Dit behels onder andere dat ons:

- **Gesinne se veerkragtigheid teenoor geweld versterk:** Die behoud van gesinseenheid is krities belangrik om die gesondheid en funksionaliteit van kinders en gemeenskappe te verbeter en help veiliger gemeenskappe bou. Dienste in hierdie verband sluit dienste in wat gesins- en geslagsgebaseerde geweld takel, gesinsberading en –bemiddeling en dwelmbehandeling.
- **Die veerkragtigheid van hoërisiko-jeugdige versterk:** Ons glo dat die identifisering en doeltreffende hantering van alledaagse uitdagings van jong mense, en veral dié jeugdige met sosiaal minder aanvaarbare gedrag wat in 'n hoërisikogroep val, die geweld in geteikende gebiede in die Wes-Kaap sal laat afneem. Die, DMO wil so ver as moontlik die hindernisse wat jeugontwikkeling strem en jong mense op 'n pad na selfvernietiging plaas, uit die weg ruim; trouens, die departement wil graag die alle jong mense versterk en bemagtig. Ons sal in vennootskap met ander regerings-departemente werk om die risikogroep jeugdige wat in geweld-geteisterde gemeenskappe woon, te identifiseer, te assesser en vir gespesialiseerde intervensies te verwys.
- **Op geslagsgebaseerde geweld (GBG) fokus:** As die Wes-Kaapse Minister getaak met GBG, het ek op 11 Desember 2019 'n veldtog van 365 Dae van Aktiwisme teen geweld teen vroue en kinders van stapel gestuur. Die doel van dié veldtog is om belanghebbendes die geleentheid te bied om betrokke te raak en deel te neem aan die formulering van 'n aksieplan om GBG in die Provinsie te takel en aanbevelings te maak om die response op GBG te versterk. Ek glo dat ons 'n breër begrip en vertolking van GBG. GBG kan nie ooreenvoudig word as slegs geweld teen vroue nie. Vroue en mans is slagoffers van geweld en ons moet programme opstel en gebruik wat dienste en ondersteuning aan manlike slagoffers bied, en ook op jong seuns en die gebruikers van geweld gemik is. Ons verstewig ons benadering tot GBG met die vestiging van 'n GBG-kantoor in die Ministerie.

VGP 3: Mense bemagtig, VGP3 vereis van ons as 'n departement dat ons ondersteuningsdienste bied en waar nodig, die armes en kwesbares beskerm. Ons moet hulle ondersteun om ekonomies selfonderhoudend en onafhanklik te word, met positiewe gesins-persoonlike en sosiale verhoudings en die vermoë om aktiewe deelnemers in hulle gemeenskappe en die breër Suid-Afrikaanse samelewing te word.

In hierdie verband het ons die taak en verantwoordelikheid om te verseker dat:

- Maatskaplikewerkdienste geredelik beskikbaar is om bystand te verleen waar kinders risikogedrag toon of deur trauma geraak word.
- Vroeëkinderonwikkelingsprogramme geïmplementeer word, en veral dan in ons armste en mees kwesbare gemeenskappe.
- Ons bied die nodige beskerming en geleenthede aan mense met gestremdhede bied, en terselfdertyd hulle vermoë erken om aktiewe bepalers van hulle welsyn en ontwikkeling te wees.
- Behandeling en tersaaklike intervensies vir middelmisbruik beskikbaar is.

Ons as departement het reeds groot vordering gemaak op die terrein van middelmisbruik, en ek en die voorsitter van die Wes-Kaapse Middelmisbruikforum is na die Wêreldfederasie teen Dwelms in Maart 2020 genooi om 'n bydrae te lewer tydens die 63^{ste} Verenigde Nasies Kommissie oor Dwelms (United Nations Commission on Narcotic Drugs). Die voorsitter van die Wes-Kaapse Middelmisbruikforum en slegs een ander Suid-Afrikaanse nieregeringsorganisasie is genooi om 'n voordrag te lewer.

Maatskaplike euwels vernietig gesinne en veroorsaak blywende emosionele lyding en trauma. As departement is ons terdeë bewus van die noodsaaklikheid om hierdie kritieke situasie behoorlik te takel en ons wend baie pogings aan om hierdie doelwit te bereik wat as een van die doelwitte van die Wes-Kaapse Regering se Veiligheidsplan is.

Terwyl ek nou hier skryf, is ons midde-in die Covid-19-pandemie, wat ons dwing om te herbesin oor die maniere waarop die DMO te werk gaan om die vele uitdagings wat hierdie pandemie teweegbring, in 'n uiters beperkende ekonomiese omgewing die hoof te bied.

Ek is baie dankbaar teenoor ons OSW-vennote en die hele burgerlike gemeenskap – u pogings is belangrik en word hoog op prys gestel.

Ek wil graag my innige dank en waardering uitspreek teenoor Dr. Robert Macdonald, die hoof van die departement. Met sy hulp en leiding en dié van 'n baie bevoegde bestuurspan het ons daarin geslaag om ons mandaat te bereik ondanks verskeie uitdagings.

Ek wil graag ook elke enkele lid van die span DMO bedank vir hulle toewyding en bydrae om die inwoners van hierdie provinsie van diens te wees.



Provinsiale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling

Me. S.G. Fernandez

Datum: 31 Oktober 2020

4. Verslag van die rekenpligtige beampte

Dr. Robert Macdonald

Rekenpligtige beampte: Maatskaplike Ontwikkeling



Oorsig oor die werksaamhede van die departement

Die 2019/20-finansiële jaar was die laaste jaar van 'n vyfjaar- strategiese beplanningsiklus. Gedurende hierdie jaar het die departement dit as prioriteit gestel om die teikens te bereik wat in die strategiese plan uiteengesit is, veral ten opsigte van dienste wat basiese menseregte beskerm en bevorder en die wetgewende verantwoordelikhede van die departement te vervul. Vir die grootste deel van die tydperk van die strategiese plan was die departement werksaam in die konteks van 'n verslegtende ekonomie, verswakte nasionale fiskale basis en 'n afwaartse neiging in skenkersbefondsing in die OSW-sektor. Terselfdertyd het die ekonomiese konteks, saam met 'n snelgroeiende provinsiale bevolking en 'n toename in maatskaplike euwels tot 'n verhoogde aanvraag na die dienste van die departement gelei.

In terme van die mandaat van die departement om kindersorg- en -beskermingsdienste te verskaf was daar in 2019/20 'n uitbreiding van bestaande kinderbeskermingsprogramme, die voortdurende opleiding van maatskaplike werkers asook die finansiële ondersteuning aan toegewyde kinderbeskermingsorganisasies. Ten opsigte van laasgenoemdes het die departement befondsingstoewysings per kind en maatskaplikewerk-postesubsidies aan OSW's verhoog en ook 'n subsidie aan administratiewe poste bekend gestel. Hierdie bykomende subsidie is ingestel om te verseker dat hierdie OSW's die nodige administratiewe ondersteuning aan hulle maatskaplikewerkkomponente kan bied en sodoende dié komponente op hulle primêre taak van kindersorg en -beskerming kon laat fokus. Opleidingsintervensies vir die jaar het sessies vir maatskaplike werkers bemoei met kindersorg oor die gebruik van die Nasionale Veiligheids- en Risiko-assesseringsinstrument vir Kindermishandeling, -verwaarloosing en die uitbuiting van maatskaplike werkers in die OSW-sektor in trauma- en rouberading ingesluit.

Die uitbreiding van die kinderbeskermingsprogramme het die werwing, sifting en opleiding van bykomende vrywilligers vir die Eye-on-the-Child-program in Masiphumelele en Ocean View en die konsolidering en uitbreiding van die geïntegreerde Isibindi-program van agt na tien plekke uitgebrei. Die pleegsorgagterstand is getakel deur die implementering van die pleegsorgbestuursprogram wat meer nuwe pleegsorgouerplasings en die ondersteuning en opleiding van veiligheids- en pleegsorgouers gefasiliteer het. Die departement het ook voortgegaan met die implementering van die sy Eenvormige Verwysingsroete vir kinderbeskermingsdienste. Dit het die doeltreffendheid verhoog waarmee dienste aan kinders met uitdagende gedrag interdepartementeel en tussen alle sferes van die regering verskaf is. Laastens het die goedkeuring deur die provinsiale kabinet en gevolglike implementering die departement se Kindermoordvoorkomings- en verminderingsplan die weg gebaan vir 'n meer gekoördineerde respons tot hierdie teistering tussen die sleutelbelanghebbendes soos die Suid-Afrikaanse Polisiediens, die Strafrekluster en die onderskeie provinsiale en regeringsdepartemente. Dit, saam met die departement se voortgesette deelname aan die kinderdoodoorsigpaneel, het ook die reaksietyd versnel in gevalle waar die sibbes van 'n kinderslagoffer in 'n risiko-situasie is..

Die belangrikheid van die geïntegreerde kinder- en gesinsprogramme is in September 2019 bevestig toe die departement 'n werkwinkel met alle belanghebbendes byeengebring het, waar hulle saam 'n konsep- Voorkomings en Vroeë Intervensiestrategie vir kinders en gesinne in die provinsie vir die Wes-Kaapse Regering ontwikkel het. Hierdie strategie sal die bevoegde voorsiening en verspreiding van hierdie programme deur die hele provinsie bevorder en sluit

intervensies in wat gesinsbehoudsdienste, terapeutiese programme, asook bemiddelings- en reïntegrasiendienste hanteer – wat almal gefokus is op die bou en volhoubaarheid van veerkragtige gesinne. Dit, saam met die bestaande werk van programme wat op die rehabilitasie, hereniging en reïntegrasie van hawelose volwassenes met hulle gesinne en gemeenskappe van oorsprong fokus, het die omvang van die departement se dienste aan gesinne wat risiko's loop, uitgebrei. Wat laasgenoemde betref, is die aantal gesubsidieerde beddens in skuilings vir hawelose mense ook vermeerder.

Die VKO-ontwikkelingsteun en skoolgereedheidsloodsprojek het positiewe uitkomst, insluitend goeie verbetering in die ontwikkelingsmylpale by die 1 368 deelnemende kinders gemeld. Daar was onder andere 'n duidelike verbetering in die gesyferdheid, fyn motoriese beheer en kognitiewe funksies by die kinders, en daar is bevind dat hulle 'n verlaagde risiko van ontwikkelingsagterstande het. Die holistiese benadering wat deur hierdie projek toegepas is, het ondersteuning en hulp aan ouers gebied met behulp van 'n selfoontoepassing en ouerwerk-winkels. Hierdie intervensies het direkte ondersteuning aan die ouers, versorgers en VKO-onderwysers in die vorm van ontwikkelingsinhoud en aktiwiteite verskaf wat ouers en versorgers in staat gestel het om ontwikkelingsaktiwiteite in die kind se daaglikse roetine in te voer. Daarbenewens het 7 586 kinders voordeel getrek uit die VKO-Voorwaardelike Toelae, en 53 voorwaardelik geregistreerde VKO-instansies is met behulp van infrastruktuur-komponent van die VKO-Voorwaardelike opgegradeer.

Die departement se Program vir Persone met Gestremdhede het vier spesiaal aangepaste 16-sitplekvoertuie in die jaar onder oorsig aangekoop, waardeur die veilige vervoer van kinders met intellektuele gestremdheid veilig na en van hulle spesiale dagsorgsentrums vervoer kan word. Weens die nasionale inperking en gevolglike sluiting van hierdie dagsorgsentrums is die oorhandiging van hierdie voertuie uitgestel en sal plaasvind sodra inperkingsregulasies dit toelaat. Daarbenewens het die voltooiing van die van die infrastruktuurwerk by die departementele (Sivuyile-) inwonersentrum vir persone met gestremdhede ruimte vir 30 ekstra beddens vanaf 1 April 2020 beskikbaar gestel, wat die totale aantal bedruimtes by hierdie inrigting op 110 te staan bring. Die departement het voortgegaan met die registrasie en monitering van befondste en onbefondste residensiële inrigtings en gemeenskaps-gebaseerde dienste vir ouer persone, en die eenheidkoste vir geskikte residensiële inrigtings verhoog. Ten tyde van hierdie verslag is verdere ondersteuning aan hierdie inrigtings beskikbaar gestel ten einde hulle te help om met die Covid-19-pandemie te hanteer., insluitend die verskaffing van befondsing vir Persoonlike Beskermende Toerusting (PBT), professionele verpleegondersteuning en infeksiebeheerprotokols.

Daar is al hoe meer programme beskikbaar vir die voorkoming en behandeling van middelmisbruik in die departement, met die samevoeging van die dwelmbehandeldingsdienste en die veiligheids- Kinder- en Jeugsorgsentrums (KJSS'e) en die skoolgebaseerde dwelmbehandelingsprogramme (volwassematriksprogram) in tien hoërisikoskole in die Kulsrivier-, Eersterivier-, Steenberg-, Lavender Hill-, Houtbaai- en Elsiesrivier- gemeenskappe. Hierdie skoolgebaseerde programme het vroeë opsporing en opvoedersteun moontlik gemaak, en sodoende die doeltreffendheid van geskikte verwysingsroetes getoon om te verseker dat omvattende dienste verskaf word aan alle kinders wat die 'n risiko loop. Ten einde die kapasiteit van departementele maatskaplike werkers in hierdie veld, asook begrip van middelmisbruikwetgewing en norme en standaarde vir binnepasiëntbehandeling te verbeter, is opleiding oor die Kognitiewe Gedragsterapie-leefstylprogram verskaf. Werk aan 'n eenvormige toelatingsproses vir dwelmbehandeling gaan steeds voort, terwyl konsultasie met die befondste behandelingsentrums vir middelmisbruik-binnepasiënte onderweg is. Die bodproses vir evalueringsnavorsing oor middelmisbruik is afgehandel en die eerste lewering- en stigtingsverslag is uitgevoer. Daar word beplan dat die evaluering in Oktober 2020 afgehandel sal wees, en die metodologie daarvan is aangepas om die Covid-a9-pandemie in aanmerking te neem. Verder het die departement ook 33 voldoeningsassesserings by geregistreerde en ongeregistreerde behandelingsentrums en 13 inspeksies van geregistreerde binnepasiëntbehandelingsentrums afgehandel. Ongeregistreerde binnepasiëntbehandelingsentrums het ook opleiding oor die voorgeskrewe norme en standaarde en gesondheidsverwante standaarde ontvang om hulle kennis van die vereistes vir die bedryf van 'n behandelingsentrum te verbeter.

Die bewustheid wat deur die #EnoughisEnough-veldtog geskep is, het bygedra dat baie meer slagoffers van seksuele aanrandings en huishoudelike die afgelope jaar toegang tot sielkundige ondersteuning gebruik het. Buiten die verhoogde subsidies vir salarisse vir huismoeders by befondste sentrums het die departement ook bykomende beddens en noodbeddens in skuilings vir slagoffers van misdad en geweld beskikbaar gestel. Ons het ook steeds geakkrediteerde vaardighedsontwikkelingskursusse befonds sodat, wanneer slagoffers van geslagsgebaseerde geweld gereed is om die skuilings te verlaat, hulle beter toegerus kan wees om geleenthede vir inkomstegenerering of werk te gebruik. Wat betref die voorkoming van maatskaplike misdade, is maatreëls om terugvalle te verminder, steeds geïmplementeer om die reeks dienste aan ontvangers van voorwaardelike vrylating te lewer. Hierdie dienste het die reïntegrasie- en nasorgprojek en die Slagoffer-Oortreder-bemiddelingsprogramme vir aanstigters en slagoffers van huishoudelike geweld ingesluit.

Meer as 22 000 jong mense het die voordele van die jeugontwikkelingsprogramme gebruik wat deur die departement befonds is, en twee bykomende Jeugkafees (dié in Uniondale en Riversdal) is die afgelope boekjaar befonds, wat die aantal jeugkafees in die Provinsie op 13 te staan bring. Die departement het voortgegaan met pogings om die gehalte van jeugontwikkelingsprogramme te verbeter deur die implementering van opleidingsprogramme oor jeugontwikkelingsnorme en -standaarde. Die departement het ook die bodproses vir die Sanitêrewaardighedsprojek afgehandel en ontvangs geneem van sanitêre doekies vir meisies in Graad 4–12 in geïdentifiseerde skole waar hoë vlakke van afwesigheid van meisies geïdentifiseer is. Die volle bestelling sanitêre produkte is in Februarie 2020 ontvang. Verspreiding sou in Maart 2020 begin, maar is opgeskort weens die nasionale inperking en gevolglike sluiting van skole en sal voortgaan sodra skole weer volledig aan die gang is. Laastens is 1 441 werkgeleenthede is deur die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOOP) geskep, en die Gesondheid- en Welsynsektor-onderwys- en Opleidingsgesag (GWSOOG) het 50 gemeenskapsontwikkelingsinternskappe befonds wat dan ondervinding en blootstelling in die werkplek gekry het. Hierdie internskap het die groep gekwalifiseerdes in gemeenskappe vergroot en sodoende tot die professionalisering van gemeenskaps-ontwikkeling in die Provinsie bygedra. Ondersteuning aan nie-voldoenings-OSW's het deur die finansiële jaar voortgegaan en bewusmakingsveldtogte wat van stapel gestuur is, het op 'n verhoging in aanvraag deur OSW's uitgeloop vir bystand met die registrasie om toegang tot kapasiteitsverbeteringsprogramme te kry.

Die nasionale inperking, as deel van die regering se respons om die verspreiding van Covid-19 te beperk en meer tyd om voor te berei vir die piek van die infeksie voor te berei, het van die begin van Maart 2020 wesenlik tot die werksaamhede van die departement bygedra en sal deur die hele volgende finansiële jaar 'n effek daarop hê. Die departement is as 'n noodsaaklike diens verklaar en het hom voorberei en befondste OSW's met onmiddellike voorbereidings gehelp in die tyd voor die nasionale inperking. Die verskaffing van dienste is geraak tydens Maart 2020 toe die deelname van dwelmverslaafdes aan behandelingsprogramme tot 'n einde gekom het. VKO en gedeeltelike sorgsentrums, asook dienste aan ouer persone, beskermende werkwinkels vir persone met gestremdhede en jeugkafees het ook minder bedrywig geraak en uiteindelik gesluit. Gesinsbehoud- en -afwykingsprogramme, asook die opname by alle eie en befondste inrigtings – behalwe noodtoelatings – is opgeskort.

Die departement het Maart 2020 gebruik om sy sakevoortsettingsplanne te verfyn en maatreëls soos personeelrotasie by frontdienspunte, die verkryging van ontsmetmiddels en PBT vir frontliniepersoneel opgestel. Afstandwerkreëlings is ook in bedryf gestel. Ten einde optimale koördinerings en respons te verseker het die Departementele Bestuurskomitee tweeweeklikse aanlyn vergaderings ingestel en reëlins gefinaliseer wat verseker dat alle OSW's hulle befondsingstoewysings betyds oor die volgende klompie maande ontvang.

Oorsig van die finansiële resultate van die departement

Departementele ontvangste

Tabel A: Departementele ontvangste

Departementele ontvangste	2019/20			2018/19		
	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onderbesteding	Skatting	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Belastingontvangste	-	-	-	-	-	-
Casino's	-	-	-	-	-	-
Belasting op perdewedrenne	-	-	-	-	-	-
Dranklisensies	-	-	-	-	-	-
Motorvoertuiglisensies	-	-	-	-	-	-
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbate	804	738	66	762	755	7
Oordragte ontvang	-	-	-	-	-	-
Boetes, strafgelde en verbeurings	-	-	-	-	-	-
Rente, dividende en huurgeld op grond	38	50	(12)	36	54	(18)
Verkoop van kapitaalbate	-	-	-	-	-	-
Finansiële transaksies in bate en laste	288	656	(368)	272	572	(300)
Totaal	1 130	1 444	(314)	1 070	1 381	(311)

Departementele ontvangste Eie inkomste gegenerer deur die departement beloop 0,06% van die totale begroting. Die departement se hoofbronne van inkomste is:

- Invordering van skuld wat aan die departement verskuldig is;
- Kommissie op versekering en die aftrekking van loonbeslagorders;
- Parkeerfooie en amptelike akkommodasiefooie soos volgens die beleid van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW); en
- Verhaling van onbestede oordragbetalingsfondse van vorige boekjare.

Die oorverhaling van inkomste vir die 2019/20-boekjaar beloop R314 000 en kan hoofsaaklik aan die volgende toegeskryf word:

- Stygings in skuldverhaling.

Die onderverhaling vir die verkoop van goedere en dienste anders as kapitaalbate is te wyte aan die implementering van "Voice Over Internet" Protokol (VOIP), wat die koste van private telefoonoproepe verlaag het wat tot die onderverhaling gelei het. Die skatting sal vir die nuwe boekjaar hersien word.

Programbesteding

Tabel B: Programbesteding

Naam van program	2019/20			2018/19		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Finale begroting	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Administrasie	239 828	232 012	7 816	226 115	223 696	2 419
Maatskaplike welsynsdienste	978 135	960 820	17 315	897 422	886 031	11 391
Kinders en Gesinne	751 087	750 070	1 017	685 309	683 807	1 502
Herstellende Dienste	423 130	420 087	3 043	387 914	387 914	-
Ontwikkeling en Navorsing	69 174	68 917	257	50 032	50 032	-
Totaal	2 461 354	2 431 906	29 448	2 246 792	2 231 480	15 312

Program 1:

Die Program het 96,74 persent van sy R239,828 miljoen-begroting vir die 2019/20-boekjaar bestee. Die onbestede R7,816 miljoen hou verband met die onderbesteding van vergoeding aan werknemers (VvW) wat toegeskryf kan word aan redes soos dat geskikte kandidate nie deur die werwingsproses gevind kon word nie; interne bevorderings van geoormerkte befondsing aan voorgraadse maatskaplikewerkstudente weens die hoë getal wat die program verlaat het. Die onderbesteding aan goedere en dienste is as gevolg van laat kennisgewing van befondsing saam met die lang tydsverloop wat dit neem om 'n verskaffer te kry. Die diensverskaffer is in Februarie 2020 aangewys en die eerste aflewering het in Maart 2020 plaasgevind.

Program 2:

Die Program het 98,23 persent van sy toegewese begroting van R978,135 miljoen vir die 2019/20-boekjaar bestee. Die onbestede R17,315 miljoen hou verband met onderbesteding aan goedere en dienste vir die Sanitêrewaardigheidsprojek nadat die verkrygingsproses vir sanitêre ware herhaal moes word weens die gebrek aan gekwalifiseerde botte, en betalings vir kapitaalbate weens die vertraagde verkryging van voertuie wat aangepas is vir persone met gestremdhede.

Program 3:

Die Program het 99,86 persent van sy begroting van R751,087 miljoen vir die 2019/20-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R1,017 miljoen hou verband met die onderbesteding aan VvW weens die interne bevorderings en personeel wat die diens verlaat het.

Program 4:

Die Program het 99,28 persent van sy R423,130 miljoen begroting vir die 2019/20-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R3,043 miljoen hou verband met onderbesteding aan VvW weens interne bevorderings en personeel wat die diens verlaat het. Die onderbesteding aan betalings aan kapitaalbate is weens die vertragings in die verkryging van kantoortoerusting en -meubels.

Program 5:

Die Program het 99,63 persent van sy toegewese begroting van R69,174 miljoen vir die 2019/20-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R257 000 hou verband met onderbesteding aan VvW weens interne bevorderings en personeel wat die diens verlaat het.

Oordragte

Tabel C: Verskaf besonderhede oor oordragte wat gemaak is in die oorsigjaar

Hoofafdeling van	Na	R'000	Rede
Subprogram 1.2: Korporatiewe dienste	Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	4 078	VvW-herbelyning.
Subprogram 2.1: Bestuur en ondersteuning	Subprogram 1.2: Korporatiewe dienste	2 427	Verkryging van Inligtingstechnologietoerusting (IT) weens vergrote personeel en IT-verfrissing.
	Subprogram 1.3: Distriksbestuur	310	Vlootdienste.
Subprogram 2.3: Dienste aan mense met gestremdhede	Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	302	Noodbepoeding van voedselnoedlenigingsprogram in reaksie op Covid-19-pandemie
	Subprogram 1.2: Korporatiewe dienste	866	Verkryging van IT-toerusting weens vergrote personeel en IT-verfrissing.
Subprogram 3.1: Bestuur en ondersteuning	Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	18	Noodbepoeding van voedselnoedlenigingsprogram in reaksie op Covid-19-pandemie
	Subprogram 1.2: Korporatiewe dienste	450	Verkryging van IT-toerusting weens vergrote personeel en IT-verfrissing.
Subprogram 3.2: Sorg en dienste aan gesinne	Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	348	Noodbepoeding van voedselnoedlenigingsprogram in reaksie op Covid-19-pandemie
Subprogram 3.3: Kindersorg en -beskerming	Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	1 288	Noodbepoeding van voedselnoedlenigingsprogram in reaksie op Covid-19-pandemie
	Subprogram 1.2: Korporatiewe dienste	2	Verkryging van IT-toerusting weens vergrote personeel en IT-verfrissing.
Subprogram 3.4: VKO en gedeeltelike sorg	Subprogram 1.2: Korporatiewe dienste	101	Verkryging van IT-toerusting weens vergrote personeel en IT-verfrissing.
	Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	125	Noodbepoeding van voedselnoedlenigingsprogram in reaksie op Covid-19-pandemie
Subprogram 3.5: Kinder- en Jeugsorgsentrusse	Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	12	Noodbepoeding van voedselnoedlenigingsprogram in reaksie op Covid-19-pandemie
Subprogram 4.2: Misdadvoorkoming en ondersteuning	Subprogram 1.2: Korporatiewe dienste	1 326	Beurse en masjinerie en toerusting.
	Subprogram 1.3: Distriksbestuur	2 040	Vlootdienste en masjinerie en toerusting.
	Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	2 731	Noodbepoeding van voedselnoedlenigingsprogram in reaksie op Covid-19-pandemie
Subprogram 4.3: Slagofferbemaatgelying	Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	36	Noodbepoeding van voedselnoedlenigingsprogram in reaksie op Covid-19-pandemie
Subprogram 4.4: Middelmisbruik, voorkoming en rehabilitasie	Subprogram 5.4: Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	3 967	Noodbepoeding van voedselnoedlenigingsprogram in reaksie op Covid-19-pandemie

Fondse oorgedra

Tabel D: Gee besonderhede oor die oorplasings wat aangevra is vanaf 2019/20 tot 2020/21.

Program	R'000	Doel
Program 1: Administrasie	477	Die gevolgtrekking van die middelmisbruik-evalueringsverslag. Die diensverskaffer is in Februarie 2020 aangewys en die eerste aflowering het in Maart 2020 plaasgevind. Die projek sal in die 2020/21-boekjaar afgesluit word
Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste	3 793	Die wetlike verpligting wat voortvloei uit die hofbevel rakende kinders met erge intellektuele gestremdhede . Daar word verwag dat vier aangepaste voertuie in die

Program	R'000	Doel
		2020/21-boekjaar deur Staatsmotorvervoer (SMV) gelewer sal word..
Program 5: Ontwikkeling en navorsing	23 636	Noodbefondsing van Voedselnoodlenigingsprogram in reaksie op die Covid-19-pandemie.

Behoud van inkomste

Tabel E: Verskaf besonderhede oor die inkomste wat van 2019/20 tot 2020/21 behou is.

Program	R'000	Doel
Program 5: Ontwikkeling en navorsing	314	Noodbefondsing van Voedselnoodlenigingsprogram in reaksie op die Covid-19-pandemie.

Redes vir ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes en die bedrae betrokke, sowel as stappe gedoen om dit te bekamp en herhaling te voorkom

Redes vir vrugtelose en verkwistende uitgawes	Bedrag	Stappe gedoen	Voorkoming van herhaling
Vlug verpas	R2 345,23	Aftrekking teen amptenaar se salaris ingestel.	Die departement moniteer deurlopend deur sy Voedsel en Reis-proses en sy Interne Beheer en Posouditeringsproses
Bespreking van onbevestigde akkommodasie	R2 879,11	Aftrekking teen salaris van amptenaar ingestel.	Die departement moniteer deurlopend deur sy Voedsel en Reis-proses en sy Interne Beheer en Posouditeringsproses , en bewusmaking word geskep deur interne omsendbriewe.
Geen strokie beskikbaar vir bespreekte akkommodasie	R1 547,30	Aftrekking teen salaris van amptenaar ingestel.	Interne dissiplinêre prosesse word gevolg. Die departement moniteer deurlopend deur sy Voedsel en Reis-proses en sy Interne Beheer en Posouditeringsproses en bewusmaking wat deur interne omsendbriewe geskep word.

Departement se toekomstplanne

Die uitbreek van Covid-19 en die begrotingsbesnoeiings wat uit die impak van die inperking op die ekonomie en regeringsinkomste voortgevloei het, het daartoe gelei dat die departement sy diensprioriteite én die manier waarop dienste gelewer word, in heroënskou moes neem. Die kwessie van personeel- en kliënteveiligheid is en sal van wesenlike belang bly. Dit sal deurlopende intervensies verg wat die belangrikheid van sosiale afstand, die dra van maskers, ontsmetting van hande en oppervlakke en die implementering van die Provinsiale Brandpuntstrategie bevorder in samewerking met leidende provinsiale departemente soos Gesondheid en Onderwys.

Die departement het ook begin om sy werksomgewing te transformeer, spesifiek met betrekking tot sy administratiewe prosesse. Afstandwerk van die huis af sal geprioritiseer word en het reeds begin. Alle geskikte personelede het toegang tot persoonlike rekenaars, data en dus verbindbaarheid. Binne begrotingsbepelings sal die departement, waar moontlik verbeterings inisier om doeltreffendheid ten opsigte van die OSW-Bestuurstelsel te verbeter en sal voortgaan om die gebruik van die Elektroniese-inhoudsbestuurstelsel (EIBS) voor te staan om te verseker dat sy gegewens en verslae maklik toeganklik is vir personelede. Die departement sal sy besparingsmaatreëls in die tegnologiese omgewing, soos sy IT-verfrissingsbeleid en die versnelling van die VOIP-gebaseerde telekommunikasiedienste, waar

kantore aan die breëbandnetwerk verbind is, evalueer. Kantore sal na Microsoft Office 365 oorgeskakel word en Teams sal die erkende vergaderingstechnologie wees, waardeur afstandskantore mekaar van aangesig tot aangesig kan ontmoet sonder dat hulle fisies sal hoef te reis. Dit sal nie alleen tyd en vervoerkoste bespaar nie, maar oom personeelveiligheid verseker. Die departement het voorts 'n digitale handtekeningprotokol geïmplementeer om die verspreiding van die virus op fisiese dokumente te beperk. Laastens sal die rotasie van personeelspanne in die kantooromgewing, asook diepreiniging steeds geïmplementeer word in 'n georkestreerde poging om te verseker dat personeellede wat in 'n fisiese kantooromgewing moet werk, dit op 'n veilige manier kan doen deur die gereelde voorsiening en aanvulling van PBT's.

In sy pogings om steeds befondste OSW's tydens die Covid-19-inperking te kan monitor en evalueer, is die departement besig met die ontwikkeling van 'n gehalteversekeringstelsel wat OSW's in staat sal stel om aanlyn bewyse van hulle beleide een praktyke, en dus hulle gereedheid vir voldoening met tersaaklike statutêre en beleids-verwante norme en standaarde te bewys. Hierdie bewyse sal dan deur die departement ontleed word en, waar nodig, sal diensleweringverbeteringsinisiatiewe verskaf word ten einde te verseker dat diensleweringstandaarde behou en fondse vir die korrekte doelwitte gebruik word.

Alle statutêre dienste, insluitend die departement se kinderbeskermingsdienste, gemeenskapsorgsentrums en proefvrylatingsdienste, sal voortgaan. Humanitêre noodleniging deur die Gemeenskapsvoeding- en Ontwikkelingsentrusms (GVOS'e) en geteikende voedingsplekke sal in samewerking met veiligheidsnetverskaffers soos die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap (SASSA) en skoolvoedingskemas steeds om steeds voedselsekureit verseker, met die addisionele bronne wat toegeken is onder die verklaring van die ramptoestand.

Die verskaffing van voedsel- en gesondheidspakkies aan die kwesbares wat in self-isolering en/of kwarantyn is, is en sal 'n prioriteit bly soos meer en meer mense tydelik nie hulle huise mag verlaat nie, en/of deur werkverliese beïnvloed is.

Daarbenewens is daar 'n groter wordende behoefte aan die uitbreiding en inbedryfstelling van GBG-inrigtings en die verskaffing van PBT's vir residensiële en gedeeltelikesorgsentrums. Opleiding in die voorkoming van GBG sal met oueropvoeding- en -opleidingsprogramme geïntegreer word, tesame met middelmisbruikvoorkoming-, -behandeling- en rehabilitasieprogramme wat by alle DMO KJSS'e plaasvind.

Openbare-privaat vennootskappe

Niks om oor verslag te doen nie.

Gestaakte aktiwiteite

Uitkontraktering van veiligheidsorg-KJSS'e aan Bosasa is met effek vanaf 1 November 2019 beëindig. Die diens word tans deur die departement verskaf.

Nuwe of voorgestelde aktiwiteite

Niks om oor verslag te doen nie.

Verskaffingskettlingbestuur

Ongevraagde bodvoorleggings aangegaan tydens die oorsigjaar

Die departement het nie enige ongevraagde bodvoorleggingsooreenkomste tydens die oorsigjaar aangegaan nie.

VKB-prosesse en -stelsels in werking om onreëlmatige uitgawes te voorkom

Die Rekenpligtigebeamtstelsel wat VKB reguleer en funksies vir die bestuur van roerende bates, is in werking. Terwyl die Rekenpligtigebeamtstelsel die beleidsaspekte van die voorsieningskettling en beweegbare batebestuur in die Departement uiteensit, sit die VKB-delegasies die besluitnemingsmag uiteen wat uitvoering gee aan die prosesse in die RBS. Dit reguleer institusionele en administratiewe handeling rakende daaglikse VKB-werksaamhede.

Uitdagings wat die VKB ervaar en hoe dit die hoof gebied is

Die grootste uitdaging ten opsigte van die VKB is die vul van vakante poste, aangesien 'n hele aantal beamptes die eenheid in die tydperk onder oorsig verlaat het. Vakatures is tans in die verkryging- en seleksiefase, en 'n tydelike oplossing is om bestaande personeel op 'n meer doeltreffende en gerigte manier te gebruik om sodoende te verseker dat alle funksies uitgevoer word.

Die monitering van die implementering van die RBS is 'n uitdaging. Die departement het lynmoniteringsassesserings uitgevoer om die omvang waartoe aan voorgeskrewe VKB-praktyke vir verskaffingskettinguitvoering in die departement voldoen is, te bepaal. Kapasiteitsbou vorm deel van die plan om die prestasie en voldoening aan wetgewende vereistes of voorskrifte te verbeter.

Die implementering van strategiese kontraktering het sekere voordele geskep. Daar is egter ook spesifieke uitdagings, onder andere begrotingsbeperkings en veranderings in besigheidstrategieë.

Die departement implementeer steeds strategiese kontraktering, wat 'n samewerkende en gestruktureerde proses is wat besteding krities ontleed en die inligting gebruik om doeltreffende sakebesluite te neem oor die verkryging van goedere en dienste in respons op die gedifferensieerde benadering tot verkryging soos uiteengesit in die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP).

Die nakoming van voorskrifte vir verkryging is 'n deurlopende doelwit van die komponent om goeie bestuur te verseker. Dit word gedoen deur bewusmakingsessies en vennootskappe met die lynfunksies te vorm. Die finansieringsforum is die instrument vir die identifisering, opsporing en oplossing van VKB-bedrywighede en stelseluitdagings op steenkoolvlak (streke en inrigtings).

BBSEB¹-ontleding

Tabel F: BBSEB-ontleding

Uitgawes aan die Wes-Kaapse Verskaffersdatabasis (WKVD) per eienaarskategorie				
Kategorie vir swart eienaarskap	2019/20		2018/19	
	Betalings-bedrag	% Betalings-bedrag	Betalings-bedrag	% Betalings-bedrag
Minstens 51% swart besit	R106 764 556,38	67,56%	R123 057 631	80,30%
Minder as 51% swart besit	R50 779 387,29	32,14%	R30 021 283	19,59%
Nie aangedui nie	R474 204,66	0,30%	R162 841	0,11%
Totaal	R158 018 148,33	100%	R153 241 755	100%
Uitgawes aan die verskaffers aan WKVD per besighedsgrootte vir die tydperk				
GROOT ²	R11 845 627,95	7,49%	R76 400 470	49,86%
KKS ³	R44 996 458,67	28,47%	R34 064 365	22,23%
VMO ⁴	R81 136 343,18	51,33%	R24 100 858	15,73%
NIE AANGEDUI	R20 076 867,53	12,70%	R18 676 062	12,18%
Totaal	R158 055 297,33	100%	R153 241 755	100%

¹Breëbasis-swart ekonomiese bemagtiging

²Besighede met 'n jaarlikse omset van meer as R50 miljoen per jaar

³Kwalifiserende Klein Sake met 'n jaarlikse omset van tussen R10 miljoen en R50 miljoen.

⁴Vrygestelde Mikro-ondernemings met 'n jaarlikse omset van minder as R10 miljoen.

Die totale waarde van betalings wat die departement maak aan verskaffers wat by die WKVD en Sentrale Verskaffersdatabasis geregistreer is, beloop R158,055 miljoen vir die 2019/20-boekjaar.

- 67,56 persent van hierdie waarde is betaal aan verskaffers met minstens 51 persent swart eienaarskap en 32,14 persent van die waarde kon nie aan 'n eienaarskategorie toegedeel word nie omdat sodanige betalings gemaak is aan instellings geregistreer op die SVD wat nie die eienaarskategorie aangedui het nie.
- 51,33 persent van die totale waarde van uitgawes vir goedere en dienste is uitbetaal aan VMO's en 28,47 persent is aan KKS'e uitbetaal. 7,89 persent van die uitgawes is aan Groot maatskappye uitbetaal.
- 12,70 persent van die waarde kon nie aan 'n eienaarskategorie toegeken word nie omdat sodanige betalings gemaak is aan instellings wat op die SVD geregistreer is wat nie die omset aangedui het nie.

Die Provinsiale Tesourie (PT) beraadslaag met verskaffers om hulle te versoek om hul omset- en eienaarskapinligting op die SVD te voltooi. Wat die omset betref, het die persentasie wat nie aangedui is nie, van 12,18% in die 2018/19-boekjaar tot 12,70 persent in die 2019/20-boekjaar gestyg.

Tabel G: Geskenke en skenkings in natura ontvang van nie-verwante partye

Instelling wat geskenk/ skenking ontvang het	Aard van die geskenk (goedere en dienste)	Geskenk deur (maatskappy/persoon)	Verwantskap met personeelid	Randwaarde van geskenk/ skenking
Sivuyile-inwonersentrum	Arbeidsterapiediens	Vriende van Thembaletu	Vrywillige OT-diens	R 2 000.00
Sivuyile- inwonersentrum	Arbeidsterapiediens	Vriende van Thembaletu	Vrywillige OT-diens	R 2 000.00
Sivuyile-inwonersentrum	Arbeidsterapiediens	Vriende van Thembaletu	Vrywillige OT-diens	R 2 000.00
Ministerie	Leerwaentjiesak	Speakervan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement	Professioneel	R 3 760.00
Metro-Oos	Kospakkies, bestaande uit blikkies bief, vis, pakkies spaghetti, blikke konfynt, waslappe, , aanrolreukweerder, seep en doekies. (x16 kospakkies) babadoeke (x20) (0-3 maande), (x20) (4-6 maande) babamelk (X18 pakkies melk)	AGAPE -Gaynor Smith	Professionele werksverhouding tussen geregistreeerde OSW en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling	R 4 548.00
Kaapse Wynland	Plakpapierprent vir die speelkamer by Worcester- plaaslike kantoor	Urban Digital Printing, Me Amelia Schreuder	Streekskantoor het 'n kwotasie van die ontwerpmaatskappy aangevra vir die versiering van 'n nuwe speelkamer. Die kwotasie was te hoog en die maatskappy is gevra of hulle goedkoper opsies beskikbaar het. H.	R 5 500.00
Sivuyile- inwonersentrum	Koshuisgeld vir I Deidre van der Westhuizen vir Alta du Toit-skool	Vriende van Thembaletu	Steungroep	R 2 405.00
Ministerie	Reis- en akkommodasiekoste om byeenkoms oor GBG by te woon	Unilever- Me Shobna Persadh, Direkteur: Korporatiewe aangeleenthede en volhoubare Sake	Geen verwantskap	R 11 332.94
Kinder en gesinne (Hoofkantoor)	Woolworths-koopbewys	SAOU - Mnr. Chris Klopper	Vennootskap met DMO	R 2 000.00
Outeniekwa	Swemtoerusting	Top Gear, 044 873 0626	Professionele swemafrigter	R 2 000.00
Kennisbestuur (Hoofkantoor)	Borgskap vir die aanbieding van die kwartaallikse IMST –byeenkoms	Vodacom SA, Tumi Poee	Geen/ Skenker is 'n koper vir NDMO	R 10 000.00
Outeniekwa	Toiletware X 150	George Munisipaliteit	Geen verwantskap	R 4 500.00

Instelling wat geskenk/ skenking ontvang het	Aard van die geskenk (goedere en dienste)	Geskenk deur (maatskappy/persoon)	Verwantskap met personeelid	Randwaarde van geskenk/ skenking
Ministerie	Twee kaartjies na Sewesrugby R1750,00 elk	Departement van Sport, Kuns en Kultuur	Geen verwantskap	R 3 500.00
Vennootskapontwikkeling (Hoofkantoor)	Baadjies @ R450 elk, 233 paar pantoffels @ R40 elk, 150 gesigwaslappe @ R8 elk	Cape Grace Hotel	Sakevennoot	R 24 020.00
Outeniekwa	Basketbalskoene	Pastoor Troy Gahman	Professionele Basketbal	R 13 000.00
Sivuyile- inwonersentrum	Geslotebaankamerastelsel (GBKS)	Vriende van Thembaletu	Steungroep	R 47 204.05
Weskus	Kantoortoerusting in lyn met die MvO tussen DMO en Sea Harvest	Deon Ocks, Sea Harvest Corporation, 022 701 4266	None	R 84 467.88
Sivuyile- inwonersentrum	GBKS (kamerastelsel)	Vriende van Thembaletu	Steungroep	R 54 543.35
TOTAAL				R 278 781.22

Vrystellings en afwykings ontvang van die Nasionale Tesourie (NT)

Geen

Gebeure na die verslagdoeningsdatum

Die aanbreek van die wêreldwye Covid-19-pandemie in die laaste kwartaal van die 2019/20-boekjaar en die gevolglike Verklaring van 'n Nasionale Ramptoestand in Maart 2020 en die inperking wat daarmee saamgehang het, het die volgende implikasies vir die departement:

- Steun aan die OSW-sektor vir die nasionale inperking – verskaffing en vertolking van regulasies en prosesse. Die verskaffing van PBT aan geïdentifiseerde sektore soos skuilings, inrigtings vir kinders met gestremdhede in KJSS'e volgens die Kinderwet en die Wet op Kindergeregtigheid, inwonersinrigtings, vir ouer persone, VKO's en die verskaffing van higiënepakkies aan arm en kwesbare kliënte wat self-isoleer of in kwarantyn is. Ondersteuning is ook verskaf deur die inbedryfstelling van bykomende inrigtings vir slagoffers van GBG.
- Verskaffing van sielkundige ondersteuningsdienste aan kliënte, spesifiek met die pandemie
- Implementering en intensifering van humanitêre noodleniging deur die verskaffing van kos aan kliënte, voldoening aan voorafbepaalde kriteria, met gedeeltelike departementele fondse wat vir hierdie doel vooropgestel is.
- Voorsiening van PBT aan personeel en die gereelde ontsmetting/diep ontsmetting van kantore en inrigtings.
- Die hersiening en implementering van die Departementele Besigheidsvoortsettingsplan (BVP) en die daaropvolgende implementering van afstandswerk van die huis af, asook alternatiewe werkreëlings vir personeel.
- Die lewering van vier 16-sitplekvoertuie aan OSW's om die veilige vervoer van kinders met intellektuele gestremdhede na en van gespesialiseerde dagsorgsentrums te verseker, wat deur die implementering van die nasionale inperking vertraag is.

Ander

Geen

Waardering en gevolgtrekking

Namens die senior bestuur van die Departement wil ek graag my dank betuig teenoor alle DMO-personeel, veral diegene wat op grondvlak met dienslewering te doen het, vir hul voortgesette, gesamentlike toewyding tot diens aan die armes en kwesbares in ons provinsie. Dit het verseker dat die Departement onder moeilike omstandighede die meeste van sy teikens vir dienslewering vir die jaar bereik het. Ek wil graag al ons OSW-vennootskapsorganisasies bedank wat namens die departement gehaltesdienste aan die publiek gelewer het, veral in hierdie baie moeilike ekonomiese en maatskaplike omgewing waarin daar 'n stygende aanvraag vir maatskaplike dienste en armoedeverligting en 'n verminderde vloeï van staatsbefondsing en korporatiewe maatskaplike investering van die privaat sektor was. Ter afsluiting: Kindersorg en -beskerming bly een van die primêre doelwitte van die departement en dis wesenlik belangrik dat bestaande maatreëls ondersteun en dienste uitgebrei word. Wat betref sy ander statutêre en beleidsmandate sal die departement voortgaan om saam met belanghebbendes te werk om doeltreffende dienste te verskaf aan almal wat dit nodig het. Die 'nuwe normaal' wat deur Covid-19 gebring is, het egter 'n impak gehad op die manier waarop dienste gelewer word, wat 'n veranderde benadering tot dienslewering verg om die personeel en gebruikers van die dienste se veiligheid te verseker.



Dr. Robert Macdonald
 Rekenpligtige Beamppte
 Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
 Datum: 31 Oktober 2020

5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van akkuraatheid van die jaarverslag

Na die beste van my kennis en wete bevestig ek die volgende:

- Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak is, is konsekwent.
- Die jaarverslag is voorberei volgens die jaarverslagriglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is
- Die jaarverslag is voorberei volgens die jaarverslagriglyne wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die oordele wat in hierdie inligting uitgespreek word.
- Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n interne beheerstelsel, wat ontwerp is om redelike gerusstelling te verskaf rakende die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële jaarstate
- Die eksterne ouditeure is daarmee gemoeid om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Na my mening gee die jaarverslag 'n billike oorsig van die werksaamhede, die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële aangeleenthede van die Departement vir die boekjaar geëindig op 31 Maart 2020.

Die uwe



Dr. Robert Macdonald

Rekenpligtige Beampte

Datum: 31 Oktober 2020

6. Strategiese oorsig

6.1 Visie

'n Selfstandige samelewing.

6.2 Missie

Om die voorsiening van 'n omvattende netwerk van maatskaplikeontwikkelingsdienste te verseker, wat armes, kwesbares en diegene met spesiale behoeftes van geleenthede te voorsien en bemagtig.

6.3 Waardes

Die kernwaardes van die Wes-Kaapse Regering (WKR), wat deur die departement onderskryf word, is as volg:



Sorgsaamheid

Om om te gee vir diegene vir wie ons dien en met wie ons saamwerk.



Bevoegdheid

Die vermoë en bekwaamheid om die werk te doen waarvoor ons aangestel is.



Aanspreeklikheid

Ons aanvaar verantwoordelikheid.



Integriteit

Om eerlik te wees en die regte ding te doen.



Innovering

Om ontvanklik te wees vir nuwe idees en vindingryk kreatiewe oplossings te ontwikkel.



Diensbaarheid

Om die behoeftes van ons inwoners en werknemers te dien.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is verbind tot die volgende **sleuteldiensleweringsebeginsels**:

Innovering: Om anders te werk te gaan

Die Departement sal daarna streef om alternatiewe en innoverende werkswyses te verken en te toets ten einde binne die korste moontlike tyd maksimum resultate te behaal sonder om gehalte in te boet.

Oorlegpleging en insluiting

Ons sal deurlopend bedag wees om sinvol met ons vennote en belanghebbendes in gesprek te tree, soos in die Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudings omskryf word.

Toeganklikheid

Toeganklikheid van dienste aan diegene wat dit benodig, is noodsaaklik. Die departement sal voortgaan om, waar nodig, sy struktuur en prosesse oor die tydperk van die Mediumtermynbestedingsraamwerk (MTBR) te moderniseer.

Aanspreeklikheid en deursigtheid

Institusionaliseer goeie samewerkende bestuur deur die implementering van uitkomsgebaseerde monitering evaluering en verslagdoening, gesonde sakeprosesse, beleide en die verbetering van nakoming ten einde aanspreeklikheid en prestasie te verbeter.

7. Wetgewende en ander mandate

7.1 Grondwetlike mandate

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996)	Artikel 28 (1) van die Grondwet sit kinders se regte ten opsigte van gepaste sorg (basiese voeding, skooling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste) uiteen en bepaal dat die aanhouding van kinders 'n laaste uitweg moet wees.
Grondwet van die Wes-Kaap (1/1998)	Artikel 78 van die Grondwet sit die pligte van die Kinderkommissaris uiteen wat die WKR van hulp moet wees in die bevordering en beskerming van die kinders van die Wes-Kaap en verwys in die besonder na welsynsdienste

7.2 Wetgewende mandate

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
Wysigingswet op Proefdienste, 2002 (35/2002)	Hierdie wet het ten doel om die Wet op Proefdienste, 1991, te wysig ten einde die volgende omskrywings in te voeg: <ul style="list-style-type: none"> ● Om verder voorsiening te maak vir programme wat op die voorkoming en bekamping van misdaad gemik is; ● Om die magte en pligte van proefbeamptes uit te brei; ● Om die pligte van assistentproefbeamptes te voorsien; ● Om die verpligte evaluering van gearresteerde kinders te voorsien; ● Om die daarstelling van 'n proefdiensadvieskomitee te voorsien; ● Om die aanwysing van familie-opspoorders te voorsien; ● Om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou
Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk (71/1997)	Die doel van hierdie wet is om OSW's te ondersteun deur 'n administratiewe en regulatoriese raamwerk daar te stel waarbinne OSW's kan funksioneer.
Wet op Gesinsgeweld (116/1998)	Die doel van hierdie wet is om aan slagoffers van gesinsgeweld maksimum beskerming teen mishandeling te bied
Wet op Maatskaplikediensberoep (110/1978, Gewysig 1995, 1996 & 1998)	Dié wet het die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplikediensberoep (SARMD) daargestel en omskryf die bevoegdhede en werksaamhede van die Maatskaplikediensteraad en -beroep.
Kinderwet (38/2005) H	Hierdie wet is op 1 April 2010 deur 'n presidensiële proklamasie in werking gestel en omskryf: <ul style="list-style-type: none"> ● Die regte en verantwoordelikhede van kinders; ● Die verantwoordelikhede en regte van ouers; ● Beginsels en riglyne vir die beskerming van kinders; ● Die bevordering van die welstand van kinders; en ● Die konsolidasie van die wette rakende die welsyn en beskerming van kinders, asook vir die aangeleenthede wat daarmee verband hou. <p>Die primêre fokus van die tweede hersiening van die Kinderwet was die bevinding van die Suid-Afrikaanse Hooggeregshof van April 2011 rakende die korrekte vertolking van artikel 150(1)(a) van die Wet. Die hof het bevind dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● 'n versorger wat 'n wettige sorgsaamheidsplig het (in hierdie geval 'n ouma), as pleegouer aangestel kan word; en ● nie die Kinderwet of die Wet op Maatskaplike Bystand of die regulasies daarvoor 'n ondersoek na die inkomste van die pleegouers vereis nie; daarom moet die finansiële situasie

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
	van die kinders wat versorging en beskerming benodig, in ag geneem word en nie dié van die pleegouer nie. Waar pleegouers wat 'n wettige onderhoudspilg het, nie finansiëel daartoe in staat is nie, moet hulle vir 'n pleegsorgtoelae aansoek doen.
Wet op die Wes-Kaapse Kommissaris vir Kinders, (2/2019)	Om voorsiening te maak vir die aanstelling van 'n Kommissaris vir kinders in die Wes-Kaap vir tersaaklike kwessies, vir kwessies wat daarmee verband hou en vir sekere sake wat aan daardie kantoor betrekking het Artikel 78 van die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997, stel die kantoor van 'n provinsiale Kommissaris vir Kinders in en stel dit dat die Kommissaris die WKR moet bystaan in die beskerming en bevordering van die regte, behoeftes en belange van kinders in die provinsie.
Wet op Ouer Persone (13/2006)	Hierdie wet, wat deur 'n presidensiële proklamasie op 1 April 2010 in werking gestel is, is afgestem op die bemagtiging en beskerming van ouer persone met insluiting van hul status, regte, welstand, veiligheid en sekuriteit, sowel as die bekamping van die mishandeling van ouer persone. Die Wet bevorder 'n ontwikkelingsgerigte benadering wat erkenning verleen aan die volgende: <ul style="list-style-type: none"> ● Wysheid en vaardighede van ouer persone; ● Ouer persone se deelname aan gemeenskapsaangeleenthede; ● Regulering van die registrasie van dienste vir ouer persone; ● Daarstelling en bestuur van dienste en fasiliteite vir ouer persone. In teenstelling met die Wet op Bejaarde Persone (Wet 81 van 1967) het die klem vanaf institusionele versorging na gemeenskapsgebaseerde versorging verskuif ten einde te verseker dat ouer persone vir so lank as moontlik in die gemeenskap bly.
Wet op die Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (70/2008)	Hierdie wet lê bepalings neer vir die implementering van omvattende en geïntegreerde dienslewering op die gebied van middelmisbruik onder alle staatsdepartemente. Die hoofklem van hierdie wet is die bevordering van gemeenskapsgebaseerde en vroeëintervensieprogramme, sowel as die registrasie van terapeutiese intervensies ten opsigte van middelmisbruik
Wet op Kindergeregtigheid (75/2008)	Hierdie wet stel 'n proses vir strafregpleging daar vir kinders wat daarvan beskuldig word dat hul misdrywe begaan het en het ten doel om die regte van kinders te beskerm
Wysigingswet op Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede (6/2012)	Hierdie wet wysig die Wysigingswet op die Strafrege (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, om uitdruklik te bepaal dat die oplê van strawwe ten opsigte van sekere misdrywe wat in die wet vervat is aan die diskresie van die howe oorgelaat word, en lê ook bepalings neer vir aangeleenthede wat daarmee verband hou
Wet op die Voorkoming en Bekamping van Mensehandel (7/2013)	Hierdie wet gee uitvoering aan die Verenigde Nasies (VN) se protokol om mensehandel (veral vroue en kinders) te voorkom, te onderdruk en te straf, en vul sodoende die VN se konvensie teen transnasionale georganiseerde misdaad aan.
Wet op die Raamwerk vir Interregeringsverhoudings (13/2005)	Hierdie wet het ten doel om groter betrokkenheid tussen die drie regeringsfere te bevorder om 'n stabiele en responsiewe regeringstelsel te bevorder wat die waardes en beginsels van staatsadministrasie versterk.
Wet op Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (54/2008)	Die doel van hierdie wet is om koördinerende rakende aangeleenthede in verband met jeugontwikkeling te skep en te bevorder.
Wet op Maatskaplike Bystand (13/2004)	Hierdie wet maak voorsiening vir die verlening van maatskaplike bystand aan persone, en die meganisme vir die verlening van sodanige bystand; die instelling van 'n inspektoraat vir maatskaplike bystand; en om voorsiening te maak vir ander verwante aangeleenthede

Wetgewing	Impak op funksionaliteit van die DMO
Wet op Fondsinsameling (107/78)	Hierdie wet maak voorsiening vir beheer oor die insameling van bydraes van die publiek; die aanstelling van 'n Direkteur van Fondsinsameling; die skep van 'n Rampverligtingsfonds, 'n Suid-Afrikaanse Weermagfonds en 'n Vluchtelingnoodlenigingsfonds; die verklaring van sekere ramptoestande as rampe en ander sake wat daarmee verband hou.
Wet op Rampbestuur (57/2002)	Hierdie wet maak voorsiening vir 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampbestuursbeleid (met die klem op die voorkoming of vermindering van die risiko van rampe, die vermindering van die erns van rampe, noodgereedheid, vinnige en effektiewe reaksie op rampe en herstel na rampe); die vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale sentrums vir rampbestuur; vrywilligers vir rampbestuur; en ander toevallige aangeleenthede.
Wet op Geestesgesondheidsorg (17/2002)	Hierdie wet maak voorsiening vir die versorging, behandeling en rehabilitasie van persone wat geestesongesteld is; verskillende prosedures uiteensit wat gevolg moet word in die toelating van sulke persone en om voorsiening te maak vir die versorging en administrasie van die eiendom van geestesongestelde persone.

7.3 Kernfunksies van die departement

Die departement is tot die volgende twee kernfunksies verbind:

- 'n Maatskaplike welsynsdienst aan die armes en kwesbares in vennootskap met belanghebbendes en burgerlike organisasies; en
- 'n Gemeenskapsontwikkelingsdiens wat volhoubare ontwikkelingsprogramme verskaf wat die bemagtiging van gemeenskappe fasiliteer.

7.4 Beleidsmandate

Beleid	Impak op funksionaliteit van die DMO
Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTR) 2014–2019 (2014)	Hierdie Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTR) is die regering se strategiese plan vir die 2014-2019-verkiesingstermyn. Dit weerspieël die verbintenisse wat in die verkiesingsmanifes van die regerende party gemaak is, met inbegrip van die verbintenis om die NOP te implementeer. Die MTR sit die stappe uiteen wat die Regering sal neem en teikens wat bereik moet word. Die oogmerk van die MTR is om beleidsamehang, belyning en koördinerings tussens staatsplanne, sowel as belyning met begrotingsprosesse, te verseker.
Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 (2012)	Die Nasionale Beplanningskommissie het die “Nasionale Ontwikkelingsplan: Visie vir 2030” op 11 November 2011 gepubliseer as 'n stap om 'n nuwe weg vir Suid-Afrika uit te stippel, wat daarna streef om teen 2030 armoede uit te wis en ongelykheid te verminder. Die bygewerkte “Nasionale Ontwikkelingsplan 2030: Ons toekoms – kom ons laat dit werk” is in die loop van 2012 gepubliseer.
EenKaap2040. Van Visie tot Aksie (2012)	Die WKR het hierdie visie in Oktober 2012 aanvaar. Dit het ten doel om 'n oorgang na 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekoms vir die Wes-Kaap te stimuleer. Dit verwoord 'n visie vir hoe die mense van die Wes-Kaap saam kan werk om hul streekseksonomie en die samelewing in die algemeen te ontwikkel, wat daardeur beplanning en optrede ter bevordering van 'n gemeenskaplike verbintenis tot en aanspreeklikheid vir volhoubare langtermynvoortgang kan rig.
Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2014–2019 (2014)	Die PSP is 'n vyfjaarplan wat die WKR se strategieë en planne vir die volgende vyf jaar uiteensit. Die WKR het vyf strategiese doelwitte geïdentifiseer in sy strewende om oor die volgende vyf jaar tot die verwesenliking van die NOP se doelwitte en doelstellings by te dra.
Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997)	Die Witskrif dien sedert 1994 as die grondslag vir maatskaplike welsyn deur rigtinggewende beginsels, beleide en programme vir ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsynstelsels te verskaf.
Nasionale Jeugbeleid 2015–2020 (2015)	Die doel is om jeuginisiatiewe te konsolideer wat die vermoëns van jongmense versterk om die ekonomie en die samelewing te transformeer deur in hul behoeftes te voorsien; deur positiewe uitkomstes, geleenthede, keuses en verhoudings aan te moedig; en deur die nodige ondersteuning te verskaf om dit te ontwikkel.
Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Beleid oor die Befondsing van Organisasies sonder Winsoogmerk vir die Voorsiening van Maatskaplikewelsyn- en Gemeenskapsontwikkelingsdienste (2015) gewysig in 2017	Die doel van hierdie beleid is om te verseker dat oordragbetalings op 'n deursigtige manier bestuur word, wat aanspreeklikheid, toegang, doeltreffende administrasie, duidelike prestasievereistes en die beginsels van administratiewe geregtigheid bevorder om die DMO in staat te stel om sy missie om 'n uitgebreide netwerk van maatskaplike ontwikkelingsdienste wat die armes, die kwesbares en diegene met spesiale behoeftes moontlik maak en bemagtig.

Beleid	Impak op funksionaliteit van die DMO
Witskrif oor Gesinne in Suid-Afrika (2013)	Die hoofdoel van hierdie Witskrif is om gesinswelstand aan te moedig, gesinne en die gesinslewe te bevorder en te versterk, en gesinskweptes deel van die hoofstroom van regeringswye beleidmakingsinisiatiewe te maak. Die Departement het 'n provinsiale plan opgestel vir die implementering van die Witskrif oor Gesinne wat op 16 September 2016 deur die Gesinsdiensteforum aanvaar is.
Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (2013)	Hierdie goedgekeurde nasionale raamwerk is in lyn met die Model vir Geïntegreerde Dienslewering en maak voorsiening vir 'n gestandaardiseerde proses deur middel waarvan maatskaplike werkers generiese maatskaplikewelsynsdienste sal lewer wat van die verlangde gehalte is en wat omvattend geïntegreer, op regte gebaseer en goed toegerus is.
Generiese Norme en Standaarde vir Maatskaplikewelsynsdienste (2013)	Verskaf die maatstawwe vir die voorsiening van maatskaplikewelsynsdienste van gehalte en maak deel uit van die Raamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste.
Wet op Maatskaplikediensberoep (110/1978): Regulasies in verband met die registrasie van spesialiste in proefdienste (2013)	Hierdie regulasies wat in Regulasiekoerant no. 36159, van 15 Februarie 2013, Vol. 572, No 9911 gepubliseer is, is gemik op die regulering en verbetering van proefdienste.
Nasionale Dwelmeesterplan 2013–2017 (2013)	Die plan maak dit moontlik om departemente en plaaslike owerhede ooreenkomstig die Wet op Voorkoming en Behandeling van Middelmisbruik (Wet 70 van 2008) te koördineer. Die doel daarvan is om te verseker dat die land oor 'n eenvormige respons ten opsigte van middelmisbruik beskik.
Supervisieraamwerk vir die Maatskaplikewerkberoep in Suid-Afrika (2012)	Verskaf die raamwerk vir die doeltreffende supervisie van maatskaplike werkers, maatskaplikewerkstudente, maatskaplikehulpwerkers, leerlingmaatskaplikehulpwerkers, maatskaplikewerkspecialiste en privaat praktisyns ten einde bekwame professionele maatskaplikewerkpraktyke te verseker wat in die beste belang van diensgebruikers binne die Suid-Afrikaanse maatskaplike sektor is.
Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplikewelsynsdienste (V4) (2012)	Hierdie nasionale raamwerk sit 'n konsekwente stelsel en duidelike standaard vir die evaluering van die doeltreffendheid van maatskaplikewelsynsdienste en die deurlopende verbetering daarvan uiteen.
'n Jeugontwikkelingstrategie vir die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2013)	Om die jeugontwikkelingsprogramme en prioriteite van die departement te lei, toe te lig en te rig om 'n groot mate van institusionele en programmatiese voorspelbaarheid te bewerkstellig. Dit dien as 'n kritieke beplanninginstrument wat daarop gemik is om in die behoeftes van jongmense in die Wes-Kaap te voorsien.
Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013)	Die doel van die (provinsiale) jeugontwikkelingstrategie is om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te skep sodat hulle beter met hul omgewing omgaan en suksesvol ontwikkel in verantwoordelike, onafhanklike, stabiele volwassenes. Dit fokus op jongmense in die voorjeugfase tussen 10 en 14 jaar en die "jeug"-fase tussen 15 en 24. .
Provinsiale Strategie vir Geïntegreerde Vroeëkindertontwikkeling 2011–2016 (2011)	Die strategie maak toegang moontlik tot VKO van hoë gehalte (Graad R ingesluit) wat soveel as moontlik kinders in staat stel om die veerkrag, selfvertroue, vaardighede en bevoegdheids te verwerf wat seker maak dat hulle goed toegeruste en voorbereide leerders van Graad 1–12 is.
Beleid oor Maatskaplike-ontwikkelingsdienste vir Persone met Gestremdhede (2017)	Die hoofdoel is om die lewering van hoofstroom-maatskaplike-ontwikkelingsdienste aan persone met gestremdhede te rig en te koördineer. Dit het te doel om te verseker dat die waardigheid en regte van persone met

Beleid	Impak op funksionaliteit van die DMO
	gestremdhede beskerm word en aan voldoen word deur die voorsiening van relevante sosio-ekonomiese programme en dienste waardeur hul insluiting verseker sal word.
Beleidsraamwerk – Dienste aan persone met intellektuele gestremdhede (2015)	Die doel van hierdie raamwerk is die lewering van gekoördineerde en gestroomlynde dienste aan persone met intellektuele gestremdhede (PmlG's) deur verskillende provinsiale departemente/sektore ten einde 'n mens-gesentreerde benadering tot PmlG's en hulle gesinne oor sektore en tersaaklike departementele rolle, verantwoordelikhede en befondsingsmodelle te verseker om aan die bepaalde behoeftes te voldoen.
Wes-Kaapse Provinsiale Ruimtelikeontwikkelingsraamwerk (PROP) (2014)	Hierdie raamwerk dien as 'n grondslag vir die koördinerende, integrasie en belyning van lewering op grondvlak van nasionale en provinsiale departementele programme: ondersteun munisipaliteite om hulle mandaat ten opsigte van munisipale beplanning uit te voer in ooreenstemming met die nasionale en provinsiale agendas; ondersteun en kommunikeer die regering se beplanning ten opsigte van ruimtelike ontwikkeling aan die privaat sektor en die burgerlike samelewing.
Beleid oor die hersiening, vrylating en herintegrasie van gevonniste inwoners van die DMO se Kinder- en Jeugsorgsentrusse by minder beperkende alternatiewe of ouersorg (2014).	Hierdie beleid verskaf riglyne vir die hersiening, vrylating en herintegrasie van gevonniste inwoners van KJSS'e deur middel van plasing in minder beperkende alternatiewe sorg, soos bepaal in Hoofstuk 11 van die Kinderwet, 38 van 2005, en die Regulasies
Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Strategie vir die Verbetering van Kindersorg- en beskermingsdienste (2015)	Hierdie strategie is ontwikkel om risiko's wat gepaardgaan met die implementering van statutêre vereistes, norme en standaarde van die Kinderwet te mitigeer. Die strategie identifiseer die onderliggende oorsake van die probleme en die intervensies om hierdie kwessies te hanteer.
Gehalteversekeringsraamwerk vir die Prestasiemonitering van Maatskaplikewelsyns- en Gemeenskapsontwikkelingsdienslewering (2015)	Hierdie provinsiale raamwerk is belynd met die nasionale Gehalteversekeringsraamwerk vir Maatskaplike Welsyn (2013) en beoog omvattende prestasiemonitering deur middel van 'n gehalteversekeringsbenadering vir gemeenskapsontwikkeling en maatskaplikewelsynsdienste in die Departement, asook in die OSW-sektor in hierdie provinsie. Dit fokus ook op die verbetering van diensleweringseffektiwiteit en bepaal die standaarde van diensprestasie en hoe dit gemonitor en bestuur moet word.
'n Gehalteversekeringsprotokol vir Kinder- en Jeugsorgsentrusse 2016–2018 (2016)	Hierdie protokol bevorder die holistiese implementering van 'n gehalteversekeringsprotokol wat fokus op die administratiewe nakoming van wetgewing, goeie korporatiewe staatsbestuur en die nakoming van registrasie en nasionale norme en standaarde vir Kinder- en Jeugsorgsentrusse (KJSS'e).
Strategie vir die Verbeterde Voorsiening van Multiprogramsentrusse (2015)	Die ontwikkeling en bestuur van 'n strategie om 'n gepaste verspreiding van behoorlik toegeruste, gekoördineerde en bestuurde KJSS'e in die provinsie te verseker, wat die vereiste reeks residensiële sorgprogramme soos beoog in artikel 192 van die Kinderwet, 38 van 2005, verskaf.
Nasionale Geïntegreerde Vroeëkindertwikkelingsbeleid (2015)	Hierdie beleid is daarop gemik om dienslewering in Suid-Afrika vir vroeëkindertwikkeling te transformeer, in besonder om kritieke leemtes die hoof te bied en om die voorsiening van 'n omvattende hoëkindertwikkeling te transformeer, in besonder om kritieke leemtes die hoof te bied en om die voorsiening van 'n omvattende hoëgehalte-VKO-program te verseker, wat geskik is ten

Beleid	Impak op funksionaliteit van die DMO
	opsigte van ouderdom en ontwikkelingsfase en wat toeganklik is vir alle babas, jong kinders en hul versorgers soos in die NOP beoog.
Bevolkingsbeleid vir Suid-Afrika (1998)	Die Witskrif bevorder volhoubare menslike ontwikkeling en 'n hoë lewensgehalte vir alle Suid-Afrikaners deur die integrasie van bevolkingskwessies by ontwikkelingsbeplanning in die verskillende regeringsfere en alle sektore van die samelewing. Die Departement het die mandaat om die implementering van die beleid en die impak daarvan op bevolkingstendense en -dinamiek in die konteks van volhoubare menslike ontwikkeling te monitor.
Wes-Kaapse Provinsiale Strategie vir die Voorsiening van Kinder- en Jeugsorgsentrums (KJSS'e) (2016)	Hierdie strategie bepaal die voorsiening van die voldoende verspreiding van residensiële sorg vir kinders deur KJSS'e oor die kontinuum van sorg en relevante sentrumgebaseerde programme regoor die provinsie heen, wat met die provinsie se spesifieke behoeftes, omstandighede, begrotingstoewysings en infrastruktuurbesikbaarheid belyn is.
Wes-Kaapse Strategiese Raamwerk vir Voedsel- en Voedingsekerheid (2016)	Wes-Kaapse Strategiese Raamwerk vir Voedsel- en Voedingsekerheid is gerig op spesifieke tekortkominge in die huidige voedselstelsel om te verseker dat dit alle inwoners van die Wes-Kaap dien. Die strategiese raamwerk bepaal die uitkomste en doelstellings wat programme verbind met die vermindering van honger en verbeterings in gesondheid, voeding en produktiwiteit om alle mense wat in die Wes-Kaap woon, aktief en produktief te lei.
Wes-Kaapse regering se "Whole of Society Approach" (WoSA) tot sosio-ekonomiese ontwikkeling (2018)	Die "Whole of Society Approach (WoSA)" beoog veilige, sosiaal verbonde, veerkragtige en bemagtigde burgers en gemeenskappe met billike toegang tot maatskaplike dienste en geleenthede. Hierdie dokument bied 'n raamwerk vir geïntegreerde en innoverende sosiale ontwikkeling in 'n gefaseerde benadering. Dit is ontwikkel met die doel om 'n ooreenkoms te kry oor die nuwe manier om sosiale ontwikkeling te bevorder deur middel van 'n "Whole of Society Approach".
Witskrif oor die regte van persone met gestremdhede (2015)	Die Witskrif onderskryf 'n hoofstroombeweging om die regte van persone met gestremdhede te verwesenlik deur die skepping van 'n vrye en regverdigde samelewing met persone met gestremdhede as gelyke burgers. Dit lei en moedig selfverteenwoordiging van persone met gestremdhede aan. Dit gee 'n uiteensetting van die verantwoordelikhede en aanspreeklikhede deur middel van nege strategiese pilare wat belanghebbendes opdrag gee om die aanhoudende sistemiese diskriminasie en uitsluiting van persone met gestremdhede uit te roei. Dit lei die Wes-Kaapse departement van maatskaplike ontwikkeling om hindernisvrye, toepaslike, effektiewe, doeltreffende en gekoördineerde dienslewering te bied.
Wes-Kaapse hoofstroomstrategie vir gestremdhede 2015–2020 (2015)	Die strategie vir gestremdhede is 'n strategiese plan van vyf jaar wat die departement begelei in die gebruik van "hoofstroming" as 'n strategie om die verskuiwing van probleme met betrekking tot gestremdhede van die periferie na die aantrekkingskragpunt regdeur die dienslewering van die departement te bespoedig.

7.5 Tersaaklike hofbevele

Wes-Kaapse Forum vir Intellektuele Gestremdeheid: Hofbevetsaak no.: 18678/2007.

Uitspraak wat aan die regering gerig is, is op 11 November 2010 gelewer om redelike maatreëls te tref vir die opvoedkundige behoeftes van erge intellektueel gestremde kinders. Ter voldoening aan die hofbevel maak die departement voorsiening vir die salarisse van versorgers en implementeerders van programme vir intellektueel gestremde kinders by dagsorgsentrusms en befonds die veilige vervoer van hierdie kinders na en van die sentrusms.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Provinsiale Afdeling – Pretoria) in verband met kinders met diepliggende gedragsprobleme, saaknommer 73662/16

'n Hofbevel van 2 Augustus 2018 bepaal dat die nasionale departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, Gesondheid en Onderwys geskikte alternatiewe versorging, intellektuele gesondheidsdienste en onderwysbehoefte vir kinders met erge of diepliggende ontwrigtende gedragsprobleme moet verskaf. 'n Intersektorale projekloodskomitee is in die lewe geroep om maatreëls in plek te stel om die situasie te hanteer deur die ontwikkeling van 'n intersektorale beleid en implementeringsprogram.


Hooggeregshof van Suid-Afrika (Gauteng Provinsiale Afdeling – Pretoria) in verband met pleegsorg, saaknommer 72513/2017

'n Tussentydse hofbevel is op 29 November 2017 aan die nasionale en provinsiale Departemente van Maatskaplike Ontwikkeling, sowel as aan SASSA gerig vir voortgesette befondsing en bestuur van meer as 200 000 pleegsorgbevele wat in November 2017 ten einde sou loop. Ten einde 'n omvattende wetlike oplossing vir die pleegsorgstelsel te vind, is die nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling beveel om (binne 15 maande na die bevel) die nodige wysigings aan die Kinderwet, 2005, en/of die Wet op Maatskaplike Bystand, 2014, voor te berei en bekend te stel. Daarbenewens is enige pleegsorgbevel dat ten tyd van hierdie hofbevel ten einde geloop het, as geldig verklaar vir die volgende 24 maande. Hierdie hofbevel het op 28 November 2019 verval.

Hooggeregshof van Suid-Afrika (Wes-Kaap) in verband met slagoffers van geslaggebaseerde geweld, saaknommer SS17/2017

Uitspraak is op 21 September 2017 aan die WKR se Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gelewer waarvolgens die departement geskikte langtermynmonitering, -berading en -nasorgdienste vir slagoffers van seksuele oortredings moet verskaf. Daarbenewens moet die departement verseker dat departementeel-befondste dienste wat deur OSW's gelewer word, aan die diensleweringsooreenkomste voldoen.

8. Organisasoriese struktuur⁵



9. Instellings wat aan Minister/LUR verslag doen

Nie van toepassing nie.

⁵ Op 31 Maart 2020

Deel B: Prestasie-inligting

1. Verslag van Ouditeur-generaal: Voorafbepaalde doelwitte

Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) voer tans sekere auditprosedures ten opsigte van prestasie-inligting uit om redelike sekerheid in die vorm van 'n auditgevolgtrekking te verskaf. Die auditgevolgtrekking oor die prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte is opgeneem in die verslag aan die bestuur, sonder dat daar wesenlike bevindings is oor die nut en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting vir Program 3 - Kinders en Gesinne.

Verwys na bladsy 156 van die Verslag van die ouditeur-generaal in Deel E: Finansiële inligting.

2. Oorsig oor departementele prestasie

2.1 Diensleweringomgewing

Die departement lewer dienste aan die mees kwesbares te midde van toenemende vlakke van geweld teen vroue en kinders, bendegeweld, middelmisbruik, hoë werkloosheid, voedselonsekerheid en wanvoeding. Die Wes-Kaap is die tuiste van 6,967 miljoen inwoners en daar word geraam dat dit oor die volgende vier jaar (in 2024) met net minder as 'n halfmiljoen mense tot 7,4565 miljoen sal groei.⁶ Dit, saam met lae ekonomiese groei, volgehoue hoë vlakke van ongelykheid, en die toename in maatskaplike euwels het die behoefte vir maatskaplike ontwikkelingsdienste vir 'n toenemend kwesbare bevolking uitgelig.

'n Geraamde 2 073 903 kinders tussen die ouderdom van 0 en 17⁷ jaar woon in die Wes-Kaap. Navorsing⁸ toon 'n hoë voorkoms van kinderwanvoeding en 'n korrelasie met onder andere, die hoë voorkoms van middelmisbruik, insluitend alkohol. Volgens die SAPS (2018), het die Wes-Kaap in 2017/18 die hoogste getal moorde van kinders (279) en in 2018/19 die hoogste getal misdade teen kinders aangemeld. Dit is verder ondersteun deur 'n interne ontleding van moorde op kinders in die Wes-Kaap vir die tydperk 2013–2018, wat 'n opwaartse neiging getoon het met 'n toename van 23,5 persent oor die vyf-jaar-tydperk (SAPD, 2018). In hierdie konteks is 'n hele-gemeenskapsbenadering noodsaaklik ten einde die kompleksiteit van sosio-ekonomiese uitdagings te takel. In hierdie verband het pogings van die departement die behoud van bestaande statutêre dienste op huidige vlakke en verbeterings in die koördinering van die voorkoming en vroeë intervensies (byvoorbeeld toevlugsentrums, naskoolsorgsentrums (NSS'e) en koppeling aan die Isibindi-program). Die voorkoming en vroeë-intervensiedienste sal fokus op die ontwikkeling van bewys-gebaseerde gesinsintervensies, intervensies om die kwesbaarheid van ouers, versorgers en risiko-gesinne te verminder, en intervensies wat psigososiale en gespesialiseerde maatskaplikewelsynsteun identifiseer, assesseer en aan kinders en die risiko-jeug verskaf.

Daar is ongeveer 564 253 kinders tussen die ouderdom van 0 en 4 jaar in die provinsie. Navorsing deur die departement (DMO 2015) asook deur die Universiteit Stellenbosch (Van der Berg, 2014) ondersteun die fokus van die VKO en Gedeeltelikesorgdirektoraat om die gehalte van VKO-programme in die provinsie te verbeter. Daarom is en bly kwessies oor die veiligheid, kognitiewe ontwikkeling, en voeding die fokus van VKO-intervensies. Dit word, en sal altyd ondersteun word deur, onder andere, die institusionalisering van die sentralisering van VKO-registrasie en -herregistrasie ten einde geriewe en die gehalte van programme, die uitbreiding van VKO-dienste deur die VKO-voorwaardelike toelae en die verskaffing van gespesialiseerde ondersteuningsdienste aan kinders met 'n risiko dat hulle nie hulle ontwikkelingsmylpale sal bereik nie.

⁶ Stats SA, Middeljaar- bevolkingskatting, 2019.

⁷ Stats SA, Middeljaar- bevolkingskatting, 2019.

⁸ Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (2015). 'n Evaluering oor kindermishandelingsdata. Interne navorsingsverslag saamgestel deur Victoria Tully en Faheemah Esau

'n Ontleding van die Kwartaallike Werkmag het aangedui dat 31 persent van die jeug van 15– 34 jaar nie in diens, nie in onderwys of opvoeding (NIOO)⁹ is nie. Ondanks 'n mate van sukses in die verbetering van leerlingbehoud, verlaat 14 persent van alle kinders in die provinsie skool teen die ouderdom van 16 jaar, en aan die Weskus is dié getal meer as 22 persent. Die departement het bly fokus op jeugontwikkeling deur die verskaffing van vaardigheds-opleiding- en -ontwikkelingsgeleenthede op verskeie platforms, insluitende Jeugkafes, wat hulle kanse op werk verbeter en 'n positiewe leefstyl en verantwoordelike burgerskap koester. Die Jeugkafeprogram sal geassesseer en strategieë ontwikkel word om toegang tot onderbenutte terreine te verhoog.

Hoe misdaadvlakke, soos in die SAPD 2018/19-statistiek-yrystelling vermeld, dui die ingehokte inperkende aard en stygende vlakke van geweldsmisdade in die provinsie aan. Die moordverhouding in die Wes-Kaap is veel hoër as die geraamde wêreldwye verhouding van 6,2 per 100 000 van die bevolking (Instituut vir Sekerheidstudies, 2015), en die getal sake van seksuele aanranding, aanranding op vroue en die verhouding van verkragtingsake is steeds van die hoogste in die land. Die provinsie het ook die tweede-hoogste getal misdade teen vroue 2018/19 aangemeld. Die departement het sy huidige basiese befondsing voortgesit en die toewysing aan skuilings vir mishandelde vroue en hul kinders, slagoffers van mensehandel en slagoffers van seksuele geweld geoormerk.

Die omvang van middelmisbruik in die provinsie en die verband met verskeie maatskaplike patologieë vereis dringende intervensie, aangesien die Wes-Kaap steeds die provinsie met die hoogste voorkoms van dwelmverwante misdade is wat in Suid-Afrika aangemeld word, met 81 344 sake in 2018/19, wat 35 persent van die totale getal dwelmverwante misdade (232 657 sake) in Suid-Afrika is. Oorkoepelend het 'n toename van 35 persent gevalle van dwelmverwante misdade oor die tienjaartydperk 2009/10 tot 2018/19 in die Wes-Kaap voorgekom. Daar was ook 'n oorhoofse toename in pasiënte wat vir behandeling vir middelmisbruik in die provinsie opgeneem is. Die Departement het steeds geregistreerde middelmisbruikbehandeling- en rehabilitasie-inisiatiewe ondersteun en sal dienste na landelike gebiede, veral die Weskus-, Tuinroete- en die Karoo-distriksmunisipaliteite uitbrei.

Die gemiddelde lewensverwachting is die hoogste in die Wes-Kaap. As gevolg hiervan het die provinsie 'n baie sneller groeiende ouer bevolking as die ander provinsies. Volgens Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) is daar in die Wes-Kaap 467 236 persone van 65 jaar en ouer, met projeksies wat aandui dat die bevolking persone ouer as 65 jaar teen 2025 met 15 025¹⁰ sal toeneem. Die departement verskaf, en sal toegang tot gehalte- maatskaplike ontwikkelingsdienste, veral die uitbreiding van onafhanklike en bystand-leefstyl, sorg aan verswaktes en geskikte gemeenskaps-gebaseerde intervensies, bly verskaf.

Persone met gestremdhede staar beduidende uitdagings in die gesig. Die mees onlangse data beraam dat daar 440 533 persone met gestremdhede in die Wes-Kaap woon. Die departement het voortgegaan met sy regstellingsintervensies, wat hoofstroomopname, ondersteuning en die bevordering van die regte, welstand en sosio-ekonomiese bemagtiging van persone met gestremdhede, hulle gesinne en versorgers insluit. Die departement bly ook steeds verbind tot die hofuitspraak van 2010.

Hoë vlakke van armoede en ongelukheid kom steeds voor, met baie huishoudings wat nie gewoon selfs nie in die mees basiese behoeftes te voorsien nie. Volgens Stats SA (2016), het 255 163 huishoudings aangedui dat hulle in die 12 maande voor Stats SA se 2016-gemeenskapsopname nie genoeg geld gehad het om kos te koop nie. Die Vrystelling oor Armoede-neigings (Stats SA, 2017) het aangedui dat die getal armlastiges in die Wes-Kaap van 17 persent in 2011 tot 21,3 persent in 2015 toegeneem het. In dieselfde tydperk het die armoedegaping van 9 tot 6,8 persent afgeneem. Met die 2016-gemeenskapsopname as basis, is aanvanklik beraam dat die getal huishoudings wat voedselonsekerheid ervaar, van 2019 tot 2023 waarskynlik met ongeveer 11 persent sal toeneem. Die nasionale inperking weens Covid-19-pandemie het egter die voedselonsekerheidskrisis vererger en baie meer huishoudings onder die voedselarmoedevlak gedwing. Die departement het dus teen die einde van Maart 2020 deur sy begrotingsherprioriseringsproses by sy voedingspunte maaltye en kospakkies aan

⁹ Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie, Oorsig van provinsiale inkomste en uitgawes, 2020.

¹⁰ Stats SA, Middeljaar- bevolkingskatting, 2019 en DMO PPU, 2020.

geteikende begunstigdes verskaf. Die geteikende voedingsprogram sal ook van 1 April 2020 deur die desentralisering van die GVOS-program aan die provinsie versterk word. Dit sal ook 'n belangrike noodlenigingsmaatreël vir die verskaffing van voedsel tydens die Covid-inperking wees.

2.2 Program vir verbetering van dienslewering

Die departement het 'n Diensleweringverbeteringsplan (DLVP) vir twee sleuteldienste afgehandel:

- Sleuteldiens een: Kindersorgbeskerming – Prestasiemonitering van toegewyde kinderbeskermingsorganisasies; en
- Sleuteldiens twee: Pleegsorgbestuur – Werwing en opleiding van veiligheids- en pleegouers.

Die onderstaande tabel lig die teikens en prestasie van die diensverbeteringsplan tot op datum uit.

Hoofdiens en standaarde

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/ werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
Kwalitatiewe teikens				
Daar bestaan korrektiewe planne vir alle KBO's wat nie aan die norme en standaarde en/of byeenkomsteikens voldoen nie.	Befondsste kinderskermingsorganisasies sonder winsoogmerk (OSW's)	Alle befondsste kinderskermingsorganisasies (KBO's) vir 2018/19 het kwartaallikse vorderingsverslae (KVV's) in gedien. Hierdie KVV's is kwartaalliks geassesseer deur die programbeleidsontwikkelaars en voldoening is aan die programbestuur asook die onderskeie KBO's (waar van pas/nodig) aangemeld.	Programbeleidsontwikkelaars assesseer die kwartaallikse vorderingsverslae van alle OSW's, en doen verslag oor voldoening aan die programbestuur en aan die onderskeie OSW's (waar toepaslik/ nodig).	Alle KBO's wat gedurende die 2019/20-finansiële 4 jaar befonds is, het hulle kwartaallikse vorderingsverslae ingedien, wat deur die programbeleidsontwikkelaars geassesseer is en verslagoor die voldoening/nakoming is aan die programbestuur asook aan die onderskeie KBO's gedoen. 115 KBO's is in die 2019/20-boekjaar befonds, buiten in kwartaal 2, toe 116 KBO's befonds is. Een van die KBO's, naamlik ACVV Calitzdorp, het hulle organisasie in September 2019 toegemaak.
		Die moniteringsplan vir 2018/19 is op 18 April 2018 goedgekeur en gedurende die jaar gewysig, en wel om die volgende redes:	'n Moniteringsplan vir 2019/20 is op 1 April 2019 ingestel en is soos nodig gewysig in lyn met risiko's wat uit die kwartaallikse vorderingsverslae geïdentifiseer is wat deur OSW's en ter plaatse-	Die moniteringsplan vir 2019/20 is op 16 April 2019 goedgekeur en in die jaar om die volgende redes gewysig: ● Die moniteringsplan is gedurende die tweede kwartaal gewysig en op 12 Augustus 2019 goedgekeur

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/ werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		<ul style="list-style-type: none"> ● Badisa Skiereiland (Elsiesrivier): 'n Opvolgbesoek is gedoen. ● W.E.G: 'n Ter plaatse-opvolgbesoek vir monitering is gedoen om die prestasie van die organisasie te assessee. ● ACVV Calitzdorp: 'n Ter plaatse-opvolgbesoek oor staatsbestuurkwessies is geskeduleer. ● New World Foundation: Ter plaatse-moniteringsbesoek is uitgevoer om vas te stel of die organisasie as 'n toegewyde Kindersorg-Beskermingsorganisasie geklassifiseer kan word. ● Mitchells Plain Netwerk teen Misbruik: Ministeriële versoek vir 'n ter plaatse-moniteringsbesoek om vas te stel of die organisasie as 'n toegewyde Kindersorg-en Beskermingsorganisasie geklassifiseer kan word. ● ACVV Oudtshoorn: Senior bestuur se versoek vir 'n ter plaatse-moniteringsbesoek oor die bevindings van die internebeheerbesoek wat gedoen is. 	<p>moniteringsbesoeke ingedien is.</p>	<p>weens die kanselling van die beplande besoek aan die Worcester Ekumeniese Gemeenskapsdiens (W.E.G.) wat oorspronklik vir 2–4 September 2019 geskeduleer is omdat die kontrak met W.E.G. slegs vir die tydperk 1 April–30 September 2019 geteken is. Die ter plaatse-besoek is deur by CWSA Grabouw vervang.</p> <ul style="list-style-type: none"> ● Gedurende kwartaal 3 is die moniteringsplan gewysig en op 14 November 2019 goedgekeur om ter plaatse-moniteringsbesoeke aan KBO's te akkommodeer.

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/ werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		<p>Alle geskeduleerde KBO's buiten twee is gemoniteer in lyn met die 2018/19-moniteringsplan en die SBP vir prestasie van maatskaplikewelsynsdienste. Die volgende twee KBO's is nie gemoniteer nie, soos op die 2018/19-skedule nie:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● Badisa Porterville: Die programbegroting, en nie mensehulpbronne nie, het nie voorsiening gemaak dat die beplande ter plaatse-moniterings-besoek gebring word nie.. Die ter plaatse besoek is vir die 2019/20 finansiële jaar herskeduleer. ● Just Grace: Die organisasie was nie gereed vir die ter plaatse-momiteringsbesoek nie. Die ter plaatse-momiteringsbesoek is herskeduleer vir die 2019/20-boekjaar. 	<p>OSW's word in lyn met hierdie plan (soos gewysig) en die SBP vir prestasiemonitering van maatskaplikewelsynsdienste gemoniteer.</p>	<p>Altesaam 52 KBO's is in die tydperk van verslag in lyn met die goedgekeurde 2019/20-moniteringplan en die SBP vir prestasie-monitering van maatskaplike-welsynsdienste geskeduleer en gemoniteer.</p>
			<p>Daar bestaan korrektiewe planne vir alle OSW's wat nie aan die norme en standaarde en/of vergaderingsteikens voldoen nie.</p>	<p>Daar bestaan korrektiewe planne vir alle OSW's wat nie aan die norme en standaarde en/of vergaderingsteikens voldoen nie. Alle nuwe geïdentifiseerde KBO's wat nie voldoen nie, het ingestem dat korrektiewe aksies ingestel word..</p>

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/ werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		<p>Die uitvoering van die KBO-korrektiewe planne vir die 2018/19-boekjaar is, waar was van toepassing; elke kwartaal in die kwartaallikse vorderingsverslae vermeld.</p>	<p>Daar word kwartaalliks oor teikens vir korrektiewe planne in die OWS-vorderingsverslae verslag gedoen.</p>	<p>Daar is van al 90 KBO's met korrektiewe-aksieplanne in die 2019/20-boekjaar vereis dat hulle kwartaalliks in hulle vorderingsverslae verslag lewer. 61 van hierdie organisasies het in kwartaal 4 oor die uitkomste van hulle korrektiewe planne verslag gedoen. Die ander 29 organisasies sal na verwagting in hulle vorderingsverslae oor hulle korrektiewe planne van 2020/21-kwartaal 1 hieraan aandag gee.</p>
		<p>Alle kinderbeskermingsorganisasies (KBO's) wat gedurende 2018/19 befonds is, het kwartaallikse vorderingsverslae ingedien. Hierdie verslae is kwartaalliks deur die programbeleidontwikkelaars beoordeel en voldoening is, (waar toepaslik/nodig) aan die programbestuur sowel as aan die onderskeie kinderbeskermingsorganisasies deurgegee.</p>	<p>Programbeleidontwikkelaars ontleed die vorderingsverslae van alle OSW's, en gee kwartaalliks terugvoer oor voldoening aan die programbestuur en die onderskeie OSW's (waar toepaslik/nodig).</p>	<p>Alle KBO's wat in die 2019/20-boekjaar befonds is, het kwartaalliks vorderingsverslae ingedien, wat deur die programbeleidontwikkelaars geassesseer is en voldoening is aan die programbestuur en ook aan die onderskeie KBO's deurgegee.. 115 KBO's is in die 2019/20-finansiële jaar befonds, behalwe in kwartaal 2, toe 116 KBO's befonds is. Een KBO, naamlik ACVV Callitzdorp het hulle organisasie se deure in September 2019 gesluit.</p>
		<p>Gedurende die 2018/19-boekjaar is KBO's wat nie voldoen het nie, nie na die DMO se IKB-eenheid verwys nie, aangesien die oorhoofse</p>	<p>OSW's wat nie aan die korrektiewe plan voldoen nie, word na die DMO's se IKB-eenheid verwys vir verdere ondersteuning.</p>	<p>Gedurende die 2019/20-boekjaar is KBO's wat nie voldoen het nie, nie na die DMO se IKB-eenheid verwys nie, aangesien die oorhoofse</p>

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/ werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		assesserings nie verwysing na die IKB genoodsaak het nie. Maar die KBO's wat nie voldoen nie, sal steeds deur die programbeleidsontwikkelaars gemoniteer word.		assesserings nie verwysing na die IKB genoodsaak het nie. Die KBO's wat nie voldoen nie, sal egter steeds deur die programbeleidsontwikkelaars gemoniteer word.
Kwantitatiewe teikens				
Bevordering van maatskaplike insluiting en armoedeverligting deur voedingsondersteuning te verskaf en UOWP-geleenthede vir die mees kwesbares in die provinsie te fasiliteer.	5.4.1	Getal individue wat deur armoedeverligtingsinisiatiewe bevoordeel is.	6 688	6 235	7 533	1 298	Bykomende voedingspersele en werksgeleenthede is beskikbaar gestel.

Prestasie-aanwysers

Subprogram 5.4 Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan								
Prestasie-aanwyser vir program		Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken teenoor Werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
5.4.1.1	Getal kwalifiserende begunstigdes wat maaltye ontvang by voedingspersele wat deur die Departement befonds word.	4 946	5 101	5 329	4 920	6 092	1 172	'n Verhoogde aanvraag na die diens weens bykomende verwysings van huisgebaseerde versorgingsorganisasies, klinieke en plaaslike DMO-kantore.
5.4.1.2	Getal UOWP-werkgeleenthede wat geskep is.	1 332	1 585	1 359	1 315	1 441	126	Oorprestasie weens bykomende werkgeleenthede wat deur OSW's geskep is..

Programprestasie

- Die departement het deur die UOWP-program tydelike werkgeleenthede aan werklose mense geskep vir die oorsigtydperk. Dit het die skep van werkplekondervinding en vaardigheidsontwikkeling behels deur die uitbreiding van maatskaplike dienste binne kwesbare gemeenskappe, soos huisgebaseerde versorgers, binne DMO-befondste VKO's asook versorgers in die gestremdheidsektor. Daarbenewens het die UOWP-program hierdie begunstigdes van 'n veiligheidsnet voorsien in terme van ekonomiese uitligting deur die verskaffing van vaardighede en opleiding, asook 'n maandelikse stipendium.

- Die departement het norme en standaarde vir alle volhoubare lewensbestaan-befondste OSW's geïmplementeer. Hierdie norme en standaarde word deur middel van perseelverifikasie-kontrolelyste en deur begunstigde-registers afgedwing, wat beide as deel van die Oordragbetalingsooreenkomste tussen die OSW en die departement ingesluit is. Hierdie perseelverifikasie-kontrolelyste en begunstigde-registers verseker OSW-nakoming van die norme en standaarde, en die departement sal remediërende optrede vir nienakoming verskaf, indien nodig.
- Die departement het ontmoetings met Kommoditeitsprojektoewysingskomitees (KPTK's) bygewoon wat deur die Departement Landbou se Omvattende Landbouondersteuningsprogram (OLOP) aangebied is, om die werkverhouding tussen die twee departemente verder te versterk.

Strategie om areas van onderprestasie te oorkom

N.v.t.

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Subprogram 5.5 Gemeenskapsgebaseerde navorsing en beplanning

Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogram bestuur.

Aanwysers vir strategiese doelstellings

Subprogram 5.6 Jeugontwikkeling							
Strategiese doelstelling		Prestasie-aanwyser vir strategiese doelstelling	Werklike prestasie 2018/19	Bepalende teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van bepalende teiken teenoor Werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
Toegang tot toepaslike maatskaplike ontwikkelingsdienste vir die jeug.		5.6.1 Getal jeugdige wat aan vaardigheidsontwikkelingsprogramme deelneem	19 270	18 840	22 649	3 809	Hoë aanvraag vir dienste

Prestasie-aanwysers

Subprogram 5.6 Jeugontwikkeling								
Prestasie-aanwyser vir program		Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Bepalende teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van bepalende teiken teenoor Werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
5.6.1.1	Getal jeugdige wat aan vaardigheidsontwikkelingsprogramme deelneem.	22 197	15 055	14 473	15 000	16 315	1 315	Hoë aanvraag vir ontwikkelingsprogramme.
5.6.1.2	Getal jeugdige wat aan werkseleenthede en ander vaardigheidsontwikkelings geleenthede vanuit eie dienste gekoppel is.	5 603	4 402	4 797	3 840	6 334	2 494	Hoë aanvraag deur werklose jeug en 'n toename in geleenthede wat via vennootskappe deur programme geskep is
5.6.1.3	Getal befondste Jeugkafees.	6	8	11	14	13	-1	Begrotingsdruk het verdere uitbreiding van die aantal Jeugkafees vertraag wat oorspronklik vir hierdie finansiële jaar beplan is.

Programprestasies

- Die hoofstroming van die jeug met gestremdhede het tot gevolg gehad dat 147 jong mense die basiese gebaretaalkursus voltooi het wat deur DEAFNET SA aangebied is, en 20 jeugdige van die Eilandhuis vir Gestremde het aan die gespesialiseerde aktiwiteite deelgeneem wat vir kinders met gestremdhede by die Veldruff Jeugkafee aangebied is.

- 1 500 skoolgaande jeugdiges is deur die deurlopende hoofstroming van die Naskoolsorg Game Changer in Jeugkafees bereik deur die voorsiening van ontspannings-, opvoedkundige en opleidingsprogramme.
- Die departement het kapasiteitsbou van 80 deelnemers van befondste OSW's en onbefondste jeug-OSW's oor die provinsiale Jeugontwikkelingstrategie, asook die aanbieding van die NDMO-werkwinkel oor die Konsep-Implementeringsplan van die NDMO se Jeugontwikkelingstrategie vir interne en eksterne belanghebbendes gefasiliteer.

Strategie om terreine van onderprestasie te oorkom

N.v.t

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Subprogram 5.7 Vroue-ontwikkeling
Hierdie intervensies word transversaal binne die subprogramme bestuur.

Aanwysers vir strategiese doelstellings

Subprogram 5.8 Bevordering van bevolkingsbeleid							
Strategiese doelstelling	Prestasie-aanwyser vir strategiese doelstelling		Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken teenoor Werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
Om navorsing, voorspraak en kapasiteitsbou van bevolkings ten opsigte van demografie-dinamiek en bevolkingstendense te fasiliteer, uit te voer en te bestuur, en die implementering van beleid in die provinsie te moniteer en te assesser	5.8.1	Aantal bevolkingsnavorsingsprojekte en demografiese profiele voltooi	7	7	12	5	Bykomende gemeenskap-/demografiese profiele afgehandel om provinsiale Veiligheidsplan in te lig

Prestasie-aanwysers

Subprogram 5.8 Bevordering van bevolkingsbeleid								
Prestasie-aanwyser vir program		Werklike prestasie 2016/17	Werklike prestasie 2017/18	Werklike prestasie 2018/19	Beplande teiken 2019/20	Werklike prestasie 2019/20	Afwyking van beplande teiken teenoor Werklike prestasie 2019/20	Opmerking oor afwykings
5.8.1.1	Getal navorsingsprojekte voltooi.	2	1	1	1	1	-	-
5.8.1.2	Getal demografiese profielprojekte voltooi	6	30	6	6	11	5	Bykomende gemeenskap-/demografiese profiele afgehandel om provinsiale Veiligheidsplan in te lig

Programprestasies

- Die departement het verskeie stelde bevolkingsprojeksieberamings van 2019 tot 2030 op verskillende geografiese grensvlakke verskaf, insluitend provinsiale, distriks-, plaaslike munisipale grense en kleiner areas deur Stats SA se Middelaarbevolkingsberamings as basis te gebruik.
- Hierdie projeksies/beramings is deur verskeie provinsialeregeringsdepartemente gebruik in hulle beplanningsprosesse, o.a. die Wes-Kaapse Onderwysdepartement: vir eenvormige inligting vir fisiese hulpbronbeplanning en Eiendomsbestuur met die bou van skole;; Departement van Gemeenskapsveiligheid (DGV): as inset vir die ontwikkeling van provinsiale veiligheidsplanne; die Provinsiale Tesourie (PT): om bevolkingstotale vir die Wes-Kaap en plaaslike munisipaliteite vir die jare 2019–2025 te beraam en ook om munisipale en provinsiale ekonomiese oorsigte en vooruitskouing (MEOV en PEOV) en die sosio-ekonomiese profiele voor te berei. Kleinareaberamings is ook aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOS&OP) deurgegee ter ondersteuning van die provinsiale Groeipotensiaalnavorsing (GPN) en die ontwikkeling van die provinsiale verslag oor die stand van ontwikkeling SOPV).

Strategie om terreine van onderprestasie te oorkom

N.v.t.

Veranderinge aan beplande teikens

Geen.

Koppel prestasies met begroting

Die program het 99,63 persent van sy begrote R69,174 miljoen vir die 2019/20-boekjaar bestee. Die onbestede fondse van R257 000 hou verband met die onderbesteding in VvW weens interne bevorderings en personeeluitgange.

Die program het 100 persent van sy R50,032 miljoen begroting vir die 2018/19-boekjaar bestee.

Tabel L: Subprogrambesteding

Naam van subprogram	2019/20			2018/19		
	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike besteding	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Ontwikkeling en navorsing						
Bestuur en ondersteuning	6 770	6 770	-	6 469	6 469	-
Institusionele kapasiteitsbou en ondersteuning vir OSW's	2 195	2 195	-	1 926	1 926	-
Armoedeverligting en volhoubare lewensbestaan	34 631	34 487	144	18 417	18 417	-
Jeugontwikkeling	22 360	22 273	87	20 429	20 429	-
Bevordering van bevolkingsbeleid	3 218	3 192	26	2 791	2 791	-
Totaal	69 174	68 917	257	50 032	50 032	-

5. Oordragbetalings

5.1 Oordragbetalings aan staatsinstellings

Nie van toepassing nie.

5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies buiten staatsinstellings

Verwys na Bylae A: Oordragte aan Organisasies sonder Winsbejag.

Die departement moniteer die doordragbetalingsproses op die volgende wyse:

- Elke program het 'n moniteringsplan vir elke OSW wat dit befonds, wat perseelbesoeke insluit;
- Nakoming word gemoniteer ooreenkomstig die Oordragbetalingsooreenkoms (OBO) wat al die teikens en die befondingsvoorwaardes bevat;
- Befondingsvergaderings is geïnstitutionaliseer as 'n bykomende instrument om program-OBO's te moniteer; en
- Die prestasie-inligtingsbestuursprosesse (insluitend rapporteringstemplate, SBP's en tegniese-aanwyserbeskrywings) is hersien om te verseker dat die data wat ingesamel is, betroubaar, en geldig is en dat die datastelle volledig is.

Ander oordragte

'n Bedrag van R22 duisendis oorgedra vir radio- en televisielisensies.

'n Bedrag van R2.540miljoen is aan die Gesondheid- en veiligheid-SETA oorgedra vir die vaardigheidsontwikkelingsheffing.

6. Voorwaardelike toelaes

6.1 Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse betaal

Niks om oor verslag te doen nie.

6.2 Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse ontvang

Die departement het 'n toewysing van R180,812 miljoen vir die 2019/20-boekjaar ontvang.

Voorwaardelike toelaes

Vroeëkindertontwikkeling

Die VKO-programtoelae van R40,479 miljoen het ten doel om toegang tot die getal kinders in VKO-fasiliteite te verhoog en kleiner infrastruktuuropgraderings, instandhoudingswerk en die verskaffing van leermateriaal te doen om fasiliteite te help om van voorwaardelike tot volle registrasie te vorder.

Geormerkte fondse

Evaluering van die doeltreffendheid van gemeenskapgebaseerde Middelmisbruikbehandeling- en rehabilitasiedienste

'n Geormerkte toewysing van R1,3 miljoen vir 2019/20 vir die evaluering van die doeltreffendheid van gemeenskapsgebaseerde middelmisbruikbehandeling- en rehabilitasiedienste.

Persone met gestremdhede

'n Geormerkte toewysing R50,689 miljoen is ontvang vir dienste aan persone met gestremdhede, insluitend die wetlike verpligting van die hofuitspraak rakende kinders met erge intellektuele gestremdheid.

Sanitêrewaardigheidsprojek

'n Bedrag van R23,773 miljoen is in 2019/20 geormerk vir die Sanitêrewaardigheidsprojek. Die doel van die projek is om behoeftige vroulike leerders in Graad 4–12, wat kwintiel 1–skole bywoon, toegang tot basiese sanitêre ware te gee.

Isibindi-program

'n Bedrag van R12,933 miljoen is vir die Isibindi-program geormerk. Die program verleen beskerming, sorg en ondersteuning aan kwesbare kinders in gemeenskappe.

NAWONGO-hofuitspraak

'n Bedrag van R21,665 miljoen is ontvang vir die verskaffing van kinderswelsynsdienste. Die befondsing is gebruik om die VKO-eenheidskoste van R15 tot R16 per kind per dag 264 dae per jaar in 2019/20 te verhoog.

Geweld teen Vroue

R15,961 miljoen is in die 2019/20-boekjaar geormerk vir die uitbreiding van die SBP om geweld teen vroue en kinders te voorkom.

Maatskaplikewerkerindiensneming

Die geormerkte bedrag van R14,012 miljoen is gebruik vir die aanstelling van 37 maatskaplikewerk-gegradueerdes deur die departement.

Voorwaardelike toelaes en geormerkte toewysings

Toelae en geormerkte toewysing	Bedrag toegeken R'000	Werklike besteding R'000	Onder/(Oor) R'000
Voorwaardelike toelae			
VKO-voorwaardelike toelae	40 479	40 476	3
Geormerkte fondse			
'n Evaluering van die doelmatigheid van die Gemeenskap-gebaseerde Middelmisbruikbehandelingsdienste	1 300	119	1 181
Persone net gestremdhede	50 689	46 896	3 793
Sanitêrewaardigheidsprojek	23 773	10 299	13 474
Isibindi-program	12 933	12 933	0
NAWONGO-hofuitspraak	21 665	21 665	0
Geweld teen Vroue	15 961	15 961	0
Maatskaplikewerkerindiensneming	14 012	12 939	1 073

Bevestiging dat alle oordragte in die geakkrediteerde bankrekening van die Provinsiale Tesourie gedeponeer is

Provinsiale Tesourie het bevestig dat alle oordragte in die geakkrediteerde bankrekening van die Provinsiale Tesourie gedeponeer is.

Tabel M: Voorwaardelike toelae

Voorwaardelike toelae: VKO-departement wat die toelae oorgedra het	Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.
Doel van die toelae	Om die getal arm kinders wat gesubsidieerde VKO-dienste deur die gedeeltelikesorgfasiliteite ontvang te verhoog. Om VKO (vroeeëkindersonwikkelings-)verskaffers wat 'n VKO- program hanteer te ondersteun om basiese gesondheid- en veiligheidsvereistes vir registrasie te haal. Om die konstruksie van nuwe laekoste-VKO-sentrums te loods
Verwagte uitsette van die toelae	7 200 kinders is vir subsidie geteiken. 53 VKO-fasiliteite is vir infrastruktuur geteiken
Werklike uitsette bereik	7 586 kinders deur subsidie bereik. 53 VKO-fasiliteite opgegradeer
Bedrag volgens gewysigde DORA (R'000)	R40 479
Bedrag ontvang (R'000)	R40 479
Redes waarom bedrag soos volgens DORA nie ontvang is nie	Nie van toepassing
Bedrag deur departement bestee (R'000)	R40 476
Redes vir onbestede fondse deur die instelling	Nie van toepassing
Redes vir afwyking van prestasie	Die departement het bykomende gewone aandeelfondse verskaf om die toelaagtoewysing te verhoog.
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	Nie van toepassing
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Die provinsiale departement het die volgende verslae aan NDMO en die PT ingedien: <ul style="list-style-type: none"> ● Maandelikse in-jaar-moniteringsverslag (IJM-) om besteding te moniteer. ● Maandelikse Infrastruktuurverlagdoeningsmodel IRM om die vordering van en besteding aan infrastruktuuropgraderings te moniteer. ● Kwartaallikse vorderingsverslae om prestasie-opdatering van infrastruktuur- en subsidietoelae te verskaf. ● Kwartaallikse moniteringsinstrumente om statistiese data te verskaf oor hoe die provinsie VKO-dienste deur voorwaardelike toelae asook gewone aandeel voorsien. ● Jaareindeverslag om jaarlikse doelwitte/ prestasie, besteding en uitdagings wat ervaar is, te verskaf. ● Woon kwartaallikse verslagvergaderings van NDMO by om opdaterings oor provinsiale stand van voorwaardelike toelae en opdatering oor provinsiale sake te verskaf. ● Om vordering te moniteer dien alle organisasies wat deur die voorwaardelike toelae van die provinsiale departement befonds is kwartaallikse prestasieverslae in.

Voorwaardelike toelae: VKO-departement wat die toelae oorgedra het	Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.
	<ul style="list-style-type: none"> ● Jaarlikse prestasie-assesseringsverslae vir nakoming van vereistes van Diensleweringsooreenkoms (DVO/OBO) word voltooi vir alle organisasies wat deur die provinsiale departement befonds is.

7. Skenkerfondse

Niks om verslag oor te doen nie.

8. Kapitaalbelegging

8.1 Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan

Vordering gemaak met die implementering van batebelegging, instandhouding en batebestuursplan

Die departement se kapitaalbeleggings bestaan hoofsaaklik uit roerende bates ten opsigte van rekenaartoerusting, meubels, motorvoertuie en ander toerusting. Die bateregister word onmiddellik bygewerk met verkrygings, verkope en enige ander beweging van bates. Bates vir inligtingstegnologie sluit 'n vyf-jaar waarborg in indien 'n bate verval.

Infrastruktuurprojekte (huidig en aan die gang)

- Projekte wat deur die loop van hierdie finansiële jaar voltooi is, is die opknapping van die grondvlak in die York Park-gebou.
- Die opknappingsprojek Mosselbaai, Willem Van Heerden, het ook in hierdie oorsigtydperk begin en sal tydens die 2020/21-prestasiesiklus afgehandel wees.
- Sivuyile-inwonersentrum, herkonfigurasie van wyke in ooreenstemming met vereistes vir gestremdhede.
- Clanwilliam KJSS, konstruksie van twee nuwe slaapsale.

Planne om enige huidige fasiliteite te sluit of af te gradeer

Geen.

Vordering gemaak met die instandhouding van infrastruktuur

- Tans besig met opknapping van die nuwe kantore vir Swellendam Diensleweringarea (DLA).
- Kaapse Wynland/Overberg-streetskantoor: Parkeerterrein opgegradeer.
- Opknapping van Witzenberg DLA afgehandel.
- Lindelani KJSS: Verskeie algemene instandhoudingskwessies is getakel.
- Ontvang, Waarneming, Assesering, Verwysing (OWAV/ROAR KJSS (De Novo): Verskeie algemene instandhoudingskwessies is getakel.
- Outeniekwa Veiligheidsentrum: Verskeie algemene instandhoudingskwessies is getakel.
- Gugulethu DLA: Algemene herstel- en verwerk.
- Metro-Suid-streetskantoor (Wynberg): Verskeie algemene instandhoudingskwessies.
- Metro-Noord-streetskantoor, Elsie-rivier DLA en Delft DLA: Verskeie algemene instandhoudingskwessies aan die gang.
- Tans besig met die opknapping van die Kaapstad DLA.

Ontwikkelings in verband met bogenoemde wat na verwagting 'n impak op die departement se lopende besteding sal hê

Die bogenoemde besteding sal nie enige impak op die departement se huidige besteding hê nie, aangesien die koste deur die DVOW gedra word.

Veranderings ten opsigte van batebesit

Die totale kapitaalbate van die Departement teen kosprys beloop R128 791 998,64 soos op 31 Maart 2020. Die jaarlikse voorraadopname is op 31 Maart 2020. Alle besonderhede van die bates word in die bateregister aangeteken en is akkuraat, betroubaar en korrek geklassifiseer. Alle uitgediende, onbetaalbare en beskadigde bates is gereeld en op 'n deursigtige wyse verkoop..

Altesaam 24 bates is in die 2019/20-finansiële jaar afgeskryf. Die totale waarde van afgeskrewe bates in die 2019/20-boekjaar was R158 221,36. Die vervreemde bates het verband gehou met goedgekeurde verliese volgens die Verliesbeheerregister.

Tabel N: Die uiteensetting van die vernaamste (kapitale) batesbesit is as volg:

Stoorplek	Kosprys in R
Hoofkantoor	17 451 728,37
Metro-Suid	6 253 619,50
Metro-Oos	5 526 404,42
Metro-Noord	5 487 453,54
Eden-Karoo	4 778 875,52
Kaapse Wynland	5 630 245,57
Weskus	3 022 314,95
Geriewe	12 712 764,35
Departementele voertuie (SMV-voertuie)	67 928 592,42
TOTAAL	128 791 998,64

*Syfers vir toegewysde kapitaalbate, uitgesluit tekorte

Bates tydens die 2019/20-boekjaar vervreem

Die departementele vervreemding van 2 054 bates gedurende die 2019/20-boekjaar het R6 594 625,16 beloop (314 kapitaalbate teen R 4 371 218,79 en 1 740 mindere bates teen R2 223 406,37). Staatsmotorvervoer (SMV) het 34 voertuie ter waarde van R4 937 497,22 wat aan die departement toegewys is, vervreem en deur die verloop van die jaar vervang.

Maatreëls wat getref is om te verseker dat die departement se bateregister bygehou word

Bates word per die departementele Bateregister op die datum van ontvangs op die LOGIS-stelsel aangeteken. Maandelikse BAS/LOGIS-Rekonsiliasies word ook gedoen om te verseker dat alles volledig aangeteken is en sodat dit in lyn is met die Batebesteding per BAS-proefbalans en die Bateregister, insluitend die Batekategorieë. Van alle kostesentrums word verwag om 'n kwartaallike bateverifiëring onder hulle beheer te doen en enige geïdentifiseerde veranderinge tydens die proses deur te gee. Dit beteken dat die

departementele dataregister onmiddellik opgedateer kan word. 'n Jaarlikse bateverifiëring word ook uitgevoer ten einde te verseker dat die bateregister akkuraat en volledig is.

Die huidige stand van die Departement se kapitaalbates

Die huidige toestand van die departementele kapitaalvoorraad: 45 persent van die bates is in 'n goeie (bruikbare) toestand, hoofsaaklik weens opknapping en grootmaatverkryging van IT-toerusting; 50 persent van die bates is in 'n billike (bruikbare) toestand, en die oorblywende vyf persent van die bates is in 'n swak toestand en moet oorweeg word vir verkoop.

Groot instandhoudingsprojekte wat onderneem is

Geen groot instandhoudingswerk is in die oorsigjaar deur die departement gedoen nie; die DVOW is verantwoordelik vir hierdie projekte.

Vordering wat gemaak is met aanpak van die instandhoudingsagterstand

Die DVOW het in die oorsigtydperk daarin geslaag om sommige van die instandhoudingsagterstand in te haal. Weens begrotingsbeperkings is daar egter steeds 'n geweldige agterstand by die departement se veiligheidsentrums. Bykomende befondsing is van PT verseker om die instandhoudingsagterstand by die veiligheidsentrums te verminder.

Tabel O: Infrastruktuurprojekte

Infrastruktuurprojekte	2019/20			2018/19		
	Finale toewysing R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-/ Onderbesteding R'000)	Finale toewysing R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-/ Onderbesteding R'000)
Nuwe en vervangingsbates	-	-	-	-	-	-
Bestaande infrastruktuur bates						
Opgradering van infrastruktuur vir WK Forum vir intellektuele gestremdhede	3 891	17 081	(13 190)	18 448	10 804	7 644
Slaapsaal by Clanwilliam KJSS	-	6 332	(6 332)	19 590	11 540	8 050
Modernisering van Huis De Klerk-koshuis: veranderinge en opgradering	550	31 190	(30 640)	29 029	12 742	16 287
Modernisering - Union House (2de, 5de en 10de vlak)	-	67	(67)	4 623	-	4 623
Modernisering York Park (Grond- en 1ste vlak) – (George DLA geleë op grondvlak)	5 114	5 645	(531)	34 529	30 900	3 629
Infrastruktuur-oordrag						
• Lopend	-	-	-	-	-	-
• Kapitaal	-	-	-	-	-	-
Totaal	9 555	60 315	(50 760)	106 219	65 986	40 233

Deel C: Staatsbestuur

1. Inleiding

Die Departement se verbintenis tot die handhawing van die hoogste standaard van staatsbestuur, vorm die basis van die bestuur van openbare fondse en hulpbronne. Gebruikers wil die versekering hê dat die departement goeie staatsbestuurstrukture in plek het vir die doeltreffende, doelmatige en ekonomiese benutting van staatshulpbronne wat deur die belastingbetaler befonds word.

2. Risikobestuur

Die rekenpligtige beampte vir die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aanvaar aanspreeklikheid vir die implementering van Ondernemingsrisikobestuur. (ORB) ooreenkomstig die Nasionale Tesourie se Staatsdienssektorrisikobestuursraamwerk (SSRBR), en die Direktoraat Ondernemingsrisikobestuur (D: ORB) in die Departement van die Premier (DvdP) verskaf 'n gesentraliseerde diens aan die departement.

Die departement het 'n Ondernemingsrisikobestuurkomitee in die lewe geroep om die rekenpligtige beampte in sy verantwoordelikheid in verband met risikobestuur by te staan.

Etik en Ondernemings Risiko Bestuurs Komitee (ORBKO)-verantwoordelikheid

Die ORBKO berig dat dit voldoen het aan sy verantwoordelikhede voortspruitend uit Artikel 38 (1) (a) (i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Tesourie-regulasie 3.2.1 en Staatsdiensregulasies van 2016, Hoofstuk 2, Deel 1, 2 en 3. Die ORBKO berig voorts dat dit 'n geskikte formele Bepalings van Verwysing aanvaar het (wat op 14 Februarie 2019 deur die ORBKO-voorsitter goedgekeur is) en dat dit sy sake in nakoming van die Bepalings van Verwysing gereguleer het en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat, nagekom het.

Etik en Ondernemings Risiko Bestuurs Komitee (ORBKO)-lede

Die ORBKO bestaan uit geselekteerde lede van die Departement se senior bestuurspan. Die ORBKO het volgens sy opdrag minstens vier keer (kwartaalliks) gedurende die verslagjaar vergader.

Die onderstaande tabel gee tersaaklike inligting oor ORBKO-lede:

Lid	Posisie	Geskeduleerde vergaderings	Bygewoon	Datum van aanstelling
Dr. R. Macdonald	Rekenpligtige beampte (Voorsitter)	4	3	31/03/2017
Mnr. J. Smith	Hoofdirekteur: Finansiële bestuur (HFB en Risikobeampte)	4	3	30/03/2017
Mnr. C. Jordan	Hoofdirekteur: Kinders, gesinne en VKO	4	2	30/03/2017
Mev. M. Johnson	Hoofdirekteur: Sakebeplanning en -strategie	4	2	30/03/2017
Mnr. M. Hewu	Hoofdirekteur: Gemeenskap- en Vennootskapontwikkeling	4	2	30/03/2017
Mev. A. van Reenen	Direkteur: Bedryfsbestuursteun- en Etikbeampte	4	3	30/03/2017

Die onderstaande tabel gee 'n aanduiding van ander beamptes wat die ORBKO-vergaderings in die jaar van oorsig bygewoon het:

Naam	Posisie	Bygewoon
Me C. George	Assistentdirekteur: Interne Beheer (Sekretariaat)	3
Me D. West	Staatsrekenmeester: Interne beheer	2
Mnr. S. Abrahams	Staatsrekenmeester: Interne beheer	1
Mnr. S. Malan	Direkteur: Interne oudit (DvdP)	3
Mev. A. Haq	Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	1
Mnr. S. Africa	Hoof risiko-adviseur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	3
Me. Y. Sidziya	Voorgaadse Internskaphouer: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	2
Me. N. Mbembeni	Voorgaadse internskaphouer: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	1
Mev. M. Natesan	Adjunkdirekteur: Provinsiale forensiese dienste (DvdP)	1
Mnr. E. Peters	IT-staatsbestuur- en risikopraktisyn (DvdP)	2
Mev. W. Hansby	Direkteur: Provinsiale forensiese dienste (DvdP)	1
Mnr. W. Jacobs	Adjunkdirekteur: Provinsiale forensiese dienste (DvdP)	1

Etiëk en Ondernemings Risiko Bestuurs Komitee sleutelaktiwiteite

Die Rekenpligtige Beampte is die voorsitter van die ORBKO. In die uitvoering van sy funksie het die ORBKO gedurende die jaar die volgende sleutelaktiwiteite uitgevoer:

- Die departement se Risikobestuursbeleid-, Strategie- en Implementeringsplan hersien vir aanbeveling deur die Ouditkomitee en goedkeuring deur die rekenpligtige beampte;
- Gepaste risiko-aptit en toleransies opgestel, hersien en dit toegepas en vir goedkeuring deur die rekenpligtige beampte aanbeveel.
- Die omvang en doeltreffendheid van integrasie van risikobestuur in die departement geëvalueer;
- Die implementering van die departementele Risikobestuursbeleid, -strategie en -implementeringsplan geassesseer;
- Die doeltreffendheid en noodlenigingstrategieë geëvalueer om materiële strategiese program-etiese en ekonomiese misdaadrisiko's te hanteer;
- Enige materiële veranderinge aan die risikoprofiel van die departement aan die rekenpligtige beampte gerapporteer;
- Die identifikasie van opkomende risiko's oorweeg;
- Die Bedrog- en Korruptievoorkomingsplan en die gepaardgaande Implementeringsplan hersien en vir goedkeuring deur die rekenpligtige beampte aanbeveel;
- Die implementering van die departementele Etiëkbestuur-implementeringsplan geassesseer; en
- Oorsig oor etiëkbestuur in die departement verskaf.

Belangrike risiko's oorweeg en hanteer gedurende die jaar

Die onderstaande items is die sleutel- strategiese risiko's vir die departement wat kwartaalliks oorweeg en hersien is, insluitend assessering van die noodlenigingstoestande wat gereed is

- Veiligheid van personeel wat dienste in hoërisikogebiede lewer;
- Nielewering van dienste deur SASSA aan begunstigdes wat deur die DMO (Spesifieke Maatskaplike Noodleniging) verwys is); en
- Onvermoë om die kapasiteitsbeperkings van OSW's doeltreffend te hanteer.

Die departement bestuur die veiligheidsrisiko na die beste van sy vermoë; tog, omdat daar personelede is wat in hoërisikogebiede werk, verkeer hulle in risiko en is hulle afhanklik van die SAPD wat die risiko's vir veldwerkers moet minimiseer. Die ander twee risiko's is nie geheel en al in die beheer van die departement nie, hoewel dit die vermoë van die departement raak om dienste aan die kwesbaarste mense in die provinsie te lewer. Die verligting van hierdie risiko's word deurlopend oorweeg en bykomende noodlenigingsmaatreëls word, waar moontlik, geïmplementeer.

Elke program se risiko's is op die kwartaallike ORBKO-vergaderings beraadslaag/bespreek. Programbestuurders is verplig om terugvoering te gee oor vordering met die implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid van risiko's en/of die impak daarvan te verminder. ORBKO het ook risiko's terugverwys wat meer omvattend ontleed moet word en het addisionele noodleniging of aksies om risiko's te bestuur, aanbeveel.

Die Maatskaplike Kluster-ouditkomitee het 'n onafhanklike oorsig van die departement se stelsel van risikobestuur verskaf. Die ouditkomitee het kwartaallike ORB-vorderingverslae en risikoregisters ontvang om hulle onafhanklike oorsigrol uit te voer.

Slutel- opkomende risiko's vir die volgende finansiële jaar

Die belangrikste opkomende risiko's waaraan in die volgende finansiële jaar aandag gegee moet word, hou verband met die departement se vermoë om voort te gaan en sy sake gedurende en na die Covid-19-pandemie te herstel en aan die humanitêre krisis wat daarmee saamhang, aandag te gee deur die pogings van alle tersaaklike rolspelers te koördineer.

Afsluiting

Daar is vordering met die oorhoofse bestuur in die departement. Waar die bestuur van risiko's nie volledig onder die beheer van die departement is nie, bly die risiko's hoog. Hierdie risiko's word deurlopend met ander belanghebbendes (o.a. OSW's, provinsiale departementele en regerings- semi-staatsinstellings) heroorweeg vir duidelikheid en beter begrip ten opsigte van hulle verdraagsaamheidsvlakke, noodlenigingsfaktore soos koste, en gehalte van diens ontvang.

3. Bedrog en korrupsie

Bedrog en korrupsie hou beduidende moontlike risiko's in vir die Departement se bates en kan 'n negatiewe uitwerking hê op doeltreffende dienslewering en die Departement se reputasie.

Die Wes-Kaapse Regering het 'n Teenbedrog en -korrupsiestrategie aanvaar wat die provinsie se standpunt van geen verdraagsaamheid teen bedrog en korrupsie bevestig. In lyn met hierdie strategie is die departement verbind tot geen verdraagsaamheid ten opsigte van korrupte of bedrieglike aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en vervolg enige partye wat by sulke praktyke betrokke is, of poog om dit te doen, met alle wetlike middele tot sy beskikking.

Die Departement het 'n goedgekeurde bedrog- en korrupsievoorkomingsplan en 'n implementeringsplan vir die voorkoming van bedrog wat uitvoering gee aan die Voorkomingsplan.

Daar is verskillende kanale vir die aanmelding van beweerde bedrog, diefstal en korrupsie, wat breedvoerig in die Provinsiale Teenbedrog- en -korrupsiestrategie die WKR se Fluitjieblasersbeleid en die departementele Bedrog- en Korrupsievoorkomingsplan beskryf word. Elke bewering wat die Provinsiale Forensiese Dienste ontvang, word in 'n gevallestuurstelsel aangeteken, wat gebruik word as 'n bestuursinstrument om verslag te doen oor vordering met gevalle wat met die departement verband hou en om statistiek vir die provinsie en departement te genereer.

Werknemers wat die fluitjie blaas rakende beweerde bedrog, korrupsie en diefstal word beskerm mits die openbaarmaking 'n beskermde openbaarmaking is (dit wil sê voldoen aan statutêre vereistes van die Wet op Beskermde Openbaarmaking, No. 26 van 2000 -, byvoorbeeld in goeie trou). Die WKR se Fluitjieblaserbeleid verskaf riglyne aan werknemers en werkers oor hoe om probleme met die gepaste lynbestuur, spesifieke toegewyde persone in die WKR of eksterne instansies, waar hulle redelike gronde het om te glo dat oortredings of onbehoorlikhede binne die WKR gedoen is of gepleeg word. Die geleentheid om anoniem te

bly, word aan enige persoon verleen wat bedrog, diefstal en korrupsie wil rapporteer en indien hulle dit persoonlik doen, word hul identiteit vertroulik gehou deur die persoon aan wie hulle verslag doen.

Sodra bedrog, korrupsie of diefstal ná 'n ondersoek bevestig word, is die betrokke werknemer wat aan hierdie dade deelgeneem het, onderworpe aan 'n dissiplinêre verhoor. In alle sulke gevalle word die WKR-vertegenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge inisieer, versoek om ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar prima facie-getuienis van kriminele optrede opgespoor word, word 'n kriminele saak aan die SAPD gerapporteer.

Vir die jaar onder oorsig het die Provinsiale Forensiese Dienste 'n saakbewegingsertifikaat aan die departement uitgereik wat die volgende opmerk:

Gevalle	Getal
Onafgehandelde gevalle soos op 1 April 2019	4
Nuwe gevalle (2019/20)	3
Afgehandelde gevalle (2019/20)	(4)
Onafgehandelde gevalle soos op 31 Maart 2020	3

Die onderstaande tabel ontleed die afgehandelde gevalle waarna hier bo verwys word, verder:

Aard en uitkoms van ondersoek na die vier afgehandelde gevalle
Bewerings is in die volgende twee gevalle bevestig en gemotiveer:
<ul style="list-style-type: none"> ● Twee gevalle van onreëlmatige en/of nienakoming ● In twee gevalle is die ondersoek afgesluit sonder enige nadelige gevolge nie.

4. Vermindering van botsende belange

'n Hoë standaard van beroepsetiek moet in die staatsdiens bevorder en gehandhaaf word. Met hierdie doel voor oë word daar van alle lede van die Seniorbestuursdiens (SBD) verwag om ingevolge Hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, 2016, die besonderhede van al hulle registreerbare belange aan die uitvoerende gesag te openbaar. Hoofstuk 2 het ten doel om enige botsing van belange te identifiseer ten einde billike en regverdig administratiewe optrede deur beamptes in senior poste te bevorder en sodoende die staatsdiens te beskerm teen optrede wat nadelig vir sy funksionering kan wees. Sodanige openbaarmaking geskied jaarliks. Indien daar enige botsende belange voorkom, sal daar ooreenkomstig die Staatsdiensregulasies, 2016, entersaaklike voorskrifte opgetree word.

Ingevolge artikel 30 van die Staatsdienswet (soos gewysig) kan werknemers ander besoldigde werk buite hul werk in die betrokke staatsdiensdepartement verrig mits hulle geskrewe toestemming van die uitvoerende gesag het. Verder verklaar regulasie 13 (c) van die Staatsdiensregulasies, 2016, wat op 1 Augustus 2016 in werking getree het, dat "'n werknemer nie sake met enige staatsinstelling sal doen of 'n direkteur van 'n openbare of privaat maatskappy sal wees wat sake met 'n staatsinstelling doen nie, tensy sodanige werknemer in amptelike hoedanigheid 'n direkteur is van 'n maatskappy wat in skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is."

Werknemers wat nie die nodige goedkeuring verkry het om ander besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig nie, sal aan dissiplinêre optrede onderwerp word.

Met die bekendstelling van die nuwe Staatsdiensregulasies, 2016, bylaag 1 (oorgangsmatreëls), gelees saam met artikel 30 van die Staatsdienswet, word groter klem geplaas op werknemers wat sake met 'n staatsinstelling doen. Oorgangsmatreëls kragtens Bylaag 1 van die Staatsdiensregulasies, 2016, vereis spesifiek die volgende:

- 1) Alle goedkeurings en erkende goedkeurings wat aan werknemers toegestaan is ingevolge Artikel 30 van die Wet voor die inwerkingtreding van die bepaling soos beoog in regulasie 24 sal verstryk met ingang van ses maande ná die aanvang daarvan;

- 2) 'n Werknemer wat ten tyde van die inwerkingstelling van hierdie regulasies sake doen met 'n staatsinstelling of 'n direkteur van 'n maatskappy is wat sake doen met 'n staatsinstelling, behalwe vir 'n werknemer wat in sy/haar amptelike hoedanigheid 'n direkteur van 'n maatskappy is wat in Skedule 2 en 3 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur gelys is, moet -
- (a) binne een maand openbaar maak dat die werknemer sake met 'n staatsinstelling doen of 'n direkteur is van 'n maatskappy wat sake met 'n staatsinstelling doen;
 - (b) binne ses maande:
 - (i) sake met 'n staatsinstelling staak of as 'n werknemer bedank;
 - (ii) as 'n direkteur van 'n maatskappy wat sake doen met 'n staatsinstelling, bedank of as 'n werknemer bedank;
 - (c) indien die werknemer nie binne die periode van ses maande bedank nie, moet die werknemer binne 'n maand vanaf die datum van staking of bedanking bewys indien dat die werknemer sake gestaak het of bedank het as 'n direkteur van 'n maatskappy wat sake met 'n staatsinstelling doen.

Geïdentifiseerde gevalle van werknemers wat op die SVD verskyn, word met die betrokke werknemers opgeneem en hulle word versoek om hul besluit soos beoog in die oorgangsmatreëls hier bo, uit te oefen en om die Departement van die nodige dokumentêre getuienis rakende hul besluit te voorsien.

Werknemers wat ander BWBS wil verrig, moet ingevolge Artikel 30 van die Staatsdienswet aansoek doen en die regulatoriese raamwerk gebruik wat deur die Minister van Staatsdiens en Administrasie (MSDA) daargestel is, wat 'n gewysigde aansoekvorm insluit, wat by die bepaalde etiekbeampte ingedien moet word om 'n rede te ondersteun en/of aan te dui wanneer die aansoek nie ondersteun word nie, voor goedkeuring deur die uitvoerende gesag of gedelegeerde gesag toegestaan sal word. Met goedkeuring reik die uitvoerende gesag of gedelegeerde gesag dan 'n Sertifikaat: Goedkeuring van Ander Besoldigde Werk uit, wat die aansoeker in kennis sal stel dat goedkeuring toegestaan is. Die sertifikaat sit duidelik uiteen watter ander besoldigde werk buite die staatsdiens deur die persoon verrig kan word, en ook die tydperk waarin sodanige diens verrig kan word. Die sertifikaat spesifiseer dat, indien daar gevind word dat daar nienakoming van staatsvoorskrifte is wat ander besoldigde werk reguleer, insluitend om nie sake met 'n staatsinstelling te doen nie, toestemming onttrek sal word en dissiplinêre stappe, in lyn met die Dissiplinêre Kode en Prosedures vir die Staatsdiens, ingestel sal word. Daar word ook genoem dat, indien 'n persoon wil voortgaan met ander besoldigde werk ná die verstryking van die goedgekeurde datum, 'n verdere aansoek ingedien moet word.

Alle aansoeke moet skriftelik ingedien word en moet, onder andere, die aard en omvang aandui van die besoldigde werk wat verrig gaan word, insluitende die werktye/ure en hoe dit met die normale pligte wat deur die werknemer in die staatsdiens verrig word, verband hou (moontlik botsing van belange of redes tot kommer). Sulke aansoeke is dan onderhewig aan hersiening. Werknemers moet jaarliks aansoek doen voor die verstryking van die tydperk wat deur die uitvoerende of gedelegeerde gesag goedgekeur is. Kwartaallikse nuusflitse wat die prosedure rakende BWBS uiteensit, word aan interne personeel versprei om hulle begrip en nakoming van die regulatoriese raamwerk te verbeter.

Voorts is etiekbeamptes deur die uitvoerende gesag aangestel om nakoming ten opsigte van openbaarmakings te monitor. Ten einde botsende belange in VKB-prosesse te verminder is VKB-praktisyns en tenderkomiteede attent gemaak op hul etiese verpligtinge, onder meer deur gedragkodes te teken. Wanneer enige tender of aanbod oorweeg, aanvaar of toegewys word, moet alle lede hulle belange verklaar deur 'n vorm te voltooi en te onderteken waar hulle bevestig dat hulle as lede van die komitee nie doelbewus enigeen in die besluitnemingsproses sal bevoordeel nie.

Om nakoming van die Staatsdienswet (soos gewysig) en die Staatsdiensregulasies, 2016, te verseker, word 'n transversale geskenkbeleid en die Departementele Geskenk- en Skenkingsregister en geskrewe verklarings toegepas. Die navorsingsetiëkkomitee wat in 2009 op die been gebring is, verseker ook die bevordering van navorsing in die departement wat

op etiese beginsels gegrond is. Die ontwikkeling van 'n navorsingsetiekbeleid lei tot die voorsiening van etiese riglyne om navorsing te onderneem.

5. Gedragskode

Die Gedragskode vir die Staatsdiens, soos ingesluit in Hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies, is die "aanvaarde" kode. Die Gedragskode skryf norme en standaarde voor ter bevordering van integriteit, en doeltreffende en doelmatige dienslewering aan die publiek; is 'n stel standaard wat die gedrag beskryf wat ons van ons werknemers verwag; lei werknemers in wat eties van hulle verwag word, beide in hul individuele optrede en hul verhoudings met ander; en daar word van alle werknemers verwag om die gedragskode na te kom.

Bewusmaking rakende die Gedragskode is bevorder via induksie-opleiding vir nuwe werknemers, ten opsigte van internskappe, asook vir personeellede, en dit by wyse van nuusflitse aan alle personeellede verder beklemtoon. Die Dissiplinêre Kodes en Prosedures vir die Staatsdiens word gebruik om aanvaarbare gedrag te bevorder en om onaanvaarbare gedrag af te weer en te korrigeer. Die professionele gedragskode vir Maatskaplikediensberoepes is ook in die Departement se Induksieprogram hanteer. Tydens hierdie prestasiesiklus het die Registrateur van die Suid-Afrikaanse Maatskaplikediensberoepes (SAMDB) ook 'n sessie oor die Gedragskode vir die Maatskaplikediensberoepsui aan ons 96 maatskaplikewerk-graduandi aangebied. Die Registrateur het ook al die Veiligheidsentrums besoek en ook daar 'n oorsig van die professionele gedrag van maatskaplikewerk-verwante beroepe gegee.

6. Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies

Die gesondheid- en veiligheidsrisiko's binne die departement wissel van kantoor- en fasiliteitsvoorvalle tot meer komplekse beroepsgevaare soos fisiese beserings, dus die behoefte om jaarlikse gesondheidsrisiko-evaluerings van personeel en fasiliteite te doen.

Die Departement het gepoog om nakoming van alle gesondheid- en veiligheidswetgewing, wetlike voorskrifte en geïnkorporeerde gedragskodes te verseker deur die aanstelling van Artikel 16 (2)-afgevaardigdes, gesondheid- en veiligheidsverteenvoerders, nood-ontruimingspersoneel, noodhulpwerkers, die daarstelling van veiligheidskomitees en 'n sekuriteitskomitee.

Ten einde die kapasiteit van hierdie toegewyde beamptes deurlopend te ontwikkel en te bou, is vloerbeampte-, veiligheidsverteenvoerding-, brandbestryding- en noodhulpopleiding verskaf. Die departement het begin om noodhulpopleiding aan alle proefbeamptes te gee om te verseker dat hulle aan die akkrediasievereistes vir afwykingsprogramme voldoen. Alle staatsdiensvoertuie is met noodhulpkissies toegerus.

Maandelikse kontrolelyste is ingedien ten einde die nakoming van die implementering van die vereistes van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (WBGV) by elke kantoor of instelling na te spoor. Kwessies wat in hierdie kontrolelyste na vore gekom het, is óf deur die departement, óf die Departement van Vervoer en Openbare Werke getakel. Die departement het OHS-nakoming van alle geboue/instellings in sy departementele U-AMP aan die DVO en die Provinsiale Tesourie (PT) ingedien.

Die Departementele Sekuriteitskomitee verseker die verteenwoordiging van senior bestuurders aanspreeklik vir sekuriteitskwessies by alle DMO-kantore, dienspunte, en instellings. Die Komitee is steeds funksioneel en vergader kwartaalliks. Dit het toesig gehou oor die implementering van aanbevelings van die sekuriteitsdoudit en inligtingsekerheids-beoordeling wat deur die SAPD en die Staatsekuriteitsagentskap (SSA) onderskeidelik gedoen is.

OHS- en sekuriteitsbewusmakingsessies is by alle kantore in die Metro-Noord, Metro-Suid, Metro-Oos, Kaapse Wynland/Overberg, hoofkantoor, Malmesbury DLA, Vredenburg DLA en Secure Care-sentrums gedoen met die fokus op inligtingsekerheid, toegangsbeheer en beroepsgesondheid en -veiligheid.

Die departement het ook die behoefte herken om beleide, programme en prosedures te ontwikkel, te implementeer en vol te hou om bystand te verleen in die geval van 'n groot sake-ontwrigting; daarom is die BVP ontwikkel. Ingesluit die BVP is die Waterresponplan,

Brandresponspan, elektrisiteitskontinuiteitsplan, asook die beheer van pandemies. Die BVP omskryf die kritieke sakefunksies met minimum-hulpbronne.

7. Portefeuljekomitees

Datum	Kwessie	Departementele reaksie	Staaende komitee
16 Julie 2020	Tydens die inligtingsessie het die Staaende Komitee besluit dat die departement hulle van die volgende inligting moet voorsien: <ul style="list-style-type: none"> ● 'n Gedetailleerde lys en geografiese gebiede van die tien geïdentifiseerde risikoskole vir die behandeling van middelmisbruik in die provinsie; en ● Details oor die beplande Jeugkafee en inligting oor die moontlike gebiede wat daarvoor geormerk is. 	Die gevraagde inligting is op 20 September 2019 aan die komiteekoördineerder voorgelê.	Gemeenskaps-ontwikkeling
30 Julie 2019	Die Komitee het besluit om die departement te nooi om hulle in te lig oor die Wes-Kaapse strategie wat daarop gemik is om vlag van kindermoorde in die provinsie te verminder.	Die departement het die komitee daarvoor ingelig.	Gemeenskaps-ontwikkeling
13 Augustus 2019	Tydens die inligtingsessie het die Staaende Komitee aanbeveel dat: <ul style="list-style-type: none"> ● Die departement met Kinderwelsyn moet opvolg oor die tekort aan maatskaplike werkers in Laingsburg; ● Die departementele Slagofferbemaatrigtingsprogrameenheid moet met die Laingsburg-polisiestasie opvolg oor die onderbenutting van die Slagoffer-vriendelike; ● DMO moet die onbefondste ouetehuse moniteer ten einde 'n einde te bring aan die mishandeling van ouer mense en om nakoming te verseker; en ● In watter mate werk die DMO saam met die DvG om te besluit of iemand in 'n ouetehuis of hospitaal opgeneem moet word wat betref palliatiewe sorg. 	Die departement het die aanbeveling aan hulle erken.	Gemeenskaps-ontwikkeling
	Tydens die inligtingsessie het die Staaende Komitee besluit dat die departement hulle van die volgende inligting moet voorsien: <ul style="list-style-type: none"> ● 'n Gedetailleerde lys van die OSW's wat befonds is, die area waar hulle geleë is en die dienste wat hulle verskaf ● 'n Lys met geografiese gebiede van die 118A klubs vir ouer persone; en ● Gedetailleerde inligting oor die 10 OSW-moniteringsbeamptes van die DMO en die geografiese verspreiding van die streke wat aan hulle toegewys is. 	Die gevraagde inligting is op 20 September 2019 aan die komiteekoördineerder voorgelê.	Gemeenskaps-ontwikkeling

Datum	Kwessie	Departementele reaksie	Staaende komitee
27 Augustus 2019	<p>In opvolging van die besoek van die Maatskaplike Kluster aan die ACVV Huis Malan Jacobs-tehuis vir bejaardes op 27 Augustus 2019 het die Staaende Komitee aanbeveel dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die departement die moontlikheid moet ondersoek om die toelaes vir verswaktesorg-tehuise moet verhoog om sodoende gekwalifiseerde verpleërs en maatskaplike werkers se salarisse in landelike gebiede te subsidieer sodat die tehuise hierdie gespesialiseerde dienste kan behou; en Die departement beleide, wetgewing en/of proseswysigings vir verswaktesorg-geriewe vir persone met gestremdhede in landelike gebiede, en die moontlikheid om hulle na verswaktesorggeriewe soos tehuise vir bejaardes in die omgewing te verskuif, moet ondersoek. 	Die gevraagde inligting is op 29 November 2019 aan die komiteekoördineerder voorgelê.	Maatskaplike Ontwikkeling
	<p>Tydens die maatskaplike Kluster se besoek het die Staaende Komitee aanbeveel die departement hulle van die volgende inligting moet voorsien:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n Verslag oor planne (indien enige) om sentrums vir persone met gestremdhede of vir verswaktesorg in Laingsburg te ontwikkel; 'n Afskrif van die kwartaalverslae van die huis vir die 2018/19-boekjaar; Afskrifte van alle ACVV-beleide; 'n Verslag oor die maatskaplikewerkdienste wat op Laingsburg beskikbaar is; en 'n Afskrif van die korrespondensie wat Huis Malan Jacobs aan die DvG gestuur het in verband met die tekort en verspreiding van chroniese medikasie. 	Die gevraagde inligting is op 29 November 2019 aan die komiteekoördineerder voorgelê.	Maatskaplike Ontwikkeling
28 Augustus 2019	<p>In opvolging van die Maatskaplike Kluster se besoek aan die kantoor van die departement op 28 Augustus 2019 het die afvaardiging aanbeveel dat:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die aanbiedings in die toekoms ter plaatse saamgestel en aangebied word deur die beamptes wat die uitdagings verstaan wat by daardie spesifieke plek voorkom; Die DMO en Cape Access behoort saam te werk en 'n Jeugkafee by die Thusong-sentrum vestig, aangesien hulle dieselfde gebou deel; en Die DMO met die DVOW moet saamwerk om 'n geskikte kantoorruimte vir die beamptes en kliënte van die DMO in Laingsburg te vind. 	Die departement het die aanbeveling aan hulle erken.	Maatskaplike Ontwikkeling
	<p>Die Afvaardiging het versoek dat die departement die volgende inligting verskaf:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n Gedetailleerde verslag oor die aantal skoolverlaters in Laingsburg vir die 2016/17-, 2017/18- en die 2018/19-boekjaar; 'n Afskrif van die dienslewingsooreenkoms met die Kinderwelsyn Suid-Afrika in Laingsburg; 	Die gevraagde inligting is op 29 November 2019 aan die komiteekoördineerder voorgelê.	Maatskaplike Ontwikkeling

Datum	Kwessie	Departementele reaksie	Staande komitee
	<ul style="list-style-type: none"> ● 'n Afskrif van die oordragbetalingsooreenkoms tussen Kindewelsyn Suid-Afrika in Laingsburg en die departement; ● 'n Gedetailleerde verslag van die belanghebbende-betrokkenheid in Laingsburg; ● 'n Gedetailleerde lys van geregistreerde OSW's en dienste wat hierdie OSW's in Laingsburg bied; ● 'n Gedetailleerde verslag oor die DMO-werwingsproses om te wys hoe lank dit nee mom vakatures in die departement te vul; ● 'n Verslag oor die plan om 'n geskikte perseel vir die DMO in Laingsburg te kry; ● Gedetailleerde inligting oor die DMO se volhoubare Mishandelingsentrum in Laingsburg; ● Inligting oor die getal geregistreerde kinders in Laingsburg en die gevallelading van gerapporteerde boeliegevalle; ● Die totale getal geregistreerde kinders en volwassenes met gestremdhede in Laingsburg; ● 'n Gedetailleerde uiteensetting van die getal voertuie wat aan die DMO-kantoor in Laingsburg toegewys is en die getal voertuie wat vir elke kinderwelsynsdiens in Laingsburg toegewys is; ● 'n Verslag oor die behoefte-ontleding vir die registrasie van KJSS'e in Laingsburg; ● Die organogram van die DMO-beamptes in Laingsburg; en ● 'n Statusverslag oor die vordering wat gemaak is met die vul van maatskaplikewerkvakatures in Laingsburg. 		
17 September 2019	Tydens die onaangekondigde oorsigbesoeke aan die Projek vir die Ontwikkeling van Vroue en Kinders in Kayamandi en die Rusthof-tehuis vir bejaardes in Paarl-Oos het die Staande Komitee besluit om die departement te versoek om hulle van 'n afskrif van hulle jongste verslag na die monitering- en evalueringbesoek aan die Rusthof-tehuis vir bejaardes in Paarl-Oos te voorsien.	Die gevraagde inligting is op 29 November 2019 aan die komiteekoördineerder voorgelê.	Maatskaplike Ontwikkeling
13 Maart 2020	<p>Tydens die inligtingsessie het die Staande Komitee aanbeveel dat die departement:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● Oorweeg hoe hulle die Rusthof-tehuis vir bejaardes in Paarl kan bystaan in die soeke na 'n ander perseel; ● Oorweeg hoe hulle die Kayamandi-projek vir die Ontwikkeling van Vroue en Kinders kan bystaan met hulle aansoek vir befondsing en die uitdagings by die OSW se bestaande perseel ● Die Komitee nooi na die eerste amptelike oorhandiging van die eerste besending sanitêre ware aan die skole. 	Die gevraagde inligting is op 29 November 2019 aan die komiteekoördineerder voorgelê.	Gesondheid

Datum	Kwessie	Departementele reaksie	Staande komitee
	<p>Tydens die inligtingsessie het die Staande Komitee besluit dat die departement hulle van die volgende inligting moet voorsien:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● 'n Gedetailleerde lys van al die skole wat uit die Sanitêrewaardigheidsprojek voordeel sal trek; ● 'n Gedetailleerde proses- en kontakbesonderhede van die persone in beheer van die gemeenskapsvoedings- en ontwikkelingsentrumprojek; en ● Afskrifte van alle wetgewing wat op die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling op provinsiale en nasionale vlak van toepassing is. Hierdie versoek is in afwagting van die hangende oorsig en wysiging van die wetgewing oor maatskaplike ontwikkeling op provinsiale en nasionale vlak. 	<p>Die gevraagde inligting is op 30 April 2020 aan die komiteekoördineerder voorgelê.</p>	<p>Gesondheid</p>

8. Resolusies van die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR)

Die Komitee het kennis geneem van die ouditmening van die OGSA in verband met die jaarlikse finansiële verslae vir die 2018/19-boekjaar van die departement, wat 'n skoon audit ontvang het. Hierdie ouditmening bly onveranderd vanaf die 2017/18-boekjaar.

Ouditmening

Die OGSA het geen bevindinge oor die nakoming van wette en regulasies, of voorafbepaalde doelwitte, by die departement geopper nie.

Finansiële bestuur

Tydens die 2018/19-boekjaar het die departement R2,231 miljard van 'n begroting van R2,246 miljard bestee, wat 'n algemene onderbesteding van R15,312 miljoen (0,68 persent) beteken. Die algehele onderbesteding binne die departement was weens die onderbesteding ten opsigte van die VvW deurdat geen geskikte kandidate in die werwingsproses na vore gekom het nie, vertragings in die DSDA se goedkeuring van OD-prosesse, interne bevorderings en personeelverlatings, en nienakomende OSW's in VKO en Gedeeltelike sorg in die volgende programme:

- Program 1: Administrasie;
- Program 2: Maatskaplikewelsynsdienste en
- Program 3: Kinders en gesinne.

Die Komitee wys verder daarop dat die departement R1,381 miljoen van 'n beraamde invorderingsteiken van R1,070 miljoen ingevorder het, wat 'n oorinvordering van R311 000 beteken.

Die oorinvordering van inkomste was die gevolg van die volgende lyn-items:

- Verkoop van goedere en dienste behalwe kapitaalbates;
- Rente, dividend en huur op grond; en
- Finansiële transaksies in bates en laste..

Die komitee wys daarop dat die Departement nie enige vrugtelose en verkwistende uitgawes vir die 2018/19-boekjaar aangegaan het nie.

Agtergrond/ Kwelling	Resolusies	Datum van optrede	Optrede
<p>Die komitee het versoek dat die departement dit van die volgende inligting voorsien:</p> <ul style="list-style-type: none"> ● 'n Afskrif van die Maatskaplikennoodlenigingsbeleid. ● 'n Verslag wat verduidelik hoe munisipaliteite optree ten opsigte van sy rampnoodlenigingsplanne in noodgevallen. Dit behoort die tydsraamwerk in te sluit wanneer die departement die interne Rampbestuurskomitee gaan instel. ● 'n Lys van die Vergoedingswerk buit die Staatsdiens (VWBSD)-aanstellings. Die lys moet aandui wat vir die boekjaar onder oorsig goedgekeur en nie goedgekeur is nie. ● 'n Lys van al die betalings wat nie binne 30 dae gemaak is nie, insluitend die rede vir enige afwykings van die 30 – dae-praktyk. ● 'n Uiteensetting van die bates ten bedrae van R4,636 miljoen, soos onder Nota vir Kennisname 4 op bladsy 201 van die Jaarverslag verskyn. 	<p>Alle inligting wat aangevra is, is aan die komitee voorsien.</p>	<p>Inligting ingedien.</p>	<p>Nee.</p>

Agtergrond/ Kwelling	Resolusies	Datum van optrede	Optrede
<ul style="list-style-type: none"> ● 'n Lys wat 'n uiteensetting gee van die getal werknemers (per salarisvlak) wat beurse van die departement ontvang het. ● 'n Koste-uiteensetting van enige van die programme wat 100% behaal het. ● 'n Verslag wat 'n opdatering verskaf van die onderbesteding van die departement met spesifieke verwysing na die vakatures wat nie tydens die 2018/19-finansiële jaar gevul is nie, insluitend die aksieplan oor die vul van vakante poste. 			

9. Vorige wysigings aan ouditverslae (2019/20)

Aard van kwalifisering, vrywaring, ongunstige mening en aangeleenthede wat met nienakoming verband hou	Boekjaar waarin dit die eerste keer voorkom	Vordering gemaak met die uitwissing/oplossing van die aangeleentheid
<ul style="list-style-type: none"> ● Ongekwalifiseerde gevolgtrekking oor bruikbaarheid en betroubaarheid <p>Ongekwalifiseerde ouditmening: die gerapporteerde prestasie-inligting vir Program 2 – maatskaplike-welsynsdienste – is nuttig en betroubaar, in ooreenstemming met die tersaaklike kriteria soos uit die prestasiebestuur- en verslagdoeningsraamwerk ontwikkel is</p> <p>Ongekwalifiseerde ouditmening: die gerapporteerde prestasie-inligting vir Program 3 – kinders en gesinne – is nuttig en betroubaar, in ooreenstemming met die tersaaklike kriteria soos uit die prestasiebestuur- en verslagdoeningsraamwerk ontwikkel is</p>	<p>2018/19</p>	<p>-</p>

10. Interne Beheereenheid

Die eenheid se fokus vir die oorsigjaar was hoofsaaklik op die gebied van Goeie Staatsbestuur, Versekeringsdienste en die bestuur van Verliesbeheer.

Goeie staatsbestuur

Die departement het die volgende funksies ten opsigte van interne beheer verrig:

- Doen maandeliks verslag oor onreëlmatige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwistende besteding (IJM).
- Bestuur gevalleleërs oor onreëlmatige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwistende besteding.
- Doen ondersoek na onreëlmatige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwistende besteding.
- Die departement gebruik die ORACLE-stelsel om onreëlmatige, ongemagtigde en vrugtelose en verkwistende besteding te bestuur.
- Moniteer die implementering van aanbevelings van interne en eksterne oudit sowel as die van die BPAI en Korporatiewe bestuursoorsig en vooruitskouing (KBOV).
- Hou 'n register van geskenke en skenkings vir die Departement in stand en doen maandeliks verslag vir insluiting by die tussentydse en finansiële jaarstate.
- Koördineer die ORTKBO-vergaderings.
- Hersiening van die finansiële en VKB-afvaardigings.
- Hersiening van die finansiële en verskaffingskettingbestuursafvaardigings.
- Doen maandeliks aan PT verslag oor betalings wat nie binne 30 dae gemaak is nie.
- Doen ondersoek na betalings wat nie binne 30 dae gemaak is nie.
- Die departement erken die volgende belanghebbendes, naamlik die ouditkomitee, interne oudit, PT en die OGSA in verband met die finalisering van aangeleenthede.
- Vier finansforums is met die streekskantore en -fasiliteite gehou.

Versekeringsdienste

Tydens die oorsigjaar is die volgende deur die departement verrig:

- Nakomingstoetsing is vanaf 25 tot 31 Maart 2019 by vyf Streekskantore uitgevoer, op betaalbewyse, finalisering van uitstaande versoeke vir inligting rakende bevindinge oor nienakoming, asook die ondersteuning van die finansiële personeel.
- Verifikasie van betalings na verwerking ten einde geldigheid en akkuraatheid-oudit gereedheid te verseker ($\pm 41,661$ betalings)
- Alle dokumente is geskandeer vir veilige bewaring en om te voorkom dat hulle verloor word of dat duplikaatbetalings plaasvind.

Verliesbeheer en bedrog

- Die departement maak gebruik van die ORACLE-verliesbeheerstelsel om verliese weens diefstal, skade, ens. te beheer.
- Die departement erken die volgende belanghebbendes, naamlik die Suid-Afrikaanse Polisie, Korporatiewediensentrum – Regsdienste, SMV en PT in die finalisering van aangeleenthede; en
- Gedurende die verslagtydperk is 79 sake (SMV-voertuigongelukke en -skade, bates) gefinaliseer en afdokumenteer.

11. Interne oudit en ouditkomitees

Interne oudit voorsien die bestuur van onafhanklike, objektiewe versekerings- en konsultasiedienste wat ontwerp is om waarde toe te voeg en die werksaamhede van die departement deurlopend te verbeter. Dit behoort die departement te help om sy doelwitte te behaal deur middel van 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering tot die evaluering en verbetering van die doeltreffendheid van staatsbestuur en prosesse vir staatsbestuur, risikobestuur en beheerprosesse. Die volgende sleutelaktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

- Assesseer en doen toepaslike aanbevelings om die staatsbestuurprosesse te verbeter om die departement se doelwitte te behaal;
- Evalueer die toereikendheid en doeltreffendheid van die risikobestuurproses en dra by tot die verbetering daarvan;
- Staan die rekenpligtige beampte by in die handhawing van doeltreffende en effektiewe beheermaatreëls deur die maatreëls te evalueer vir hul doeltreffendheid en doelmatigheid, en deur aanbevelings te maak om hulle te versterk of te verbeter.

Interne ouditwerk wat gedurende die jaar onder oorsig vir die Departement voltooi is, het vier versekeringsaanstellings, twee konsultasie-aanstellings en agt opvolgareas ingesluit. Die besonderhede van hierdie aangeleenthede word in verslag van die Ouditkomitee ingesluit.

Die Ouditkomitee is as 'n toesighoudende liggaam ingestel en voorsien onafhanklike toesig oor die staatsbestuur-, risikobestuur- en beheerprosesse in die Departement, wat toesig en verantwoordelikhede insluit met betrekking tot:

- Interne ouditfunksie;
- Eksterne ouditfunksie (OGSA);
- Departementele boekhouding en verslagdoening;
- Departementele rekeningkundige beleide;
- OGSA bestuurs- en ouditverslag;
- Departementele in-jaar monitering;
- Departementele risikobestuur;
- Interne beheer;
- Voorafbepaalde doelwitte;
- Etiese en forensiese ondersoeke.

Die onderstaande tabel verskaf inligting oor die ouditkomiteede:

Naam	Kwalifikasie	Intern \ ekstern	Indien intern, posisie in die departement	Datum van aanstelling	Datum van bedanking	Getal vergaderings bygewoon
Mnr. Ameen Amod	MBA; CIA; CGAP; CRMA; BCom	Ekstern	N/A	1 Januarie 2019 (2 ^{de} termyn)	N/A	7
Mnr. Ebrahim Abrahams	BCom (Hons)	Ekstern	N/A	1 Januarie 2019 (1 ^{ste} termyn)	N/A	7
Mnr. Pieter Strauss	BAcc; BCom (Hons); CA (SA)	Ekstern	N/A	1 Januarie 2019 (1 ^{ste} termyn)	N/A	7
Me Annelise Cilliers	BCompt (Hons); CA (SA)	Ekstern	N/A	1 Januarie 2019 (1 ^{ste} termyn)	N/A	7

12. Verslag van ouditkomitee

Ons lê met genoë ons verslag vir die finansiële wat op 31 Maart 2020 geëindig het, voor

Verantwoordelikheid van ouditkomitee

Die Ouditkomitee rapporteer dat dit voldoen het aan sy verantwoordelikhede voortspruitend uit Artikel 38 (1) (a) (ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Nasionale Tesourieregulasies 3.1.. Die ouditkomitee rapporteer ook dat hy 'n toepaslike formele opdrag aanvaar het, sy sake in ooreenstemming met hierdie bepalings gereguleer het en al sy verantwoordelikhede soos vervat daarin, uitgevoer het.

Die doeltreffendheid van Interne beheer

In lyn met die vereistes van die WOFB en die King-IV verslag oor korporatiewe staatsbestuur verskaf Interne Oudit die Ouditkomitee en die bestuur van redelike versekering dat die interne beheer voldoende en doeltreffend is. Dit word verkry deur 'n goedgekeurde risikogebaseerde interne ouditplan, met Interne Oudit wat die doeltreffendheid assessee van beheermaatreëls wat die risiko's verminder, en die Ouditkomitee wat implementering van korrektiewe aksies moniteer.

Die volgende interne oudit-aangeleenthede is deur die Ouditkomitee goedgekeur en deur die Interne Oudit gedurende die verslagjaar voltooi. Interne Oudit het versekering gee van die geslaagdheid en doeltreffendheid van gekose beheer

Versekeringsaanstellings:

- DSDA–direktiewe-afvaardigings
- Oordragbetalings
- Kanalisering van SBP
- Verlofbestuur
- WKR Basislynassessering

Konsultasie-aanstellings:

- Monitering van Gehalteversekering
- OSW-bestuurstelsel

Die bestuur het ooreengekom op die terreine vir verbetering, soos opgemerk deur Interne Oudit tydens die uitvoering van hul werk. Die Ouditkomitee se verslag oor hierdie saak sal na die afhandeling van die Ouditverslag gefinaliseer word.

In-jaar Bestuurs- en maandelikse/kwartaallikse verslag

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en kwaliteit van die kwartaallikse jaarlikse bestuurs- en prestasieverslae wat gedurende die verslagjaar deur die rekenpligtige beampte van die Departement uitgereik is ingevolge die Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste. **Evaluering van finansiële state**

Die Ouditkomitee het:

- Die geouditeerde finansiële jaarstate wat in die jaarverslag opgeneem moet word, het die Ouditeur-generaal Suid-Afrika (OGSA) en die rekenpligtige beampte nagegaan en bespreek;
- Die OGSA se bestuursverslag en die antwoorde van die bestuur daarop nagegaan;
- Hersiene veranderinge aan rekeningkundige beleid en praktyke soos gerapporteer in die finansiële jaarstate;
- Materieële aanpassings nagegaan as gevolg van die oudit van die Departement.

Nakoming

Die Ouditkomitee het die departement se prosesse vir nakoming van wetlike en regulerende bepalings hersien. **Provinsiale Forensiese Dienste**

Die Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) het statistieke aan ons voorgelê. Die Ouditkomitee hou kwartaalliks die vordering van die PFD-verslae dop. Daar is geen sake onder ons aandag gebring wat verdere verslagdoening deur die Ouditkomitee vereis het nie.

Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelstellings, soos in die Jaarverslag, gerapporteer, hersien..

Verslag van die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika

Die Ouditkomitee het kwartaalliks die Departement se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, hersien. Die Ouditkomitee het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat voortspruit uit die reguleringsoudit nie. Regstellende stappe rakende die gedetailleerde bevindings wat deur die OGSA geopper is, word kwartaalliks deur die Ouditkomitee gemonitor.


Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se mening rakende die finansiële jaarstate en stel voor dat hierdie geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar en saam met hul verslag gelees word.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is 'n frontlinie-afdeling in die stryd teen die COVID-19-pandemie. Ondanks hierdie uitdagings, prys die Ouditkomitee die Departement vir die bereiking van 'n ongekwalifiseerde ouditmening sonder wesenlike bevindings.

Die Ouditkomitee wil hul waardering uitspreek teenoor die bestuur van die Departement, die OGSA en die WKR Korporatiewe Versekeringstak vir die samewerking en inligting wat hulle verskaf het om ons in staat te stel om hierdie verslag op te stel.

Afsluiting;

Terwyl die Ouditkomitee die Departement prys vir die bereiking van 'n ongekwalifiseerde oudit met bevindings, is die ouditkomitee bekommerd oor die koste-impak daarvan. Hierdie koste van voldoening het die vermoë om skaars hulpbronne van dienslewering na oudituitkomste te verplaas.



Mnr. Ameen Amod

Voorsitter van die Maatskaplike Klusterouditkomitee

Departement van Maatskaplike Ontwikkeling

30 September 2020

13. Prestasie-inligting oor BBSEB-nakoming

Die onderstaande tabel is voltooi ooreenkomstig die nakoming van die Wet op BBSEB-vereistes van 2013 en soos deur die Departement van Handel en Nywerheid bepaal.

Het die departement/staatsinstelling enige tersaaklike Goeie gedragskode (BBSEB-sertifikaat Vlak 1–8) rakende die volgende toegepas?:		
Kriterium	Respons Ja/Nee	Bespreking (Bespreek julle respons en dui aan watter maatreëls ter nakoming ingestel is om)
Bepaling van kwalifiserende ³ kriteria vir die uitreik van lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ooreenkomstig enige wet	Ja	Die puntestelsel soos voorgeskryf deur die Voorkeurverkrygingsregulasies vir die toekenning van botte is van toepassing op alle oop bodgeleenthede Die departement pas ook streeksaanduiders toe (beperk verkryging tot 'n spesifieke plaaslike geografiese gebied) wanneer kwotasies in terme van die WKR se Ekonomiese Verkrygingsbeleid aangevra word.
Ontwikkeling en implementering van 'n voorkeurverkrygingsbeleid	Ja	Huidige departementele beleid, deur middel van die Rekenpligtigebeamtstelsel (2014) implementeer die voorskrifte van die Voorkeurverkrygingsbeleid en die regulasies daarvan. Die departement pas ook die WKR Ekonomiese Verkrygingsbeleid toe wat daarop gemik is om werkskepping en streeks- ekonomiese ontwikkeling deur die implementering van streeksaanduiders te bevorder . Streeksaanduiders (d.w.s beperk verkryging tot 'n spesifieke plaaslike geografiese gebied) word ook aktief ten opsigte van kwotasies toegepas. Deel A: Tabel F: BBSEB-ontleding van die Jaarverslag verskaf BBSEB-prestasie-inligting vir die jaar.
Bepaling van kwalifiserende kriteria vir die verkoop van instellings in staatsbesit	Nee	-
Ontwikkeling van kriteria vir vennootskappe met die privaat sektor	Nee	-
Bepaling van kriteria vir die toekenning van aansporings, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging	Nee	-

Deel D: Menslikehulpbronbestuur

1. Inleiding

Ons bydrae aan die werk van die WKR is grootliks die gevolg van die volgehoue en dikwels onbaatsugtige pogings van die mense in die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling.

Om deurlopend verbeterde dienste aan die burgers van die Wes-Kaap te lewer, bied sy eie uitdagings. Die moderne mensebestuursomgewing het die afgelope paar jaar beduidend verander en vereis komplekse navigasie tussen 'n reeks mededingende veranderlikes.

Behalwe die feit dat hierdie veranderlikes interafhanklik is en onderling verband hou, word hulle ook deur streng reëls en regulasies beheer, wat 'n uitdaging kan wees wanneer inisiatiewe rakende personeelbehoud en -aantrekking verken word.

Dit sluit in die balansering van dienslewingsimperatiewe, die aantrekking en behoud van kritiese en skaars vaardighede, werksmagbemaatting, loopbaanbestuur, opvolgbeplanning, diensbillikheid en die skep van 'n instaatstellende omgewing waarin werknemers kan floreer. Daarby word van die departement verwag om in 'n harde omgewing te werk, wat van bestuurders verg dat hulle die impak van “meer werk met minder” moet verstaan.

Ondanks die impak van veranderende patrone en die groter vraag op die moderne werkplek, het die voortgesette harde werk van ons mense gelei tot merkwaardige prestasies en die verbetering van dienslewering gedurende die oorsigjaar.

2. Stand van mensebestuur in die departement

2.1 Prioriteite van departementele werksmagbeplanning

Die rol van werksmagbeplanning is belangrik om te verseker dat die Departement die vereiste getal mense met die nodige vaardighede, kennis en houdings het om die werk te verrig. Deur hierdie proses te assesser, kan die departement sy werksmag ook jaarliks aan die hand van huidige en toekomstige organisatoriese behoeftes ten einde voldoening aan die maatskaplike werkverwante regulatoriese raamwerk te verseker.

Die doel van hierdie assessering is om te identifiseer in watter mate die werksmagprofiel die sleutel- mensebestuursuitkomst ter wille is wat die voortsetting van dienslewering en voldoening aan regulatoriese raamwerke verseker.

Die Werksmagplan 2017–2022 is dus belyd met die visie en missie van die Departementele Strategiese Plan asook sy Mensebestuurstrategie.

Die aannames waarop hierdie Werksmagplan ontwikkel is, verseker dat strategieë (soos per die gelyste prioriteite) die gewenste uitkomst kan bereik:

- Die regte getal bevoegde mense met die regte gesindheid op die regte tyd in die regte plek;
- Gesondheid- en Welsynsdienste aan gesondheid- en veiligheidintervensies wat aan werknemers gegee word;
- Leiers wat voorbeelde is van die soort gedrag wat met die waardes van die organisasie geassosieer word;
- Hoogs betrokke en toegewyde mense; en
- 'n Inwoner-gesentreerde prestasiekultuur.

2.2 Werknemerwelstandbestuur

Die doel van Prestasiebestuur is om prestasie te verbeter deur individue toewyding, aanspreeklikheid en motivering aan te moedig.

Daar word van alle werknemers vereis om elke jaar voor 31 Mei 'n prestasie-ooreenkoms te onderteken. Hierdie ooreenkoms is in wese 'n kontrak tussen die werkgewer en werknemer wat die projekte, programme, optredes, verwagtinge en standaarde vir die vereiste dienslewering bevat. Ten einde 'n gestandaardiseerde administrasieproses te fasiliteer het die WKR 'n elektroniese stelsel, naamlik PERMIS (Performance Management Information System) ontwerp wat die hele prestasiebestuursproses vasvang, monitor en bestuur.

Die prestasiebestuursproses vereis dat 'n middel-van-die-jaar-oorsig en 'n jaarlikse assessering uitgevoer word, maar dat die bedryfsteikens en werklike uitkomst wat aan die prestasie-ooreenkoms gekoppel is, deurlopend gemoniteer en gekommunikeer word. In gevalle waar prestasieteikens of -verwagtings nie nagekom word nie, word die tekortkominge deur die bestuur van swak prestasie hanteer. In hierdie verband is 'n prestasiekonsultasie-eenheid in die Korporatiewedienssentrum (Hoof-direktoraat: Mense bestuurspraktyke) in die lewe geroep om lynbestuurders (mensebestuurders) by te staan om swak prestasie te hanteer. Dit is 'n ontwikkelingsproses, maar in gevalle waar individue in terme van die wetlike raamwerke as swak presteerders geïdentifiseer is, word van hulle vereis om hulle aan 'n ontwikkelingsplan, of alternatiewelik, dissiplinêre optrede te onderwerp.

2.3 Werknemerwelstand

Die WKR se transversale Werknemer gesondheid- en -welstandprogram (WGW) volg 'n holistiese benadering tot werknemerwelstand en is grootliks voorkomend van aard en bied primêre sowel as sekondêre dienste aan.

Die WGW-program word in die Departement gemoniteer deur middel van maandelikse benuttingsverslae vir primêre dienste (24/7/365 telefoniese beradingsdiens, aanlyn e-sorgdiens en rapportering) en sekondêre dienste (aangesig-tot-aangesig-berading, trauma en kritieke voorvalle, opleiding en geteikende ingryping, uitvoerende afrigting, voorspraak).

'n Kwartaalverslag word deur die Direktoraat: Organisasoriese Gedrag binne die KDS voorberei, wat tendense ten opsigte van benutting ontleed, risiko's identifiseer en die impak daarvan op produktiwiteit aandui. Voorts is deurlopende verslagdoening aan die DSDA ook 'n vereiste en sodanige verslagdoening fokus op vier gebiede, naamlik MIV/Vigs, gesondheid en produktiwiteit, welstandbestuur en VGOG-bestuur (veiligheid, gesondheid, omgewing en gehalte).

2.4 Mensebestuursmonitering

Die departement, in samewerking met die KDS, moniteer die implementering van 'n hele reeks mensebestuurs-aanduiders van nakoming. Die maandelikse Barometer-feitelêer wat deur die Hoof-direktoraat: Mensebestuurspraktyke in die KDS ontwikkel is, verskaf gereelde opdaterings oor die werkmagprofiel en ander tersaaklike mensebestuursdata te einde besluitneming moontlik te maak. Die aanduiders sluit onder andere personeelsdata, daaglikse werknemerteenwoordigheid, mensebestedingsprojeksies, siekteverlofpatrone, die monetêre waarde van jaarlikse verlofkrediete, dissiplinêre kwessies, vakaturekoerse, personeelbeweging en diensbillikheid in.

3. Oorsigstatistiek oor mensebestuur

3.1 Personeelverwante besteding

Die volgende tabelle is 'n opsomming van finale geouditeerde besteding per program (Tabel 3.1.1) en per salarisband (Tabel 3.1.2).

Die statistiek in Tabel 3.1.1 is van die Basiese Rekeningkundige Stelsel verkry en dié in Tabel 3.1.2 van die PERSAL-stelsel (personeelsalarisstelsel). Die twee stelsels is nie gesinchroniseer vir salaristerugbetalings ten opsigte van personeelaanstellings en-bedankings en/of oorplasing na en van ander departemente nie. Dit beteken dat daar 'n verskil in totale besteding kan wees soos dit in hierdie stelsels weerspieël word.

Die sleutel in die onderstaande tabel is 'n beskrywing van die programme binne die Departement. Voortaan sal daar na programme volgens hul nommer verwys word.

Program	Programbenaming
Program 1	Administrasie
Program 2	Maatskaplikewelsynsdienste
Program 3	Kinders en gesinne
Program 4	Herstellende dienste
Program 5	Ontwikkeling en navorsing

Tabel 3.1.1: Personeelbesteding per program, 2019/20

Program	Totale besteding (R'000)	Personeelbesteding (R'000)	Opleidingsbesteding (R'000)	Goedere en dienste (R'000)	Personeelbesteding as 'n % van die totale besteding	Gemiddelde personeelbesteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers vergoed
Program 1	232 012	173 315	3 294	39 172	74,7%	324	535
Program 2	960 820	457 136	0	72 164	47,6%	385	1 187
Program 3	750 070	33 537	0	1 376	4,5%	466	72
Program 4	420 087	192 763	0	98 449	45,9%	233	828
Program 5	68 917	17 266	0	1 054	25,1%	557	31
Totaal	2 431 906	874 017	3 294	212 215	35,9%	329	2 653

Let wel: Die getal werkers verwys na alle individue wat gedurende die verslagdoeningsperiode vergoed is, insluitend internskappe, maar met uitsluiting van die Minister. Die getal werknemers is akkumulatief en nie 'n momentopname soos dit op 'n spesifieke datum was nie

Tabel 3.1.2: Personeelbesteding per salarisband, 2019/20

Salarisband	Personeelbesteding (R'000)	% van totale personeelbesteding	Gemiddeld personeelbesteding per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Internskappe	3 725	0,4	42	89
Laer geskool (Vlak 1–2)	3 198	0,4	114	28
Geskool (Vlak 3–5)	181 306	20,7	199	911
Hoogs geskool: Produksie (Vlak 6–8)	414 754	47,3	349	1 187
Hoogs geskool: Toesighouding (Vlak 9–12)	246 510	28,1	595	414
Senior bestuur (Vlak 13–16)	28 168	3,2	1174	24
Totaal	877 661	100,0	331	2 653

Let wel: Die getal werknemers verwys na alle individue wat gedurende die verslagdoeningsperiode vergoed is, insluitend internskappe, maar met uitsluiting van die Minister. Die getal werknemers is akkumulatief en nie 'n momentopname soos dit op 'n spesifieke datum was nie

Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisband (Tabel 3.1.4), rakende uitgawes wat aangegaan is weens salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand. Hierdie tabelle maak nie voorsiening vir ander uitgawes soos pensioene, prestasiebonusse en ander toelae, wat die totale personeelbesteding uitmaak nie. Die tabel verskaf in elke geval 'n aanduiding van die persentasie van die personeelbesteding wat vir hierdie items benut is.

Tabel 3.1.3: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per program, 2019/20

Program	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Behuisingstoelae as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeelbesteding
Program 1	124 719	14,2	1 681	0,2	5 302	0,6	10 030	1,1
Program 2	329 999	37,6	4 474	0,5	12 980	1,5	24 584	2,8
Program 3	25 866	2,9	244	0,0	738	0,1	1 458	0,2
Program 4	134 268	15,3	1 944	0,2	7 450	0,8	12 288	1,4
Program 5	12 188	1,4	35	0,0	404	0,0	839	0,1
Totaal	627 040	71,4	8 379	1,0	26 873	3,1	49 199	5,6

Tabel 3.1.4: Salarisse, oortyd, behuisingstoelae en mediese bystand per salarisband, 2019/20

Salarisband	Salarisse		Oortyd		Behuisingstoelae		Mediese bystand	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Oortyd as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Behuisingstoelae as 'n % van personeelbesteding	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as 'n % van personeelbesteding
Internskappe	3 689	0,4	1	0,0	-	-	-	-
Laer geskool (Vlak 1–2)	2 260	0,3	19	0,0	172	0,0	253	0,0
Geskool (Vlak 3–5)	123 098	14,0	666	0,2	8 862	1,0	14 399	1,6
Hoogs geskool: Produksie (Vlak 6–8)	298 991	34,1	5 082	0,6	13 069	1,5	24 862	2,8
Hoogs geskool: Toesighouding (Vlak 9–12)	180 540	20,6	1 610	0,2	4 509	0,5	9 287	1,1
Senior bestuur (Vlak 13–16)	18 462	2,1	-	-	262	0,0	398	0,0
Totaal	627 040	71,4	8 379	1,0	26 873	3,1	49 199	5,6

3.2 Indiensneming en vakatures

Die onderstaande tabelle is 'n opsomming van die getal aktiewe poste op die diensstaat, die getal werknemers (uitgesluit internskappe en die Minister) en die persentasie aktiewe vakatures aan die einde van die boekjaar. Hierdie inligting word aangebied oor drie belangrike veranderlikes, naamlik: program (Tabel 3.2.1), salarisband (Tabel 3.2.2) en kritieke beroepe (Tabel 3.2.3). Alle inligting in hierdie afdeling word as 'n momentopname verskaf soos aan die einde van die oorsigjaar

Tabel 3.2.1: Indiensneming en vakatures per program, soos op 31 Maart 2020

Program	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Program 1	411	402	2,2
Program 2	1 137	1 120	1,5
Program 3	70	70	-
Program 4	842	795	5,6
Program 5	31	30	3,2
Totaal	2 491	2 417	3,0

Tabel 3.2.2: Indiensneming en vakatures per salarisband, soos op 31 Maart 2020

Salarisband	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Laer geskool (Vlak 1–2)	37	36	2,7
Geskool (Vlak 3–5)	1 115	1 072	3,9
Hoogs geskool: Produksie (Vlak 6–8)	1 044	1 024	1,9
Hoogs geskool: Toesighouding (Vlak 9–12)	271	262	3,3
Senior bestuur (Vlak 13–16)	24	23	4,2
Totaal	2 491	2 417	3,0

Tabel 3.2.3: Indiensneming en vakatures per kritieke beroep, soos op 31 Maart 2020

Kritieke beroep	Getal aktiewe poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %
Kinder – en jeugwerker	591	554	6,3
Opvoedingsbeampte	37	32	13,5
Maatskaplike werker	908	897	1,2
Staatsrekenmeester	37	34	8,1
Verskaffingskettingbestuurspraktisyn	12	12	-
Professionele verpleër	17	14	17,6
Totaal	1602	1543	3,7

Let wel: Kritieke beroepe verwys na beroepe wat noodsaaklik is vir dienslewering. Indien hierdie beroepe nie in die Departement teenwoordig is nie, sal die funksie/dienste ineenstort.

3.3 Posevaluering

Posevaluering is ingestel as 'n manier om te verseker dat werk van gelyke waarde gelyk vergoed word. Binne 'n raamwerk wat nasionaal vasgestel is, word daar van uitvoerende gesag verwag om elke nuwe pos in hulle organisasie te evalueer of om enige pos te herevalueer waar die mandaat of inhoud beduidend verander het. Hierdie posevalueringproses bepaal die gradering en salarisvlak van 'n pos. Daar moet begryp word dat posevaluering en personeelprestasiebestuur verskil in die sin dat posevaluering na die waarde/gewig van die aktiwiteite verwys wat met die pos gepaard gaan terwyl personeelprestasiebestuur na die beoordeling van 'n individu se prestasie verwys.

Tabel 3.3.1: Posevaluering, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Salarisband	Getal aktiewe poste soos op 31 Maart 2019	Getal poste geëvalueer	% poste geëvalueer	Poste opgegradeer		Poste afgegradeer	
				Getal	Poste opgegradeer as 'n % van die totale poste	Getal	Poste afgegradeer as 'n % van die totale poste
Laer geskool (Vlak 1–2)	37	23	0,9	0	0,0	0	0,0
Geskool (Vlak 3–5)	1 115	17	0,7	0	0,0	0	0,0
Hoogs geskool: Produksie (Vlak 6–8)	1 044	15	0,6	15	0,6	0	0,0
Hoogs geskool: Toesighouding (Vlak 9–12)	271	14	0,6	0	0,0	0	0,0

Salarisband	Getal aktiewe poste soos op 31 Maart 2019	Getal poste geëvalueer	% poste geëvalueer	Poste opgegradeer		Poste afgegradeer	
				Getal	Poste opgegradeer as 'n % van die totale poste	Getal	Poste afgegradeer as 'n % van die totale poste
Senior bestuur diensband A (Vlak 13)	19	2	0,1	0	0,0	0	0,0
Senior bestuur diensband B (Vlak 14)	4	0	0,0	0	0,0	0	0,0
Senior bestuur diensband C (Vlak 15)	1	1	0,0	0	0,0	0	0,0
Totaal	2 491	72	2,9	15	0,6	0	0,0

Let wel: Die "getal poste geëvalueer" per salarisband weerspieël die finale goedgekeurde posvlak na posevaluering. Poste is in hierdie boekjaar op- of afgegradeer as gevolg van nasionale maatstawwe/posevalueringsprosesse wat tydens vorige finansiële jare plaasgevind het en in hierdie oorsigtydperk geïmplementeer is. (Waar opgegradeerde poste gevul word, is die salarisopgradering van huidige posbekleërs onderworpe aan die voorsienings wat in die Staatsdiensregulasies, 2016, Hoofstuk 4, , Deel 1, 45 (2)) vervat is.

Tabel 3.3.2: Profiel van werknemers wie se salarisposisies opgegradeer is weens poste wat opgegradeer is, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Begunstigdes	Afrikaan	Gekleurd	Indiër	Wit	Totaal
Geen					

Let wel: Tabel 3.3.2 verskaf 'n uiteensetting van poste wat volgens tabel 3.3.1 opgegradeer is.

Tabel 3.3.3 is 'n opsomming van die getal gevalle waar salarislakke die graad wat deur die posevaluering bepaal is, oorskry het, of waar hoër kerwe binne 'n spesifieke salarislak aan werknemers toegestaan is. Elke salarislak bestaan uit 12 kerwe. Redes vir die afwyking word in elke geval verskaf.

Tabel 3.3.3: Werknemers in hoofberoep wat hoër salarisse toegestaan is as wat deur die posevaluering bepaal word, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Hoofberoep	Getal werknemers	Posevalueringsvlak	Vergoeding op hoër salarislak	Vergoeding op 'n hoër kerf van dieselfde salarislak	Rede vir afwyking
Geen					

Tabel 3.3.4: Profiel van werknemers wat hoër salarisse toegestaan is as wat deur die posevaluering bepaal word, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Begunstigdes	Afrikaan	Gekleur	Indiër	Wit	Totaal
Geen					

3.4 Veranderinge in indiensneming

Omsetkoerse gee 'n aanduiding van tendense in die indiensnemingsprofiel van die departement gedurende die oorsigjaar. Die onderstaande tabelle is 'n opsomming van omsetkoerse per salarisband (Tabel 3.4.1) en per kritieke beroep (Tabel 3.4.2). Hierdie afdeling bevat nie inligting oor internskappe nie.

Tabel 3.4.1: Jaarlikse omsetkoerse per salarisband, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Salarisband	Getal werknemers soos op 31 Maart 2019	Omsetkoers 2018/19	Aanstellings in die departement	Oorplasinge na die departement	Diensverlatings uit die departement	Oorplasinge uit die departement	Omsetkoers 2019/20
Laer geskool (Vlak 1–2)	27	29,4	12	0	0	0	0,0
Geskool (Vlak 3–5)	910	6,6	235	2	43	4	5,2
Hoogs geskool: Produksie (Vlak 6–8)	963	8,3	126	2	75	10	8,8
Hoogs geskool: Toesighouding (Vlak 9–12)	257	7,3	17	4	28	4	12,5
Senior Bestuur diensband A (Vlak 13))	19	0,0	1	0	2	0	10,5
Senior Bestuur diensband B (Vlak 14)	4	0,0	0	0	0	0	0,0
Senior Bestuur diensband C (Vlak 15)	1	0,0	0	0	0	0	0,0
Totaal	2 81	7,7	391	8	148	18	7,6
			399		166		

Let wel: "Oorplasinge" verwys na die sywaartse beweging van werknemers van een staatsdiensinstelling na 'n ander (provinsiaal sowel as nasionaal).

Tabel 3.4.2: Jaarlikse omsetkoerse per kritieke beroep, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Kritieke beroep	Getal werknemers soos op 31 Maart 2019	Omsetkoers 2018/19	Aanstellings in die departement	Oorplasinge na die departement	Diensverlatings uit die departement	Oorplasinge uit die departement	Omsetkoers 2019/20
Kinder- en jeugwerker	378	4,2	166	0	25	0	6,6
Opvoedingsbeampte	23	16,7	10	0	3	0	13,0
Maatskaplike werker	1 023	5,9	104	1	53	10	6,2
Staatsrekenmeester	37	7,7	1	0	5	1	16,2
Verskaffingskettingbestuurspraktisyn	12	0,0	1	0	1	0	8,3
Professionele verpleër	11	0,0	4	1	2	0	18,2

Kritieke beroep	Getal werknemers soos op 31 Maart 2019	Omsetkoers 2018/19	Aanstellings in die departement	Oorplasing na die departement	Diensverlatings uit die departement	Oorplasing uit die departement	Omsetkoers 2019/20
Totaal	1 484	5,7	286	2	89	11	6,7
			288		100		

Tabel 3.4.3: Personeel wat die diens van die departement verlaat het, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Kategorie van diensverlating	Getal	% van totale verlatings	Getal verlatings as 'n % van totale getal werknemers soos op 31 Maart 2019
Dood	6	3,6	0,3
Bedanking *	80	48,2	3,7
Verstryking van kontak	12	7,2	0,6
Afdanking – bedryfsveranderinge	0	0,0	0,0
Afdanking – wangedrag	8	4,8	0,4
Afdanking – ondoeltreffendheid	0	0,0	0,0
Drostery	2	1,2	0,1
Ontslag weens swak gesondheid	4	2,4	0,2
Aftrede	23	13,9	1,1
Werknemer-geïnisieerde skeidingspakket	0	0,0	0,0
Oorplasing na statutêre liggaam	0	0,0	0,0
Oorplasing na ander staatsdepartemente	18	10,8	0,8
Bevordering na ander WKR-departement	13	7,8	0,6
Totaal	166	100,0	7,6

Let wel: Tabel 3.4.3 identifiseer die verskeie kategorieë van diensverlatings vir daardie personelede wat die Departement se diens verlaat het. * Bedankings word verder in Tabel 3.4.4 en 3.4.5 bespreek.

Tabel 3.4.4: Redes waarom personeel bedank het, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Redes vir bedanking	Getal	% van totale bedankings
Beter vergoeding	5	6,3
Gesondheidsprobleme	6	7,5
Immigrasie	2	2,5
Gebrek aan bevorderingsgeleenthede	8	10,0
Aard van werk	1	1,3
Geen rede verskaf	23	28,8
Ander beroep	20	25,0
Eie onderneming	1	1,3
Persoonlik/Gesinsverwant	4	5,0
Verdere studie	1	1,3
Verplasing (Eggenoot)	3	3,8
Behoefte aan verandering van beroep	4	5,0
Werk/lewe-balans	2	2,5
Totaal	80	100,0

Tabel 3.4.5: Verskillende ouderdomsgroepe van personeel wat bedank het, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Ouderdomsgroep	Getal	% van totale bedankings
Ouderdom <19	0	0,0
Ouderdom 20 tot 24	1	1,3
Ouderdom 25 tot 29	15	18,8
Ouderdom 30 tot 34	12	15,0
Ouderdom 35 tot 39	15	18,8
Ouderdom 40 tot 44	7	8,8
Ouderdom 45 tot 49	11	13,8
Ouderdom 50 tot 54	11	13,8
Ouderdom 55 tot 59	5	6,3
Ouderdom 60 tot 64	3	3,8
Ouderdom 65 >	0	0,0
Totaal	80	100,0

Tabel 3.4.6 Werknemer-geïnisieerde skeidingspakkette.

Totale getal werknemers van werknemer-geïnisieerde skeidingspakkette aangebied in 2019/20	Geen
--------------------------------------------------------------------------------------------------	------

Tabel 3.4.7: Bevorderings per salarisband, 1 April 2019 tot 31 Maat 2020

Salarisband	Getal werknemers soos op 31 Maart 2019	Bevorderings na ander salarisvlak	Bevorderings as 'n % van totale werknemers	Bevorderings na ander kerf binne salarisvlak	Kerfbevorderings as 'n % van totale getal werknemers
Laer geskool (Vlak 1–2)	27	0	0,0	8	29,6
Geskool (Vlak 3–5)	910	7	0,8	303	33,3
Hoogs geskool: Produksie (Vlak 6–8)	963	14	1,5	375	38,9
Hoogs geskool: Toesighouding (Vlak 9–12)	257	14	5,4	98	38,1
Senior bestuur (Vlak 13–16)	24	0	0,0	21	87,5
Totaal	2 181	35	1,6	805	36,9

Let wel: Bevorderings weerspieël die salarisvlak van 'n werknemer na hy/sy bevorder is.

Tabel 3.4.8: Bevorderings per kritieke beroep, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Kritieke beroep	Getal werknemers soos op 31 Maart 2018	Bevorderings na 'n ander salarisvlak	Bevorderings as 'n % van totale werknemers in kritieke beroepe	Kerfvorderings binne 'n kritieke beroep	Kerfvorderings as 'n % van totale werknemers in kritieke beroep
Kinder- en jeugwerker	378	6	1,6	112	29,6
Opvoedingsbeampte	23	2	8,7	13	56,5
Maatskaplike werker	1 023	14	1,4	250	24,4
Staatsrekenmeester	37	0	0,0	20	54,1
Verskaffingskettingbestuurspraktisyn	12	0	0,0	9	75,0
Professionele verpleër	11	0	0,0	1	9,1
Totaal	1 484	22	1,5	405	27,3

Let wel: Bevorderings weerspieël die salarisvlak van 'n werknemer na hy/sy bevorder is.

3.5 Diensbillikheid

Tabel 3.5.1: Totale getal werknemers (insluitend werknemers met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2020

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	A	K/B	I	W	A	K/B	I	W	Manlik	Vroulik	
Topbestuur (Vlak 15–16)	0	0	0	1	0	0	0	0	0	0	1
Senior bestuur (Vlak 13–14)		5	0	3	1	7	0	4	0	0	22
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelvlakbestuur (Vlak 9–12)	29	81	1	8	55	174	2	32	0	0	382
Geskoolde tegnies en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, supervisors, voormanne en superintendente (Vlak 6–8)	123	178	1	13	270	479	4	42	1	2	1 113
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (Vlak 3–5)	155	274	1	4	143	282	0	12	0	0	871
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitneming (Vlak 1–2)	6	6	0	0	7	9	0	0	0	0	28
Totaal	315	544	3	29	476	951	6	90	1	2	2 417
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Groottotaal	315	544	3	29	476	951	6	90	1	2	2 417

A = Afrikaan; K/B = Gekleur/Bruin; I = Indiër; W = Wit

Let wel: Die syfers wat per beroepsvlak weerspieël word, sluit alle permanente, deelydse en kontrakwerkers in, maar sluit internskappe uit. Voorts word die inligting per salarislak aangebied en nie volgens posvlak nie. Raadpleeg Tabel 3.5.2 vir die getal werknemers met gestremdhede

Tabel 3.5.2: Totale getal werknemers (slegs met gestremdhede) in elk van die volgende beroepsvlakke, soos op 31 Maart 2020

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	A	K/B	I	W	A	K/B	I	W	A	K/B	
Topbestuur (Vlak 15–16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Senior bestuur (Vlak 13–14)	0	1	0	0	0	0	0	0	0	0	1
Professioneel gekwalifiseerde en ervare spesialiste en middelvlakbestuur (Vlak 9–12)	2	3	0	1	3	3	0	1	0	0	13
Geskoolde tegniese en akademies gekwalifiseerde werkers, junior bestuur, supervisors, voormanne en superintendente (Vlak 6–8)	1	1	0	2	1	4	0	1	0	0	10
Halfgeskoolde en diskresionêre besluitneming (Vlak 3–5)	2	2	0	0	0	0	0	0	0	0	4
Ongeskoolde en gedefinieerde besluitneming (Vlak 1–2)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Totaal	5	7	0	3	4	7	0	2	0	0	28
Tydlike werknemers	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Grooftotaal	5	7	0	3	4	7	0	2	0	0	28

A = Afrikaan; K/B = Gekleur/Bruin; I = Indiër; W = Wit

Let wel: Die syfers wat per beroepsvlak weerspieël word, sluit alle permanente, deeltydse en kontrakwerkers in, maar sluit internskappe uit. Voorts word die inligting per salarisvlak aangebied en nie volgens posvlak nie.

Tabel 3.5.3: Werwing, 1 April 2019 tot 31 Maart 2020

Beroepsvlak	Manlik				Vroulik				Buitelandse burgers		Totaal
	A	K/B	I	W	A	K/B	I	W	A	K/B	
Topbestuur (Vlak 15–16)	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
